

**Die bewerking van idioeme in tweetalige woordeboeke:
'n hulp vir vertalers?**

Liezl Gouws

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad van Magister Philosophiae (Vertaling)
aan die Universiteit van Stellenbosch**



**Studieleier: Prof. A.E. Feinauer
Medestudieleier: Prof. R.H. Gouws**


April 2006

Verklaring

Ek, die ondertekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:

Datum:



Bedankings

Ek wil graag dankie sê vir die volgende persone:

Prof. Ilse Feinauer, my studieleier, vir al haar leiding en ondersteuning.

Johan, vir al sy aanmoediging, ondersteuning en geduld.

My ouers, Rufus en Ilse Gouws, – vir alles.




Opsomming

Woordeboeke is 'n belangrike en noodsaaklike hulpmiddel vir vertalers, maar tog het baie vertalers gemengde gevoelens oor veral tweetalige woordeboeke. Terwyl hulle aan die een kant nie werklik daarsonder kan werk nie, bied tweetalige woordeboeke aan die ander kant dikwels vir die vertaler min of geen leiding. Redes word in hierdie studie ondersoek waarom tweetalige woordeboeke nie 'n voldoende hulpmiddel vir professionele vertalers is tydens die vertaling van idiome nie. In die proses word daar aandag geskenk aan teorieë oor en benaderings tot vertaling. Daar word veral klem gelê op drie belangrike werkswyses in vertaling, naamlik die linguistiese, tekslinguistiese en funksionalistiese benaderings. Daar word ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die leksikografie as vakgebied. Die problematiek van ekwivalensie binne die vertaalkunde sowel as die leksikografie word ook ondersoek. Die vertaling van idiome behels meer as net die vertaling van enkelwoorde. Daar word aandag gegee aan die kenmerke van idiome, sowel as probleme en metodes waarmee vertalers gekonfronteer word tydens die vertaling van idiome. Vervolgens word daar gekyk na die huidige bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke en daar word aandag gegee aan aspekte soos aanbieding, ekwivalensie, register en taalbousels. Op grond hiervan word daar 'n model voorgestel vir die verbeterde bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke.

Abstract

Dictionaries are important and necessary resources for translators, but still translators have mixed feelings regarding especially bilingual dictionaries. On the one hand, they cannot really work without them, but on the other hand the dictionaries often give the translator little or no help. In this study, reasons are examined as to why bilingual dictionaries aren't a sufficient resource for professional translators with regard to the translation of idioms. During the study attention is given to the theories regarding and the approaches to translation. The focus falls specifically on three important methods of translation, namely the linguistic, text linguistic and functionalist approaches. The development of lexicography as discipline is also examined. The translation of idioms entails more than just the translation of single words. Attention is given to the attributes of idioms, as well as the problems and methods with which translators are confronted during the translation of idioms. Subsequently attention is also given to the current treatment of idioms in bilingual dictionaries as well as aspects such as presentation, equivalence, register and language structures. Based on the evidence of this a model is suggested for the improved treatment of idioms in bilingual dictionaries.



INHOUDSOPGAWE

AFKORTINGS	9
-------------------------	----------

Hoofstuk 1:

INLEIDING	10
1.1 Agtergrond.....	10
1.2 Probleemstelling.....	11
1.3 Hipotese	11
1.4 Terreinafbakening	12
1.5 Metodologie.....	13
1.6 Verloop van die navorsing	14
1.7 Ten slotte.....	15

Hoofstuk 2:

DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERNAAMSTE TERSAAKLIKE BENADERINGS BINNE DIE VERTAALTEORIE EN DIE LEKSIKOGRAFIE	16
--	-----------

2.1 Inleiding	16
2.2 Die ontwikkeling van die vernaamste benaderings t.o.v. vertaling	17
2.2.1 Die linguistiese benadering.....	18
2.2.2 Die tekslinguistiese benadering	22
2.2.3 Die funksionalistiese benadering	26
2.3 Die probleem van ekwivalensie	30
2.4 Die ontwikkeling van die leksikografie	33
2.5 Ekwivalensie binne die leksikografie	36
2.6 Ten slotte.....	38


Hoofstuk 3:

DIE VERTALING VAN IDIOME	40
3.1 Wat is 'n idioom?	40
3.2 Probleme tydens die vertaling van idiome	45

3.3 Metodes vir die vertaling van idiome	47
3.4 Ten slotte.....	52

Hoofstuk 4:

DIE BEWERKING VAN IDIOME IN TWEETALIGE WOORDEBOEKE	54
4.1 Inleiding	54
4.2 Aanbieding	55
4.3 Vertaalekwivalente	60
4.3.1 Ekwivalensie	60
4.3.2 Absolute ekwivalensie.....	63
4.3.3 Gedeeltelike ekwivalensie en divergensie	64
4.3.4 Zero-ekwivalensie en surrogaatekwivalensie.....	68
4.3.5 Register- en ander verskille	70
4.4 Onvasthede by idiome.....	71
4.4.1 Opsionele bykomstige taalbousels	71
4.4.2 Opsionele bykomstige negatiewe woorde.....	73
4.4.3 Alternatiewe bykomstige taalbousels.....	75
4.5 Ten slotte.....	77



Hoofstuk 5:

'N MOONTLIKE MODEL VIR DIE BEWERKING VAN IDIOME IN TWEETALIGE WOORDEBOEKE	78
5.1 Aanbieding	79
5.2 Vertaalekwivalente	85
5.2.1 Ekwivalensie	85
5.2.2 Divergensie.....	86
5.2.3 Zero-ekwivalensie en surrogaatekwivalensie.....	89
5.2.4 Vals vriende (faux amis)	90
5.2.5 Regstreekse vertalings (leenvertalings).....	91
5.2.6 Register	92
5.3 Taalbousels.....	94
5.4 Ten slotte.....	96

Hoofstuk 6:


SLOT99

6.1 Samevatting99

6.2 Voorstelle vir verdere navorsing 100

BRONNELYS102

BYLAE 1: FREKWENSIELYS VAN IDIOME..... 109



AFKORTINGS

Woordeboeke

GW	–	<i>Groot Woordeboek</i>
HAT	–	<i>Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal</i>
PAEW	–	<i>Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek</i>
TFW	–	<i>Tweetalige Frasewoordeboek</i>
VAW	–	<i>Verklarende Afrikaanse Woordeboek</i>

Ander

BT	–	Brontaal
BT-idioom	–	Brontaalidioom
DT	–	Doeltaal
DT-idioom	–	Doeltaalidioom
T1	–	Eerste taal
T2	–	Tweede taal



Hoofstuk 1

INLEIDING

"The dictionary is the reference book that is most generally associated with translating. It might even stand as the symbol for it, but it is an instrument to be used with caution and discernment."

~ Pinchuck 1977:223

1.1 Agtergrond

Baie vertalers het gemengde gevoelens oor tweetalige woordeboeke. Terwyl hulle aan die een kant nie werklik daarsonder kan werk nie, bied tweetalige woordeboeke aan die ander kant dikwels vir die vertaler min of geen leiding.

Leksikograwe is deeglik bewus van die tekortkominge wat daar in tweetalige woordeboeke voorkom en streef voortdurend daarna om woordeboeke daar te stel wat werklik aan hul gebruikers se behoeftes kan voldoen.

Tog is die probleem nie so maklik om op te los nie. Volgens Crafford dui ontwikkelings in die vertaalstudie daarop dat die status van die woordeboek as hulpbron by vertaling bevraagteken word (2005:1). Die waarskynlike rede hiervoor is dat die meeste woordeboeke staties en woordgebonde is, terwyl daar binne die nuutste benaderings en teorieë in vertaling algemeen aanvaar word dat die klem nie meer val op die vertaling van woorde en sinne nie, maar op die vertaling van tekste. Dit behels dat 'n bestaande teks herkonstrueer word om 'n nuwe teks te skep. Dit gaan dus nie meer oor die betekenis van 'n woord wat vertaal word nie, maar eerder oor die betekenis van 'n teks binne 'n betrokke konteks.

Die vertaling van idioome is selfs nog meer problematies as die vertaling van los woorde of sinne. By idioome gaan dit immers nie oor 'n versameling los woorde nie, maar oor 'n leksikale eenheid waarvan die betekenis meer is as bloot die samestelling van sy onderskeie woordelemente. Die swak

aanbieding en bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke, maak dit vir vertalers selfs nog moeiliker om idioome korrek te vertaal.

1.2 Probleemstelling

- Is tweetalige woordeboeke 'n voldoende hulpmiddel vir professionele vertalers met die vertaling van idioome?
- Watter vereistes stel professionele vertalers aan tweetalige woordeboeke wat betref die vertaling van idioome?
- Hoe kan tweetalige woordeboeke aangepas word tot 'n beter hulpmiddel vir vertalers met die vertaling van idioome?

1.3 Hipotese

Tweetalige woordeboeke is nie 'n voldoende hulpmiddel vir vertalers met die vertaling van idioome nie.

Ten einde hierdie induktiewe hipotese te operasionaliseer, is dit nodig om die begrip "voldoende" te omskryf.

Wanneer die stelling gemaak word dat tweetalige woordeboeke nie 'n "voldoende" hulpmiddel is vir vertalers tydens die vertaling van idioome nie, word daar bedoel dat tweetalige woordeboeke nie 'n bevredigende, genoegsame of toereikende hulpmiddel is nie. Tweetalige woordeboeke is nie *bevredigend* nie omdat daar tekortkominge is in die bewerking van idioome en dit soms 'n meer frustrerende as bruikbare hulpmiddel is. Nie net word idioome nie volledig genoeg bewerk in tweetalige woordeboeke nie, maar daar word ook selde aan die gebruiker enige leiding gegee ten opsigte van die register waarbinne idioome gebruik moet word. Die vertaler moet dus telkemale staatmaak op sy/haar intuïsie omdat die woordeboek nie die nodige hulp verskaf nie. Die bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke kan voorts ook gesien word as *ongenoegsaam*, omdat die gebrekkige bewerking van idioome vertalers dwing om ander bronne te raadpleeg ten einde die nodige hulp rakende die vertaling van 'n betrokke idioom te kry. Laastens kan

die bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke ook gesien word as *ontoereikend* omdat die woordeboeke weens die feit dat hulle baie woordgebaseerd is, nie kan voorsien in die behoeftes van vertalers wat teksmatig vertaal nie.

Dit is ook belangrik om presies te weet waarna verwys word as daar gepraat word van idioome. 'n Idioom kan gedefinieer word as 'n vaste uitdrukking wat min of geen variasie in vorm toelaat en waarvan die betekenis meer is as slegs 'n kombinasie van die betekenis van die idioom se onderskeie dele (Sien ook 2.5.1 vir 'n meer volledige bespreking van wat 'n idioom is) (Baker 1992: 63; Complete Translation 2005; Cruse 1986:37).

1.4 Terreinafbakening

In hierdie ondersoek word daar gekonsentreer op algemene tweetalige woordeboeke, omdat dit die algemeenste bron is wat vertalers raadpleeg met die vertaling van idioome. Dit is gewoonlik eers nadat die tweetalige woordeboek nie aan die vertaler die nodige inligting kon verskaf nie, dat hy of sy hom of haar sal wend na ander meer gespesialiseerde woordeboeke ten einde 'n voldoende bewerking te kry van die idioom wat vertaal moet word. Die woordeboeke wat gebruik word in hierdie studie is *Groot Woordeboek* (1997) en *Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek* (2005). Daar word egter ook tydens die verloop van die studie na ander algemene tweetalige woordeboeke verwys.

Die ondersoek word benader vanuit die oogpunt van professionele vertalers wat daagliks binne die bedryf gekonfronteer word met die vertaling van idioome in allerlei tekste en kontekste, eerder as vertalers in opleiding of aanleerders van 'n vreemde taal. Die rede hiervoor is dat die vertalings wat binne die klaskamersituasie gedoen word, anders is as dié wat binne 'n bepaalde kommunikatiewe situasie gedoen word (Snell-Hornby 1992:100).

Die taalpaar wat ondersoek word, is Afrikaans en Engels, met die rigting van vertaling uit Engels in Afrikaans (uit T2 in T1). Die rede hiervoor is dat daar in

Suid-Afrika 'n groot verskeidenheid tekste in Engels gegenereer word wat daarna na behoefte in Afrikaans vertaal word. Idiome vorm 'n belangrike deel van taal en idiomatiese taalgebruik kom algemeen voor in sowel tegniese as literêre tekste. Gevolglik sal daar nie gefokus word op slegs een van hierdie tipes tekste nie, maar daar sal aandag gegee word aan die vertaling van 'n paar algemene en/of problematiese idiome wat gereeld in beide hierdie tipes tekste aangetref word.

1.5 Metodologie

Die hipotese wat in 1.3 geformuleer is (dat tweetalige woordeboeke 'n onvoldoende hulpmiddel is vir vertalers met die vertaling van idiome), is induktief van aard omdat dit gebaseer is op 'n probleem wat na aanleiding van die navorser se persoonlike waarnemings en ervarings geïdentifiseer is. Die hipotese word ondersoek aan die hand van vertaalteoretiese sowel as leksikografiese literatuur, ten einde vas te stel of dit waar bewys kan word en of dit deur die literatuur weerlê word.

Daar word op 'n verkennende en beskrywende wyse ondersoek ingestel na die tweetalige woordeboek as hulpmiddel by die vertaling van idiome. Dit behels onder meer dat daar ondersoekend te werk gegaan sal word deur vanaf die praktyk en die teks te gaan na die woordeboek om vas te stel watter (indien enige) hulp daar aan die vertaler gebied word tydens die vertaling van idiome.

'n Paar algemeen gebruikte idiome sal gekies word as voorbeeldmateriaal en daar sal dan na die tweetalige woordeboek gegaan word om te kyk hoe hierdie betrokke idiome tans bewerk word en hoe die bewerking daarvan verbeter kan word om werklik aan die behoeftes van vertalers te kan voldoen. Die idiome wat gebruik sal word, is gekies na aanleiding van 'n frekwensietelling wat gedoen is van algemeen gebruikte idiome in verskeie kopieë van Engelse tydskrifte en koerante wat deur die algemene publiek gelees word, insluitend *YOU Magazine*, *Fair Lady* en *The Cape Times*. Die volledige lys idiome, hul frekwensietellings en 'n volledige beskrywing van die

metode wat gebruik is tydens die samestelling van dié lys, kan aangetref word in Bylae 1.

In die navorsing waaroor hieronder verslag gedoen word, kom daar ook 'n toegepaste navorsingskomponent voor. Daar sal aan die einde van die studie gepoog word om die teorie op die praktyk toe te pas en 'n praktiese model te ontwerp wat in tweetalige woordeboeke gebruik kan word en daarop gerig is om die vertaling van idiome 'n toegankliker en meer geslaagde proses te maak.

1.6 Verloop van die navorsing

In hoofstuk 1 word daar aandag gegee aan die rasionaal vir die studie en die navorsingsontwerp. In hoofstuk 2 sal daar gekyk word na die ontwikkeling van die vernaamste tersaaklike benaderings en teorieë binne die vertaalteorie, sowel as die leksikografie. Daar sal ook in hierdie hoofstuk gekyk word na die begrip "ekwivalensie" en die rol wat dit speel binne sowel die vertaalteorie as die leksikografie. In hierdie hoofstuk word daar ook aandag gegee aan die vertaling van idiome soos dit tans plaasvind.

In hoofstuk 3 word daar aandag gegee aan 'n meer volledige beskrywing van wat idiome is en die verskillende tipes idiome wat onderskei kan word. Daar sal ook gekyk word na probleme tydens die vertaling van idiome, sowel as die metodes wat gebruik word om idiome te vertaal.

Hoofstuk 4 word gebruik om te kyk na die bewerking van enkele algemeen gebruikte idiome in *Groot Woordeboek* en *Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek*. Daar sal gekyk word na die problematiek wat betref die huidige bewerking van idiome en die redes waarom die bewerking soos dit nou aangetref word in tweetalige woordeboeke, problematies is vanuit 'n vertalersoogpunt.

Voorts word daar in hoofstuk 5 gepoog om voorstelle te maak vir die verbetering van die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke en daar


word ook 'n model daargestel wat prakties wys hoe die aanbod van idiome in sodanige tipe woordeboeke verbeter kan word om vertalers van meer hulp te wees.

Die ondersoek word in hoofstuk 6 afgesluit met o.a. voorstelle vir verdere studiemoontlikhede.

1.7 Ten slotte

Die aanvangshipotese van hierdie studie is dat tweetalige woordeboeke nie 'n voldoende hulpmiddel vir vertalers is met die vertaling van idiome nie. Indien hierdie induktiewe hipotese aan die hand van 'n literatuurondersoek korrek bewys word, beteken dit nie dat die bestaande tweetalige woordeboeke vir vertalers van slegs beperkte nut is tydens die vertaling van idiome nie.

Die navorsing wat in hierdie studie volg, bewys wel dat die aanbod van idiome in tweetalige woordeboeke meer gebruikgerig kan wees en dat daar talle maniere is om die bewerking van idiome aan te pas sodat dit meer aan die vertalers se spesifieke behoeftes kan voldoen en vertalers werklik kan help tydens die vertaling van idiome.



Hoofstuk 2

DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERNAAMSTE TERSAAKLIKE BENADERINGS BINNE DIE VERTAALTEORIE EN DIE LEKSIKOGRAFIE

"We have here indeed what may very probably be the most complex type of event [the communication process in translating] yet produced in the evolution of the cosmos".

~ Richards in Nida 1964:10

2.1 Inleiding

Die vertaalpraktyk is reeds eeue oud met die eerste melding daarvan wat reeds dateer uit Egipte rondom 3000 v.C. (Schäffner 1997:1). Een van die bekendste en oudste bewysstukke van vertaling is die Rosettasteen wat dateer uit 190 v.C. en wat inskripsies bevat in drie tale: Egiptiese hiërogliewe, Egiptiese demotiese skrif en Grieks. Nida noem reeds in 1964 dat daar op geen tyd in die geskiedenis soveel mense was wat soveel tyd en moeite ingesit het in vertalings soos juis toe nie (1964:1). Vandag het die aantal vertalers dwarsdeur die wêreld selfs nog meer toegeneem. Die ontwikkeling van die vertaalpraktyk is een van die faktore wat aanleiding gegee het tot die leksikografiese praktyk en gelei het tot die ontstaan van tweetalige woordelyste – ter wille van praktiese steun by tussentalige kommunikasie (Crafford 2005:6).

Sowel die vertaalteorie as die leksikografie is aanvanklik gesien as onderafdelings van die taalkunde en die teorievorming van albei hierdie studierigtings is dus beïnvloed deur ontwikkelinge en verwickelinge binne die linguïstiek as wetenskaplike vakgebied.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die vernaamste tersaaklike ontwikkelings in sowel die vertaalteorie as die leksikografie en na die rol wat ekwivalensie binne beide hierdie vakgebiede speel.

2.2 Die ontwikkeling van die vernaamste benaderings t.o.v. vertaling

Alhoewel intertalige vertaling vir jare deur die mens beskou is as 'n "practical necessity" (Nida 1964:1), is vertaalstudie eers in die tweede helfte van die twintigste eeu gevestig as akademiese dissipline. Vertalers het begin nadink oor wat dit is wat hulle doen, naamlik die kry van 'n oorspronklike teks wat geskep is in 'n oorspronklike taal en wat herskryf moet word in 'n ander taal. Die feit dat vertalers begin nadink het oor hulle werk, het aanleiding gegee tot die vestiging van vertaalstudie as nuwe akademiese dissipline in die laat 1960's en vroeë 1970's en het behels dat die fokus verskuif het van die bestudering van vertaling as slegs 'n onderafdeling van tweedetaal- en vreemdetaalonderrig en -leer, na 'n studie van die proses en produk van vertalings (Munday 2001:9). Verskynsels binne vertaling is bestudeer en beskryf en dit het daartoe aanleiding gegee dat bepaalde teoretiese beginsels geformuleer is ten einde hierdie verskynsels te kon verduidelik en voorspel (Munday 2001:4).

Aanvanklik het die bestudering van die verskynsel van vertaling behels dat die bronteks en doelteks met mekaar vergelyk is. Gevolglik is daar ook talle sentrale konsepte in die vertaalteorie (onder andere die konsep van ekwivalensie) wat berus op die studie van die verhouding tussen bronteks en doelteks (Crafford 2005:8).

Die drie belangrikste benaderings tot vertaling is die linguistiese, die tekslinguistiese en die funksionalistiese benaderings. Die **linguistiese** benadering is die oudste van die drie en het gewoonlik 'n baie letterlike vertaling tot gevolg, dit wil sê 'n vertaling waar daar woord vir woord vertaal word en waar die doelteks so na moontlik moes wees aan die bronteks (Crafford 2005:8). Die **tekslinguistiese** benadering fokus meer op die teks

as geheel en lê klem op die situasie en kultuur waarbinne daar vertaal word. Binne hierdie benadering is dit nie so belangrik dat die teks woord vir woord ekwivalent is nie, maar eerder dat die funksie van die bronteks en die funksie van die doelteks dieselfde moet wees. Terwyl beide die linguistiese en tekslinguistiese benaderings bronteks-georiënteerd is, is die **funksionalistiese** benadering eerder gerig op die doelteksleser. Anders as die linguistiese en tekslinguistiese benaderings, is hierdie benadering nie preskriptief en retrospektief nie, maar wel 'n benadering wat vooruit kyk na die funksie van die doelteks binne die doelkultuur. Die bronteks word nie meer gesien as die maatstok van 'n suksesvolle vertaling nie en die bronteks en idee van ekwivalensie word as 't ware onttroon (Naudé 2000:5). Terwyl die linguisties-georiënteerde benaderings 'n vertaling slegs as 'n vertaling beskou wanneer dit ekwivalent is aan die bronteks, word 'n vertaling binne die funksionalistiese benadering beskou as 'n vertaling wanneer dit binne die doelkultuur kan funksioneer as 'n teks. Die teks se doel en funksie binne die doeltaal bepaal dan ook watter aspekte en elemente in die bronteks oorgedra sal word na die doelteks (Vermeer & Reiß in Naudé 2000:5).

Wanneer 'n mens kyk na hierdie drie benaderings kan 'n mens sien dat daar deur die jare binne die vertaalstudie 'n aantal klemverskuiwings plaasgevind het. In die volgende gedeelte word hierdie drie benaderings in groter besonderhede bespreek en daar word gekyk na die wyse waarop en waarom hierdie klemverskuiwings plaasgevind het.

2.2.1 Die linguistiese benadering

"Translation is the operation which consists in transferring from one language to another all the meaning elements of a text, and nothing but these elements, making sure that in the target language they preserve both their relative importance and also their tonality, and taking account of the differences between the cultures of the source and target languages."

~ Darbelnet in Schäffner 1997: 3

"A translator who does not translate literally pretends to be 'master of the word' instead of 'servant of the word'. It is the translator's duty to be faithful to the words, structures and sounds of the original."

~ Schuler in Nord 2001:190

In die 1950's/1960's is die generatiewe linguistiek deur Noam Chomsky gevestig as 'n akademiese dissipline. Hierdie dissipline het beskik oor spesifieke metodes om dié vakgebied se onderwerp sistematies en met wetenskaplike nougesetheid te bestudeer en veral aandag te gee aan die mees basiese strukture binne taal (Munday 2001:39). Onder leiding van Eugene Nida het die linguistiese benadering in vertaling hieruit voortgespruit. Hierdie benadering tot vertaling is 'n normatiewe en preskriptiewe benadering wat beskryf kan word as 'n operasie wat uitgevoer word op tale, en meer spesifiek, 'n proses van linguistiese transkodering (Schäffner 1997:3). Met hierdie benadering verskaf Nida aan die vertaler 'n tegniek om die brontaal te dekodeer en die doeltaal te enkodeer. Vertaling word gesien as 'n spesifieke, dalk unieke, tipe taalgebruik. Dit neem nie eksterne of ekstralinguistiese faktore in ag nie, maar konsentreer eerder op die sistematiese verhoudings tussen die bron- en doeltale (Neubert & Shreve 1992:19; Schäffner 1997:3). Die oppervlakstruktuur van die brontaal word as 't ware opgebreek tot in die basiese elemente van die dieptestruktuur en dit word dan tydens die vertaalproses oorgedra en semanties en stilisties weer binne die oppervlakstruktuur van die doeltaal geherstruktureer (Munday 2001:39). Volgens Nida bestaan vertaling dus uit drie stadia: ontleding ("analysis"), oordrag ("transfer") en herstrukturering ("restructuring"). Tydens ontleding word die oppervlakstruktuur ontleed op grond van die betekenisvolle verhoudinge tussen woorde en woordkombinasies, die referensiële ontleding van woorde en spesiale woordkombinasies, en word betekenis konnotatief ontleed. Daarna word die ontlede materiaal deur die vertaler se denkprosesse oorgedra vanaf die brontaal na die doeltaal en dan uiteindelik word die materiaal weer herstruktureer om die finale boodskap ten volle aanvaarbaar te maak in die doeltaal (Picard 1988:12). Hierdie benadering tot vertaling het dus behels dat 'n doelteks so getrou moontlik moet wees aan die

bronteks. Die bronteks is ook gesien as die maatstaf waaraan die sukses van die doeltteks gemeet moes word.

Buiten Nida was linguiste soos die Britte Peter Newmark en John Catford en die Duitser Wolfram Wilss ook van die belangrike rolspelers in die vestiging van die linguistiese benadering. Nida was egter die eerste persoon wat die term "ekwivalensie" gevestig het. Ekwivalensie het verwys na die verhouding tussen die bronteks en die doeltteks en ook die verhouding tussen die kleiner elemente van 'n teks.

Die linguiste het 'n "bottom-up"-benadering tot vertaling gevolg, waar daar eers gekyk is na ekwivalensie tussen die kleiner deeltjies van 'n teks, naamlik die morfeme, woorde en frases en daarna gekyk is na ekwivalensie tussen die groter dele soos die sinne en paragrawe. Catford beskryf die proses as volg:

"[Translation is] a linguistic operation consisting of the substitution of source-language grammatical and lexical elements with equivalent target-language grammatical and lexical elements, together with the simultaneous exchange of source-language phonological and/or graphological elements for target-language phonological and/or graphological elements."

~ Catford in Hermans 1994:11

Dit was na aanleiding van sommige Bybelvertalings waar daar begripsprobleme ontstaan het as gevolg van kulturele verskille tussen die brontaallesers en die doeltaallesers, dat Nida begin onderskei het tussen formele ekwivalensie en dinamiese ekwivalensie. Hy beskryf die twee vorme van ekwivalensie as volg:


"Formal equivalence means concern 'that the message in the receptor language should match as closely as possible the different elements in the source language.' In contrast, a 'translation of dynamic equivalence aims at complete naturalness of expression,

and tries to relate the receptor to modes of behaviour relevant within the context of his own culture ..."

~ Nida in Schöffner 1997:4

Formele ekwivalensie kan dus gesien word as vertalings wat baie letterlik of woord-vir-woord is en waar vertaling op 'n leksikale en grammatiese vlak plaasvind. By hierdie vorm van ekwivalensie word daar gekyk dat die vertaling van woorde en sinne so na moontlik bly aan die bronteks. Volgens Nida is formele ekwivalensie die volgende:

" ... a formal equivalence (or F-E) translation is basically source-oriented; that is, it is designed to reveal as much as possible of the form and content of the original message. In doing so, an F-E translation attempts to reproduce several formal elements, including: (1) grammatical units, (2) consistency in word usage, and (3) meanings in terms of the source context. The reproduction of grammatical units may consist in: (a) translating nouns by nouns, verbs by verbs, etc.; (b) keeping all phrases and sentences intact ...; and (c) preserving all formal indicators, e.g. marks of punctuation ..."



~ Nida in Wilss 1982:92

Daarenteen kan dinamiese ekwivalensie gesien word as 'n vryer manier van vertaling. By dinamiese ekwivalensie (wat meer doeltaal-georiënteerd is) was dit vir Nida belangrik dat die doelteks dieselfde effek op die doeltaalleser sal hê as wat die bronteks op die brontaalleser het (1964:159). In sodanige gevalle is dit belangrik dat die boodskap so na moontlik aan dié van die bronteks sal bly, en daar word nie soseer op die betekenis gefokus nie. By dinamiese ekwivalensie was dit vir Nida van groter belang dat ekwivalensie op konseptuele vlak bereik word, eerder as op leksikale of grammatiese vlak. Daar moet so vertaal word dat dieselfde boodskap aan die doeltaalleser as aan die brontaalleser oorgedra word.


Vir die linguïste was 'n ideale vertaling een waar *die bronteks = die doelteks*. Die vertaalde teks moet dus baie presies wees (Picard 1988:13), of soos

Newmark dit beskryf, "as literally accurate as possible" (Schäffner 1997:3) en slegs dié tipe vertaling het as "translation proper" bekend gestaan. Só 'n vertaling is egter feitlik onmoontlik, omdat vertaling 'n eenrigtingproses en nie 'n tweerigtingproses is nie. Indien dit waar was dat *die bronteks* = *die doelteks*, sou 'n mens gevind het dat indien 'n vertaler die doelteks sou terugvertaal na die brontaal, die terugvertaalde teks presies sou ooreenstem met die oorspronklike bronteks. Tog gebeur dit baie selde dat die terugvertaalde teks en die oorspronklike teks volledig met mekaar ooreenstem, omdat daar soveel verskillende maniere is waarop dieselfde boodskap vertaal kan word. Omdat die vertaalproses ook nie gaan oor die vertaling van woorde en grammatikale vorme nie, maar oor die vertaling van 'n spesifieke kommunikatiewe funksie, het die beperkinge van die linguïstiese benadering gou na vore gekom en dit het aanleiding gegee tot die tekslinguïstiese benadering.

2.2.2 Die tekslinguïstiese benadering

"... [T]he text [is] the basic unit of communication and therefore ... the primary object of research ..."

~ Schäffner 1997:4



Binne die tekslinguïstiese benadering word die vertaling nie meer gedefinieer op grond van die transkodering van linguïstiese tekens nie, maar dit handel om die hertekstualisering van die bronteks. Die fokus skuif van die reproduksie van betekenis na die reproduksie van tekste. Binne hierdie benadering kan vertaling gesien word as 'n semantiese en pragmatiese rekonstruksie van die bronteks (Naudé 2000:3). Albrecht Neubert, een van die tekslinguïste, definieer vertaling as volg: "source-text induced target-text production" (Neubert 1985:18).

Die tekslinguïste se basiese aanname ten opsigte van vertaling, is dat die bronteks en die doelteks nie net verskil ten opsigte van sinskonstruksies (wat bepaal word deur die onderskeie linguïstiese stelsels) nie, maar ook ten opsigte van ander beperkings buite die grense van die sinne (Neubert &

Shreve 1992:22). Binne die tekslinguistiek word die sintaktiese, semantiese en pragmatiese dimensies van tekste bestudeer binne hulle interverhoudinge en daar word meer aandag geskenk aan die feit dat vertalers altyd te doen het met 'n teks binne 'n situasie en 'n kultuur waarbinne hierdie teks 'n spesifieke funksie moet verrig.

Alhoewel die linguistiese en die tekslinguistiese benaderings op sommige gebiede versoenbaar is, soos in die uitgangspunt dat die bronteks die maatstaf moet wees vir die bepaling van 'n vertaling se kwaliteit, sowel as die feit dat albei hierdie benaderings retrospektief is, is daar ook belangrike verskille. Vir die tekslinguiste is die teks as geheel die eenheid wat vertaal moet word (Naudé 2000:3) en dit is die vertaler se taak om die bronteks so te vertaal dat die optimale mate van vertaalekwivalensie gewaarborg word (Wilss 1982:116).

Terwyl die linguistiese benadering glo dat 'n ideale vertaling is waar *bronteks* = *doelteks*, glo die tekslinguiste dat 'n ideale vertaling is wanneer *funksie van bronteks* = *funksie van doelteks*. Hierdie benadering kyk eerder na ekwivalensie op die makrostrukturele vlak (die tekstuele en kommunikatiewe vlak) as op die mikrostrukturele vlak. Die tekslinguiste glo dat betekenis nie noodwendig sinsgebonde is nie en die model maak daarvoor voorsiening dat betekenisekwivalensie dwarsdeur die teks versprei kan wees, eerder as om net binne woorde en sinne geïsoleer te wees. Wanneer daar vertaal word, word die samestelling van semantiese waarde en pragmatiese funksie binne die bronteks as 't ware na die doelteks oorgedra.

Anders as die linguistiese benadering, volg die tekslinguistiese benadering nie 'n "bottom-up"-benadering nie, maar 'n "top-down"-benadering (sien figuur 1). Vir die tekslinguiste is dit nie nodig dat daar noodwendig ooreenkomste of ekwivalensie tussen die segmente (morfeme, woorde en sinne) van die bronteks en die doelteks hoef te wees nie. Dit is ook nie vir die tekslinguiste belangrik hoe die afsonderlike woorde vertaal word nie. Volgens hulle "only texts can be translated, never words" (Naudé 2000:3). Wat wel belangrik is, is dat die teks as geheel vertaal word en dat die doelteks se funksie dieselfde

sal wees as die bronteks se funksie. Vermeer het gevoel dat die ideaal in hierdie geval sou wees om die teks te vertaal m.b.v. die "top-down"-benadering, maar dan die resultate te toets deur gebruik te maak van die "bottom-up"-benadering. Volgens hom is leksikale ekwivalensie nie so belangrik nie, maar eerder ekwivalensie op tekstuele en kommunikatiewe vlak. Hy voel wel dat die "bottom-up"-benadering handig is om na te gaan of die korrekte woorde gebruik is en om seker te maak dat dieselfde boodskap en betekenis wat in die bronteks voorkom, ook in die doelteks aangetref word (Feinauer 2004).



Figuur 1: Die "top-down"-benadering

Buiten Albrecht Neubert was daar ook ander belangrike name binne die tekslinguistiese benadering. Twee ander belangrike rolspelers was Basil Hatim, en Ian Mason. Ook hulle het saamgestem dat vertaling binne die tekslinguistiese benadering nie die oordrag van betekenis is nie, maar dat dit die kommunikatiewe waardes van die bronteks is wat oorgedra word. Hulle het ook gevoel dat kennis van kruis-kulturele ooreenkomste en/of verskille belangrik is, sodat geskikte doeltekste geproduseer kan word (Schäffner 1997:6) Hulle noem verder dat ekwivalensie veel meer is as "merely a matter of entities between texts" en noem dat die vertaler juis daarom 'n belangrike rol speel in die proses van kruis-kulturele kommunikasie (Hatim & Mason 1990:35).

Katharina Reiß was een van die eerste persone om te wys op die belangrikheid van die kategorisering van tekste vir vertaaldoeleindes. Die doel van haar vertaling-georiënteerde tekstipologie was om streng kriteria daar te stel aan die hand waarvan die kwaliteit van vertalings vasgestel kon word. Aangesien sy ook een van die persone was wat gevoel het dat die teks as geheel, eerder as die woorde of sinne, die vlak is waarop gekommunikeer word en waar ekwivalensie gevind moet word, het sy, gebaseer op Karl Bühler se drie funksies vir taal ("*Darstellung*" ("Representation"), "*Ausdruck*" ("Expression") en "*Appell*" ("Appeal")) (Schäffner 1997:5 en Ipsen 1997), drie ooreenstemmende dimensies vir taal (logies, esteties en dialogies) en drie tekstipes (informatief, ekspressief en appellatief) daaruit afgelei. Die rede vir hierdie kategorieë was omdat sy gevoel het "the transmission of the predominant function of the ST [source text] is the determining factor by which the TT [target text] is judged" (Munday 2001:75). Sy stel daarom "specific translation methods according to text type" (Munday 2001: 75) voor.

Volgens Munday was Reiß se werk veral belangrik omdat dit vertaalteorie geneem het tot 'n vlak bo die oorweging van slegs die laer linguïstiese vlakke, naamlik die woorde op die bladsy en die effek wat die woorde skep. Sy het dit geneem tot op 'n nuwe vlak waar ook die kommunikatiewe doel van die vertaling in ag geneem word (2001:76).

Dat vertalings volgens Reiß 'n kommunikatiewe doel het wat in ag geneem moet word en die feit dat vertalers altyd te doen het met 'n teks binne 'n spesifieke situasie en kultuur, is later verder ontwikkel en daar is meer klem gelê op die doel van die doelteks. Die benadering waar die doelteks se funksie groter belangrikheid verwerf het, het later bekend geword as die funksionalistiese benadering.

2.2.3 Die funksionalistiese benadering

"... [T]exts are produced and received with a specific purpose, or function, in mind. The starting point for any translation is therefore not the (linguistic surface structure) of the source text, but the purpose of the target text ..."

~ Schäffner 1997:6

Hans Vermeer, tesame met Katharina Reiß, is die meesterbreine agter die funksionalistiese benadering. Terwyl Reiß se werk gefokus het op die kommunikatiewe doel wat verskeie tekstipes en vertalings het (sien 2.2.2), het Vermeer in sy proefskrif vertaling beskryf as 'n sosiale aksie wat uitgevoer word deur professionele persone en bepaal word deur 'n spesifieke doel (Hermans 1994:14). Christiane Nord sluit daarby aan deur te sê dat 'n vertaling nooit in 'n vakuum plaasvind nie en dat elke vertaling 'n spesifieke doel het wat bepaal word deur die opdrag vanaf die kliënt. Nord noem verder dat daar altyd 'n rede is waarom 'n teks vertaal moet word en dat hierdie redes ook meestal verskil van die redes waarom die bronteks geskryf is (Walker et al. 1995:106). Anders as die outeur van die bronteks wat self-gemotiveerd kan wees, word die vertaler gewoonlik deur iemand anders gestimuleer om die teks te vertaal en so 'n persoon word die inisieerder genoem (Naudé 2000:7).

Vir Vermeer is die doel van 'n vertaling die belangrikste aspek van die vertaling. Die woord wat hy gebruik om na die doel te verwys, is *skopos*, wat afgelei is van die Griekse woord *skopós* wat doel of objektief beteken. Die skoposteorie lê bowenal klem op die vertaalmetodes en -strategieë wat gebruik word om 'n funksionele produk daar te stel (Munday 2001:79). Omdat die funksionalistiese benadering soos reeds genoem, anders as die linguistiese en tekslinguistiese benaderings, nie preskriptief en retrospektief is nie, maar wel 'n benadering is wat vooruit kyk, word die bronteks nie meer as maatstaf gesien nie, en die bronteks en die idee van ekwivalensie word as 't ware onttroon (Naudé 2000:5). Terwyl die linguisties-georiënteerde benaderings 'n vertaling slegs as 'n vertaling beskou wanneer dit ekwivalent is

aan die bronteks, beskou Vermeer 'n vertaling as 'n vertaling wanneer dit binne die doelkultuur as 'n teks kan funksioneer. Die teks se doel binne die doeltaal bepaal dan ook watter aspekte en elemente in die bronteks oorgedra sal word na die doelteks (Vermeer & Reiß in Naudé 2000:5). Binne die funksionalistiese benadering kan 'n vertaling beskryf word as inligting wat in 'n doeltaal en -kultuur aangebied word oor inligting wat binne 'n brontaal en -kultuur aangebied is.

Alhoewel die skopos van die bronteks en die doelteks dieselfde kan wees, kan dit ook verskil. Omdat die doelteks heeltemal van die bronteks kan verskil, as gevolg daarvan dat die skopos van die twee tekste verskil, kan die geslaagdheid van 'n vertaling binne die funksionalistiese benadering nie meer (soos in die geval van die linguistiese en tekslinguistiese benaderings) gemeet word aan die bronteks nie, en kan daar nou ook vir een bronteks verskeie doeltekste bestaan. Die vertaling kan binne die funksionalistiese benadering as geslaagd beskou word indien die vertaling voldoen aan die vereistes van die "brief" (vertaalopdrag). Nord gaan verder deur te sê dat 'n kommunikatiewe interaksie slegs as geslaagd beskou kan word as die ontvangers dit kan interpreteer as koherent voldoende binne die doeltaalleser se situasie (Nord 1997b:32). 'n Vertaling kan dus as geslaagd gesien word indien die doelteks voldoen aan die vereistes van die vertaalopdrag en die teks funksioneel is binne die doel waarvoor dit vertaal is (Nord 1991:164). Laastens is dit ook belangrik dat die doelteks, om as 'n geslaagde vertaling gesien te word, nie sal lees soos 'n vertaalde teks nie, maar soos 'n oorspronklike teks.


Volgens Nord is die analise van die spesifieke vertaalopdrag (die doel of skopos van die vertaling), die eerste stap binne die vertaalproses (Naudé 2000:5). Die doel van die vertaling behoort uiteengesit te word in 'n uiteensetting (of "brief") – 'n stel vertaalinstruksies wat deur die kliënt verskaf behoort te word.

Die volgende stap is 'n analise van die bronteks om te bepaal wat die oorsigtelike boodskap ("gist") van die teks is en of die opdrag hoegenaamd

uitvoerbaar is. Indien die opdrag wel uitvoerbaar is, word die bronteks geanaliseer met behulp van 'n reeks vrae, soos uiteengesit in die onderstaande tabel:

VRAE	WAT 'N MENS DAARDEUR UITVIND
Wie is die sender?	Inligting oor die sender
Aan wie?	Wie is die lesersgroep
Waarvoor?	Sender se voorneme
Deur watter medium?	Bv. geskrewe, gesproke
Waar?	Oorsprong/herkoms van kommunikasie
Wanneer?	Tyd
Waarom?	Doel van kommunikasie
Doel van teks?	Bv. om in te lig, te oorreed, ens.
Oor watter onderwerp?	Bv. handel
Wat sê die teks?	Inhoud van teks
Wat sê die teks nie?	Voorveronderstellings wat deur sender gemaak is
In watter volgorde?	Konstruksie van die teks
Watter nie-verbale elemente word gebruik?	Nie-linguistiese elemente, bv. uitleg, grafika, toneelaanwysings, ens.
Watter bewoording?	Leksikale eienskappe, register
Watter tipe sinne?	Sintaktiese strukture
Watter toon?	Oorredend, sarkasties, ens.
Tot watter effek?	Opsomming van alle vorige vrae

Terwyl die bostaande vrae beantwoord word, is dit egter nodig om gereeld terug te verwys na die skopos om vas te stel watter aspekte van die bronteks in die doelteks behou gaan word en wat nie. Hierdie proses verseker dat die vertaler al die faktore wat 'n invloed gaan hê op die vertaalproses in ag neem sodat die doelteks sy funksie binne die doelkultuur kan vervul. In figuur 2 word al die stappe van hierdie proses grafies uitgebeeld.



Figuur 2: Nord se stappe binne die funksionalistiese benadering (Naudé 2000:7)

Nord het later (in 1989) die algemene skoposteorie aangepas deur die begrippe lojaliteit ("loyalty") en konvensie ("convention") by te voeg om die andersins onbeperkte verskeidenheid moontlike funksies of skopoi te beperk. Volgens haar het sy die begrip lojaliteit ingebring "in order to account for the cultural specificity of translation concepts" (Nord 2001:185). Nord beskryf lojaliteit as "a moral category which permits the integration of culture-specific conventions into the functionalist model of translation" (Nord in Walker et al. 1995:107). Om lojaal te wees, beteken dus onder andere dat die vertalers die konvensies van die spesifieke vertaalsituasie in ag sal neem.

Volgens Nord staan haar benadering tot vertaling op twee belangrike pilare: funksionalisme en lojaliteit. Deur hierdie twee aspekte te kombineer, kan die vertaler nou poog om 'n funksionele doelteks daar te stel wat konformeer aan die spesifikasies van die kliënt (of inisieerder) se uiteensetting ("brief") en aanvaar word deur die doelkultuur.

Die eindproduk binne hierdie benadering is 'n teks wat slaag in die oë van die kliënt, sowel as in die oë van die doeltaallesers. Die ideale vertaling is dus een waar die kliënt tevrede is met die produk en waar die doeltaalleser die teks verstaan.

2.3 Die probleem van ekwivalensie

"Equivalence can be said to be the central issue in translation although its definition, relevance, and applicability within the field of translation theory have caused heated controversy ..."

~ Leonardi 2000:1

Die konsep van "ekwivalensie" is seker van die mees kontroversiële twispunte binne die vertaalteorie. Deur die jare is die term ekwivalensie al deur baie verskillende vertaalteoretici op 'n menigte verskillende maniere gedefinieer, afhange van watter elemente die vertaalteoretici as belangrik geag het binne die brontaal en die doeltaal. Juis as gevolg van hierdie verskillende definisies van die term, wissel die presiese betekenis hiervan van skrywer tot skrywer.

Die linguistiese vertaalteorieë is gebaseer op die beginsels van ekwivalensie (Nord 1997a:43). Binne hierdie linguistiese benaderings tot vertaling word die vertaalproses gereduseer tot bloot 'n linguistiese oefening waartydens kulturele, tekstuele en ander situasionele faktore wat 'n rol kan speel tydens die vertaalproses heeltemal geïgnoreer word (Shuttleworth & Cowie 1997:50). Gevolglik het verskeie vertaalteoretici ekwivalensie al beskryf as iets wat op verskillende maniere binne vertalings aangetref word. Daar is dus binne die verskillende vertaalteorieë ook verskillende elemente wat ekwivalent aan mekaar moet wees sodat die doeltteks uiteindelik gesien kan word as 'n geslaagde vertaling. Vir Oettinger is ekwivalensie tussen die "linguistiese elemente" belangrik, Catford fokus op ekwivalensie van die "tekstuele materiaal", vir Nida en Taber is dit belangrik dat die "boodskap" ekwivalent sal wees en vir Neubert hang ekwivalensie daarvan af of die "kommunikatiewe waarde" van die bron- en doeltteks ekwivalent is (Nord 1997a:43).

Die baie verskillende sienings van watter elemente ekwivalent moet wees binne 'n geslaagde vertaling, het natuurlik aanleiding gegee tot verskillende tipes en vlakke van ekwivalensie. Terwyl Nida onderskei tussen formele en dinamiese ekwivalensie (sien 2.2.1), tref Kade 'n onderskeid tussen die

volgende vlakke van ekwivalensie (Shuttleworth & Cowie 1997:50; Trosborg 2000:34):

- *volledige ekwivalensie* ('n een-tot-een-verhouding)
- *fakultatiewe ekwivalensie* ('n een-tot-meer-as-een-verhouding)
- *benaderde ekwivalensie* ('n een-tot-gedeeltelike-verhouding)
- *zero ekwivalensie* ('n een-tot-geen-verhouding).

Ook Koller onderskei tussen vyf tipes ekwivalensie (Shuttleworth & Cowie 1997:50; Crafford 2005:23; Sorva 2002):

- *referensiële of denotatiewe ekwivalensie* wat betrekking het op die ekstralinguistiese inhoud van 'n teks
- *konnotatiewe ekwivalensie* wat betrekking het op leksikale keuses en die sosiale, emotiewe en stilistiese konnotasies beïnvloed wat aan die teks of woord geheg word
- *teks-normatiewe ekwivalensie* wat betrekking het op die verskillende tekstipes en die norme waaraan verskillende tipes tekste moet voldoen
- *pragmatiese ekwivalensie* of *kommunikatiewe ekwivalensie* wat gerig is op die ontvanger van die teks of boodskap en waar dit handel oor of die teks die verlangde effek op die lesers het
- *formele ekwivalensie* wat te make het met die vormlike en estetika van die teks en stylkenmerke soos sintaksis, metafore en woordspelings insluit.

Nord voel egter dat die baie verskillende beskrywings en herdefinisies van die begrip "ekwivalensie" nie die vaagheid en onduidelikheid van die term oplos nie (1997:44). Die volgende is volgens Nord die grootste probleme ten opsigte van die algemeen-aanvaarde ekwivalensie-model soos gebruik deur Nida en ander vertaalteoretici binne die linguistiese model (1997:44):

1. Die ekwivalensie-model fokus hoofsaaklik op die strukturele kwaliteite van die bronteks en gevolglik raak die intrinsieke verhouding tussen die ekstratekstuele (bv. die situasionele) en die intratekstuele (bv. die linguistiese) faktore van die kommunikatiewe interaksie verlore.
2. Die kulturele aspekte word nie genoeg in ag geneem nie.
3. Die verskillende uiteenlopende omskrywings van die konsep van ekwivalensie veroorsaak dat die model inkonsekwent is.

4. Die model is verwarrend omdat die standaard vir die kies van vertaalprosedures vir verskillende genres en tekstipes baie verskillend en dikwels selfs teenstrydig is.
5. Die model laat nie ruimte vir kultuurgebonde verskille in vertaalkonsepte nie, ten spyte daarvan dat vertalers noodwendig gelei gaan word deur kultuurgebonde norme en konvensies.
6. Die ekwivalensiemodel sluit doeltekste uit as hulle nie voldoen aan die kriteria van ekwivalensie nie. Indien 'n teks nie 'n "translation proper" is nie, word dit binne die ekwivalensiemodel geklassifiseer as 'n "non-translation".
7. Laastens word die bronteks, soos vroeër reeds genoem, binne die ekwivalensiemodel gesien as die een en enigste maatstaf. Alle besluite wat die vertaler moet maak, is daarom onderhorig aan die bronteks.

Die feit dat 'n vertaling nooit in 'n vakuum plaasvind nie en dat die situasie en kultuur waarbinne die vertaling geskied noodwendig 'n invloed gaan hê op die doelteks, het gelei tot 'n groter fokus op die doel of funksie van 'n teks (sien 2.2.3). Nord vind dan ook dat funksionalisme 'n aanvaarbare alternatief kan wees vir die ekwivalensiemodel en reken dat Vermeer se skoposteorie die basis daarvoor bied (Crafford 2005:24). Die rede hiervoor is dat die funksionalistiese benadering werk vanaf die uitgangspunt dat 'n vertaling 'n vorm van menslike interaksie is en bepaal word deur die doel of skopos van die teks (Nord 1997a:46).

Hierdie fokusverskuiwing binne die vertaalteorie wat die klem verskuif vanaf ekwivalensie na die doel van 'n vertaling of teks, sal noodwendig ook 'n invloed hê op die vertaling van idioome en daarom ook op die bewerking van idioome in algemene tweetalige woordeboeke wat deur vertalers gebruik word.

2.4 Die ontwikkeling van die leksikografie

"Dictionaries have developed not as theoretical instruments, but as practical tools."

~ Al-Kasimi 1977:1

Die eerste woordeboeke is vermoedelik omtrent drieduisend jaar gelede in Irak deur die Assiriërs opgestel in 'n poging om leiding te gee in die verstaan van die plaaslike Sumeriese tekens (Gouws 2000:33). Godsdienstige redes was die belangrikste motivering vir die ontstaan van Arabiese woordeboeke in die sewende eeu: hierdie woordeboeke is saamgestel ter verklarings van talle moeilike woorde wat in die Koran verskyn het (Al-Kasimi 1977:2; Gouws 2000:33).


Soos die vroeë Engelse woordeboeke wat ontstaan het as hulpbronne om studente te help om hul Latynse manuskripte makliker te verstaan, is die meeste vroeë woordeboeke opgestel ter wille van die oordra van kennis en daar is gepoog om *omne scibile* ("alles wat wetenswaardig is") vas te vang (Gouws 2000:33). Tog was hierdie eerste woordeboeke gerig op 'n elitistiese gebruikersgroep en nie toeganklik vir die gewone taalgebruiker nie (Gouws 1992:37). 'n Groot deurbraak in die leksikografie het gekom met die publikasie van Robert Cawdrey se *Table Alphabeticall* in 1604. Hierdie woordeboek was gerig op die verklarings van Latynse, Griekse en ander leenwoorde in Engels en met hierdie publikasie is leksikonitems wat vroeër die gebruiksbesit van slegs 'n klein groepie geleerdes was nou toeganklik gemaak vir almal (Gouws 1992:37). Cawdrey skryf die volgende oor sy woordeboek: "gathered for the benefit and helpe of Ladies, Gentlewomen, or any other unskillfull persons" (McArthur 1986:86). Hierdie praktiese oriëntasie wat woordeboeke gekry het, het volgens Al-Kasimi bygedra tot die ontstaan en groei van 'n gaping tussen die linguïstiese teorie en die leksikografiese praktyk (1977:2). Alhoewel moderne linguïste baie bygedra het ten opsigte van wetenskaplike studie van taal, het leksikograwe nie baie van hierdie linguïstiese bevindinge gebruik gemaak in hulle woordeboeke nie (Al-Kasimi 1977:2). Die rede hiervoor is dat die leksikograwe volgehou het dat

leksikografie nie 'n wetenskaplike aktiwiteit is nie, maar 'n kuns wat dit nie kan neerlê by die objektiewe metodologie van die moderne linguistiek nie. Gove stel dit as volg:

"Lexicography is not yet a science. It may never be. It is an intricate and subtle and sometimes over-powering art, requiring subjective analysis, arbitrary decisions, and intuitive reasoning."

~ Gove in Al-Kasimi 1977:3

Een van die groot mylpale in die moderne leksikografie is die werk van Samuel Johnson. Sy *Dictionary of the English Language* wat een van die eerste groot Engelse woordeboeke was, het in 1755 verskyn, maar is reeds in 1747 voorafgegaan deur 'n dokument getiteld *Plan of a Dictionary of the English Language* waarin 'n uiteensetting gegee is van wat hy met sy projek beoog (Gouws & Prinsloo 2000:7), naamlik om Engels te probeer reguleer en verbeter en gebruikers te ontmoedig om woorde en betekenisse te gebruik wat hy as "onbeskaafde taalgebruik" beskou het (Gouws & Prinsloo 2000:8). Hierdie woordeboek van Johnson was jare lank 'n gesaghebbende maatstaf vir taalgebruikers van die tyd, sowel as vir toekomstige leksikograwe (Gouws & Prinsloo 2000:9).



Volgens Gouws het die Engelse leksikografie 'n tradisie gevestig waarvolgens 'n woordeboek daarop gerig is om taalkundige inligting aan sy gebruikers oor te dra. Die gesag van die woordeboek is deur die gewone gebruiker bo alle verdenking gestel en woordeboeke het ontwikkel as "belangrike houers van inligting" (1992:38).

Teoretiese taalkundiges het volgens Gouws tot in die laat sestigerjare betreklik min aandag gegee aan die teoretiese aspekte van die leksikografie (2000:13). Dit was eers met die verskyning van Ladislav Zgusta se *Manual of Lexicography* in 1971 waarin hy fokus op die "belangrikheid daarvan dat leksikografiese probleme in 'n linguistiese teorie gesitueer moet word" wat daar daadwerklik gepoog is om die leksikografiese gesprek binne die linguistiese raamwerk te stimuleer (Gouws 2000:13).

Zgusta lê klem daarop dat die leksikograaf steeds aandag moet gee aan die rol wat linguistiese verandering speel, maar dat hy of sy hom of haar moet laat lei deur die werklike taalgebruikssituasie (Gouws 2000:13).

Leksikograwe is dit vandag eens dat alhoewel daar 'n verband bestaan tussen die leksikografie en die linguistiek, die leksikografie nie net behandel moet word as 'n onderafdeling van die linguistiek nie, maar dat dit 'n onafhanklike dissipline in eie reg is (Tarp 2004:224). Net soos met die vertaalteorie wat vandag gesien word as 'n selfstandige vakgebied, klink daar ook in onlangse literatuur 'n sterk stem dat leksikografie beskou moet word as 'n onafhanklike wetenskap eerder as 'n onderafdeling van die linguistiek (Crafford 2005:32).

Tog meen Tarp dat die enigste manier waarop die leksikografie werklik gesien sal word as 'n onafhanklike wetenskap en sal kan oorleef, is as dit 'n vanuit 'n gebruikersgeoriënteerde perspektief gaan funksioneer (2000:7). Volgens Tarp "[t]his is the only way to put it onto its own feet as an independent science and to ensure a new generation of lexicographic utility products that meet the needs of the modern dictionary user" (2000:7).

Soos vroeër reeds genoem is, het woordeboeke in die eerste plek ontstaan as 'n praktiese hulpmiddel vir sy gebruikers. Ook die moderne leksikografie word deesdae gedomineer deur 'n gebruikersgeoriënteerde benadering (Gouws 2005a:25). Volgens Hartmann behoort geen woordeboek saamgestel te word sonder 'n deeglike ondersoek om die potensiële teikenbruiker te identifiseer en vas te stel wat presies die gebruiker se behoeftes en naslaanvaardighede is nie (Gouws 2005a:25). Die behoeftes en naslaanvaardighede behoort 'n definitiewe invloed te hê op die leksikografiese prosesse wat enige woordeboek voorafgaan (Gouws 2005a:25). Met die huidige toenemende klem op die gebruikersperspektief word daar binne die leksikografie as 't ware weer teruggekeer na die "oorspronklike doel van woordeboeke: om die gebruiker van praktiese inligting te bedien ter wille van verbeterde kommunikasie" (Crafford 2005:33).

Wiegand verwys in hierdie verband na die konsep van die "werklike doel" van 'n leksikografiese naslaanwerk (Tarp 2000:193). Hy verwys na leksikografiese naslaanwerke as gebruiksprodukte wat vir 'n spesifieke doel geproduseer word (Crafford 2005:33). Die werklike doel van 'n leksikografiese naslaanwerk is volgens hom "that it can be used to obtain information from its lexicographic data about the respective subject of the reference work" (Tarp 2000:193).

Tarp stem saam dat dit 'n baie akkurate beskrywing is van die werklike doel van 'n woordeboek, maar wys egter daarop dat die definisie baie algemeen is (2000:193). Hy voel ook dat dit belangrik is om die spesifieke gebruikersgroep, hul eienskappe, die gebruikersituasie en hul behoeftes te ken ten einde die leksikografiese funksies van die betrokke leksikografiese naslaanwerk te bepaal sodat daar in die besondere behoeftes van die gebruikers voorsien kan word (Tarp 2000:196).

Net soos taalgebruikers op vertalers staatmaak om inligting wat in een taal verwoord is, in 'n ander oor te dra, maak die vertalers op woordeboeke staat om hulle te help om kommunikatiewe ekwivalensie te bereik (Gouws 1992:38). Dit is daarom belangrik dat die inligting wat in die woordeboeke verskaf word nie net praktykgerig is nie, maar die vertaler ook sal help om dit binne 'n gegewe konteks te kan toepas (Gouws 1992:39). Veral tydens die vertaling van idioome is dit belangrik dat die woordeboek aan die vertaler genoegsame leiding sal gee sodat hy of sy die korrekte vertaalekwivalent vir die betrokke idioom binne die betrokke konteks uit die woordeboek sal kan onttrek.

2.5 Ekwivalensie binne die leksikografie

'n Mens kan twee hooftepes woordeboeke onderskei. Verklarende eentalige woordeboeke is woordeboeke wat volgens Gouws "primêr gerig is op 'n weergawe van die betekenis van die lemma" en vertalende woordeboeke is woordeboeke wat "gerig is op 'n weergawe van die vertaalekwivalent(e) waarmee 'n lemma wat in die brontaal verskyn, in die doeltaal vertaal kan

word" (2000:44). Die hoofdoel van 'n tweetalige woordeboek is dus om aan die gebruiker vertaalekwivalente te verskaf.

Volgens Gouws sluit hierdie tradisie aan by dit wat Zgusta beweer die "primêre doel" van 'n vertalende woordeboek is, naamlik om 'n stel leksikale items in een taal te koördineer met 'n stel leksikale items in 'n ander taal (Gouws 1992:39; Gouws 2000:44). Vertalers ondervind egter probleme met vertalende woordeboeke as gevolg van woordeboeke se dikwels gebrekkige hantering van ekwivalensieverhoudinge (Crafford 2005:27).

Gouws onderskei tussen verskillende tipes ekwivalensieverhoudinge wat in woordeboeke voorkom, onder meer (2000:157-180):


- *semantiese ekwivalensie* – waar daar een of meer vertaalekwivalente bestaan vir 'n betrokke woord:
 - **braille**, braille(skrif), blindeskrif. (Uit GW)
- *kommunikatiewe ekwivalensie* – waar 'n vertaalekwivalent binne die korrekte konteks aangedui word waarin dit gebruik behoort te word:
 - **pluck** ww. (af)pluk (*blomme*); pluk (*'n hoender*); ... uitdun (*wenkroue*); tokkel (*snare*); ... (Uit PAEW)
- *absolute ekwivalensie* – waar daar slegs een vertaalekwivalent is met 'n identiese semantiese lading:
 - **cortisone**, kortisoon. (Uit GW)
- *gedeeltelike ekwivalensie* – waar die brontaalvorm nie 'n betekenisgeheel is wat binne die doeltaalvorm met dieselfde betekenisgeheel gekoördineer kan word nie; die doeltaalvorm(s) kan dus nie die brontaalvorm in alle kontekste vervang nie:
 - **kitten** n. katjie; flerrie ... (Uit GW)
- *skynekwivalensie* – waar 'n ekwivalentverhouding geïmpliseer word wat in werklikheid nie bestaan nie (word ook *faux amis* of vals vriende genoem):
 - **brutal**, ... brutaal ... (Uit GW)Die Afrikaanse woord "brutaal" beteken "onbeskof of astant" en nie "onmenslik of wreedaardig" soos die Engelse "brutal" nie.

- *surrogaatekwivalensie* – waar daar nie 'n vertaalekwivalent in die doeltaal bestaan nie en daar 'n plaasvervanger vir die konvensionele vertaalekwivalent geskep word:

incivism, gebrek aan burgerdeug. (Uit GW).

As gevolg van die feit dat daar verskillende ekwivalentverhoudinge bestaan tussen die lemma en die vertaalekwivalente, is konteks- en pragmatiese leiding noodsaaklik. Verskillende vertaalekwivalente kan wel binne bepaalde kontekste semanties ekwivalent wees, maar indien hierdie kontekste nie aan die gebruiker verskaf word nie, staan die lemma en die vertaalekwivalente nie in 'n verhouding van kommunikatiewe ekwivalensie tot mekaar nie (Gouws 1992:37).

Ook ten opsigte van die bewerking van idiome, is dit noodsaaklik dat die verskillende ekwivalentverhoudinge in gedagte gehou sal word en dat leksikograwe bewus sal wees van die talle gevalle waar idiome en hul vertaalekwivalente slegs gedeeltelik ekwivalent is aan mekaar. Indien leksikograwe wil verseker dat vertalers idiome effektief en korrek vertaal, sal hulle moet aandag gee aan die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke.




In die volgende gedeelte word daar gekyk na wat 'n idioom is en hoe vertalers oor die algemeen te werk gaan wanneer hulle idiome vertaal.

2.6 Ten slotte

Dit blyk duidelik uit hierdie hoofstuk dat die klem in die beide die vertaalstudie en die leksikografie al hoe meer val op die pragmatiek. Die rol van die teikenleser en die woordeboekgebruiker geniet al hoe meer aandag; binne die vertaalstudie word dit weerspieël binne die funksionalistiese vertaalteorieë en binne die metaleksikografie lei dit tot hernude beklemtoning van die gebruikersperspektief (Crafford 2005:35).

Die konsep van die "werklike doel" van 'n woordeboek is belangrik. Soos enige ander gebruiksprodukte het woordeboeke ook 'n bepaalde doel en moet woordeboeke kan voorsien in die behoeftes van die gebruiker. Ook ten opsigte van die bewerking van idioome is daar sekere vereistes waaraan algemene tweetalige woordeboeke soos GW en PAEW moet voldoen om werklik te kan voorsien in die behoeftes van vertalers. In die volgende hoofstuk sal daar ondersoek ingestel word na die problematiek wat betref die huidige bewerking van idioome en die redes waarom dit problematies is. Daar sal ook gekyk word na die praktiese vereistes wat professionele vertalers aan die aanbod van idioome in tweetalige woordeboeke stel.



Hoofstuk 3

DIE VERTALING VAN IDIOME

"The problem with idioms ... is that it is not usually possible to translate them using the normal rules. There are exceptions ... [b]ut, for the most part, the use of normal rules in order to translate idioms will result in nonsense."

~ Arnold 1995

Die vertaling van idiome is vir menige vertaler dikwels 'n moeilike en frustrerende taak. Baie idiome is al so ingebed in die taal dat dit dikwels moeilik is om te onderskei waar die idioom begin en eindig. Volgens Baker is die vermoë om idiome korrek te identifiseer en interpreteer dikwels 'n probleem tydens vertaling (1992:65), want soos Jeffrey noem, is idiome "by nature a fuzzy-edged and fluid class" (2005). 'n Ander probleem wat vertalers ook het tydens die vertaling van idiome is die oordrag van idiome se verskillende vlakke van betekenis na die doeltaal – dikwels word 'n idioom in die doeltaal in sowel 'n letterlike as 'n nie-letterlike sin gebruik en dit is belangrik dat die vertaler daarvan bewus sal wees en dat indien moontlik beide hierdie sinne na die doeltaal oorgedra sal word (Baker 1992:65).

In die volgende gedeelte sal daar gekyk word na wat presies 'n idioom is, watter tipes idiome 'n mens kry en hoe daar te werk gegaan kan word om idiome suksesvol te vertaal.

3.1 Wat is 'n idioom?

"An idiom is an expression whose meaning cannot be inferred from the meaning of its parts."

~ Cruse 1986:37

Een van die tradisionele definisies van wat 'n idioom is, is naamlik dat dit 'n uitdrukking is waarvan die betekenis meer is as slegs die samevoeging van

die onderskeie betekenis van die woorde waaruit dit saamgestel is (Vgl. Complete Translation 2005). Die WAT definieer 'n idioom as volg:

"Vaste uitdrukking, frase, gesegde van 'n taal, wat eienaardig is óf ten opsigte van grammatikale bou óf in sy betekenis wat gewoonlik nie logies afgelei kan word van sy samestellende dele nie."

~ Die Afrikaanse Woordeboek, Deel 4 1972:483

Daar bestaan verskillende menings oor wat alles as idioome beskryf kan word. Volgens Newmark is idioome uitgebreide metafore wat universeel of kultureel van aard kan wees (1998:40). Makkai (In Svensén 1993:108) beskryf 'n idioom as "a linguistic form whose meaning is unclear in spite of the familiar elements it contains". Tog voel Svensén nie oortuig dat so 'n definisie vanuit 'n leksikografiese oogpunt bevredigend is nie, omdat hy redeneer dat die term "linguistic form" impliseer dat nie net uitdrukkinge soos "head over heels" daarvolgens as idioome geklassifiseer word nie, maar ook samestellings soos "dog-tired" en "front runner" (1993:108). Die rede waarom Svensén so redeneer, is omdat hy voel dat 'n idioom bestaan uit 'n kombinasie van woorde en nie slegs 'n enkele woord nie (ook Schmid beskryf 'n idioom as 'n kombinasie van ten minste twee lekseme (1989:121)). Svensén definieer 'n idioom as volg: "a fixed group of words with a special meaning which is different of the meanings of the individual words" (1993:108).

Fernando en Flavell identifiseer die volgende vier belangrike eienskappe van idioome (1981:47) en alhoewel daar baie verskillende beskrywings en definisies bestaan ten opsigte van wat presies idioome is, voel ek dat hierdie vier eienskappe die definisie van 'n idioom die beste saamvat en beskryf:

1. *'n Idioom se geheelbetekenis is nie die resultaat van die betekenis van die onderlinge dele nie en die idioom kan dus beskou word as 'n lekseem.*

Ghazala sluit ook aan by Fernando en Flavel deur te noem dat idioome metafories is en dus nie direk verstaan kan word nie omdat die betekenis nie altyd letterlik is nie (2003:204). Volgens Carstens het sommige idioome soos byvoorbeeld "kluitjies bak" enersyds 'n oppervlakkige letterlike deursigtige betekenis (naamlik om klonte deeg

gaar te maak) wat afgelei kan word uit die betekenis van die onderskeie dele en andersyds 'n idiomatiese betekenis (naamlik om leuens te vertel) wat nie afleibaar is uit die betekenis van die konstituente nie (1990:186).

In gevalle waar daar geen logiese verband is tussen die komposisionele betekenis van 'n idioom en sy idiomatiese betekenis nie, is dit dikwels toe te skryf aan diachroniese faktore (Carstens 1990:186). 'n Voorbeeld hiervan is die idioom "die lepel in die dak steek" wat "doodgaan" beteken. Min mense is bewus van die feit om jou lepel in die dak te steek, simbolies is vir "die laaste keer eet", aangesien dit skynbaar vroeër die gewoonte was om in huise sonder kaste jou lepel in die (lae) dak te steek om dit te bêre (Prinsloo 2004:203).

Volgens Carstens het alle idiome egter nie as gevolg van institusionalisering semanties ondeursigtig geword nie. Daar is ook idiome wat bloot sintakties versteen of gevries is (1990:188) – 'n proses wat deur Fernando en Flavell beskryf word as "a slow hardening, a fixing of the form" (1981:26). Hierdie verskynsel geld veral by idiome waarin lewenswysshede en lewenswaarhede uitgedruk word, byvoorbeeld: "As die son sak in die weste, is die luiaard op sy beste" of "belofte maak skuld" (Carstens 1990:188).

2. *'n Idiomatiese uitdrukking het 'n letterlike komplement, met ander woorde, naas die nie-letterlike interpretasie kan 'n idioom ook 'n letterlike interpretasie hê.*

Makkai beskou as die belangrikste eienskap van idiome, dat hulle meerduidig en daarom potensieel misleidend is (Carstens 1990:192). Tog beteken dit nie dat idiome soos "dit reën katte en honde", "van lotjie getik wees", "hoe kaler jonker hoe groter pronker" en "in die doofpot stop" wat nie letterlike teengangers het, nie idiome is nie (Carstens 1990:194). Volgens Carstens dui die feit dat hierdie idiome nie volgens normale, produktiewe taalreëls gegenerer is nie, nie daarop dat hulle nie idiome is nie, dit bevestig eerder volgens haar juis die primêre eienskap van egte idiome, naamlik hulle nie-komposisionaleiteit (1990:194).

3. *'n Idioom is 'n sintaktiese eenheid met relatiewe leksikale volledigheid.*
Hoewel idiome vanuit 'n suiwer semantiese oogpunt lekseme is, met ander woorde abstrakte taaleenhede wat onderliggend is aan 'n aantal grammatikale variante, is hulle leksikale integriteit nie op alle vlakke volledig nie. Volgens Ghazala het 'n idioom gewoonlik 'n vaste sintaktiese vorm wat nie verander kan word nie, maar ook nie as ongrammaties beskryf kan word nie (2003:204). Alhoewel die meeste idiome wel 'n mate van morfologiese en/of sintaktiese bewerkinge toelaat, kan 'n skrywer nie by 'n idioom sommer lukraak die woordorde verander, 'n woord weglaat, 'n woord byvoeg, een woord met 'n ander vervang of die grammatikale struktuur verander nie (Baker 1992:63). Volgens Fernando kan 'n idioom slegs gewysig word binne "definable limits" (1996:30).
4. *'n Idioom is 'n geïstitutionaliseerde eenheid.*
Taalgebruikers vergeet dikwels waarom 'n bepaalde frase of idioom 'n bepaalde vorm het en gebruik dit gevolglik bloot as 'n gepaste etiket vir 'n bepaalde konsep (Carstens 1990:207) sonder om werklik oor die samestelling en vorm daarvan na te dink. Fernando en Flavell beskryf dit as volg: "By the institutionalization of an idiom we mean the regular association in a speech community of a given signification with a given syntactic unit (a compound, a phrase or a sentence), such that the resulting expression is interpreted non literally" (1981:44).

'n Mens kry verskillende tipes idiome en ook hier bestaan daar baie verskillende klassifikasies waarvolgens die verskillende tipes idiome ingedeel kan word. Fernando onderskei tussen drie subklasse waarin idiome ingedeel kan word, naamlik suiwer idiome, semi-idiome en letterlike idiome (1996:35). (Sien ook Ghazala se indeling van verskillende tipes idiome (2003:204-208), sowel as dié van Cowie (1981:229)).

- *Suiwer idiome* kan volgens Fernando gedefinieer word as "a type of conventionalized, non-literal multiword expression" (1996:35) soos die idioom "die aap uit die mou laat" waar die nie-letterlike betekenis niks met 'n regte aap te doen het nie.

- *Semi-idiome* het een of meer letterlike konstituente en ten minste een nie-letterlike sub-betekenis (Fernando 1996:35). Voorbeelde van sulke semi-idiome is "iemand sout" en "onder die mes kry".
- *Letterlike idiome* sluit volgens Fernando idiome in soos "van kindsbeen af" en "te voet". Idiome wat geklassifiseer word as letterlike idiome is semanties nie so kompleks soos suiwer idiome en semi-idiome nie (1996:36).

Complete Translation verskaf 'n lys indelings waarvolgens idiome gekategoriseer kan word. Hulle maak gebruik van die volgende kategorieë: leksemiese idiome, idiomatiese pare, fraseologiese idiome, spreekwoordelike idiome en een-woord-idiome (Complete Translation 2005).

- *Leksemiese idiome* kan maklik geles word as gewone woordsoorte. Van hierdie idiome is duidelike werkwoorde, (byvoorbeeld "'n kleur kry", "jou man staan" en "balke saag"), ander is naamwoordelik, (byvoorbeeld "lewende hawe" en "'n wit olifant"). Baie leksemiese idiome funksioneer ook as byvoeglike naamwoorde (byvoorbeeld "op sy eie" en "sonder erg") of bywoorde (byvoorbeeld "op die duur" en "ten ene male").
- *Idiomatiese pare* bestaan uit woordpare wat gewoonlik met mekaar verbind word met "en". Dit kan bywoordpare, naamwoordpare, byvoeglikenaamwoordpare of werkwoordpare wees. Enkele voorbeelde van sodanige idiomatiese pare, is die volgende: "hiet en gebied", "hawe en goed", "wyd en syd" en "hoog en droog".
- *Fraseologiese idiome* bestaan dikwels uit 'n hele frase. Hulle stem ook nie werklik ooreen met 'n enkele woordsoort nie en benodig dikwels 'n omskrywing wat langer is as 'n enkele woord. Hierdie idiome se vorm is ook redelik vas en slegs 'n paar van hulle kan gewysig word sonder om die betekenis te verander. Hier is enkele voorbeelde: "iets as kapstok gebruik", "vroeg uit die vere", "wel ter tale wees" en "na die lewe staan".
- *Spreekwoordelike idiome* sluit gevestigde uitdrukkings en spreekwoorde in. Voorbeelde hiervan is: "as die kat weg is, is die

muis baas", "lui by die vak, fluks by die bak", "dis saliger om te gee as om te ontvang" en "meng jou met die semels dan vreet die varke jou op".

- *Een-woord-idiome* kom voor in gevalle waar 'n enkele woord gebruik word binne 'n ander betekenis as die oorspronklike. Een-woord-idiome is in die meeste gevalle woorde wat figuurlik gebruik word. 'n Voorbeeld van 'n een-woord-idiom is die idiom "dis alles kerrie", waar kerrie in hierdie konteks "onsin" beteken.

Soos gesien kan word, word daar in hierdie navorsing van 'n wye interpretasie van die begrip "idiom" gebruik gemaak. Die feit dat daar soveel verskillende klassifikasies vir idiom bestaan en soveel verskillende tipes idiom aangetref word, maak dit duidelik dat die vertaling van idiom definitief ook nie 'n eenvoudige proses is nie. In die volgende gedeelte sal gekyk word na sommige probleme tydens die vertaling van idiom, sowel as metodes wat gebruik kan word wanneer idiom vertaal moet word.

3.2 Probleme tydens die vertaling van idiom

Die vertaling van idiom is beslis nie 'n proses wat altyd vinnig en maklik verloop nie. Buiten die feit dat sommige idiom baie moeilik is om te vertaal, is dit in die eerste plek belangrik dat vertalers daarvan bewus sal wees wanneer hulle met 'n idiomatiese uitdrukking te make het. Alhoewel sommige idiom maklik is om te identifiseer, is ander idiom dikwels baie misleidend omdat die woordkombinasie 'n redelike sinvolle letterlike betekenis het en 'n mens nie dadelik agterkom dat hulle binne die betrokke teks en konteks nie letterlik funksioneer nie, maar as idiom (Baker 1992:65).

Nadat die vertaler 'n idiom geïdentifiseer het, moet dit vertaal word. Ook hier ondervind vertalers probleme. Die volgende is van die probleme waarmee vertalers die meeste worstel tydens die vertaling van idiom (Baker 1992:68-71).

1. *'n Idiom of vaste uitdrukking het geen ekwivalent in die doeltaal nie.*
Die manier waarop die brontaal betekenis uitdruk stem nie noodwendig

ooreen met hoe dieselfde betekenis in die doeltaal uitgedruk word nie. Terwyl iets in die brontaal deur 'n idioom uitgedruk word, word dit dalk eerder in die doeltaal uitgedruk deur 'n frase of 'n enkele woord. Dit is daarom onrealisties om te verwag dat daar vir elke idioom in die brontaal 'n ekwivalente idioom in die doeltaal gaan bestaan (Baker 1992:68).

Hier is 'n paar voorbeelde van Engelse idiome waarvoor daar geen ekwivalente idioom in Afrikaans bestaan nie:

"Beggars can't be choosers" ⇒ "As jy verleë is, kan jy nie kieskeurig wees nie".

"Something is/is not up to scratch" ⇒ "iets is/is nie bevredigend of voldoende nie".

Net soos enkelwoorde is baie idiome en vaste uitdrukkinge ook kultuurgebonde. Sodanige idiome is dikwels moeiliker om te vertaal, maar is nie noodwendig onvertaalbaar nie, aangesien dit nie die spesifieke terme is wat vertaal hoef te word nie, maar eerder die boodskap wat na die doeltaal oorgedra moet word (Baker 1992:68). Dit is egter belangrik dat die vertaler bewus sal wees van die kulturele verskille tussen die bron- en doeltaal en dit in ag sal neem tydens die vertaling van idiome.



2. *'n Idioom of vaste uitdrukking in die brontaal het dalk 'n eenderse ekwivalent in die doeltaal, maar die konteks en gebruik van die idioom in die doeltaal is verskillend.* Die uitdrukking in die brontaal kan ook ander konnotasies daaraan gekoppel hê as die uitdrukking in die doeltaal (en vice versa). Dit kan ook gebeur dat die idioom nie pragmaties oordraagbaar is nie (Baker 1992:69).

'n Voorbeeld van so 'n geval (bekend as vals vriende of *faux amis*) is die twee idiome "to pepper someone" en "om iemand te peper". Alhoewel die twee idiome dieselfde lyk, is hul betekenis verskillend. Die Engelse idioom "to pepper someone" beteken om iemand met vroe te bestook, terwyl die Afrikaanse idioom "om iemand te peper" beteken dat jy iemand 'n pak slaag gee. Alhoewel hierdie idiome dus dieselfde lyk, kan die een nie met die ander vertaal word nie.

3. 'n Idioom in die bronteks kan tegelykertyd in beide die letterlike en nie-letterlike sin gebruik word. Indien die vorm en betekenis van die idioom in die doeltaal in so 'n geval nie dieselfde is as die van die idioom in die brontaal nie, sal die woordspeling met die idioom in die brontaal nie suksesvol na die doelteks oorgedra kan word nie (Baker 1992:69). Die onderstaande sin is 'n voorbeeld van waar die idioom "poke your nose into something" beide 'n letterlike en nie-letterlike betekenis kan hê. 'n Mens sou dit kon vertaal met "jou neus in iemand se sake steek", maar indien daar nie in Afrikaans 'n ekwivalente idioom bestaan het wat met "neus" verband hou nie, sou die woordspeling verlore gaan:

*"He had sufficient influence to be able **to poke his nose** into the private affairs of others where less aristocratic **noses** might have been speedily bloodied."*

Uit die British Translators' Guild Intermediate Examinations (1986)

(In Baker 1992:70)

4. Die gebruik van 'n idioom in die doelteks is dikwels nie gepas nie. Alhoewel idiome dikwels in Afrikaanse en Engelse geskrewe diskoers voorkom, is daar ook gevalle waar vertalers te doen kry met byvoorbeeld Arabiese en Chinese tale waar die geskrewe teks baie formeel is en vertalers volgens Baker liefs die gebruik van idiome moet vermy (1992:71). Hierdie probleem kan ook ondervind word in gevalle waar 'n informele bronteks moet vertaal word as 'n formele doelteks. Dit is daarom belangrik om wanneer 'n vertaler te doen kry met idiome in 'n bronteks altyd die vertaalopdrag ("brief") te raadpleeg om vas te stel of die gebruik van idiome in die doelteks in orde gaan wees, al dan nie.

3.3 Metodes vir die vertaling van idiome

Die manier waarop 'n idioom vertaal word, hang van 'n hele aantal faktore af. Dit gaan oor meer as net die beskikbaarheid van 'n ekwivalente idioom in die doeltaal. Ander faktore wat ook 'n rol speel, is onder meer die belang van die spesifieke leksikale items waaruit die idioom in die brontaal bestaan en die

vraag rondom die gepastheid van die gebruik van idioome in die betrokke doeltjeks en register. Die aanvaarbaarheid van die gebruik van die verskillende vertaalmetodes hang grootliks af van die konteks waarbinne die idioom vertaal moet word (Baker 1992:71-72). In baie gevalle is die gebruik van 'n idioom in die doeltaal nie noodwendig die beste manier om 'n idioom in die brontaal te vertaal nie. Juis daarom waarsku Fernando en Flavell vertalers teen die "strong unconscious urge in most translators to search hard for an idiom in the receptor language, however inappropriate it may be" (1981:82) wat deur veral 'n linguistiese vertaling vereis sou word. Uiteindelik gaan dit tog om die boodskap wat effektief oorgedra moet word en nie of die aantal idioome wat gebruik is in die brontaal ooreenstem met die aantal idioome in die doeltaal nie.

Verskillende vertalers het verskillende strategieë en metodes vir die vertaling van idioome. Ghazala onderskei tussen twee hoof tipes metodes wat gebruik word tydens die vertaling van idioome, naamlik wat hy noem "evasion" (waar die gebruik van idioome ontwyk word) en "invasion" (waar die vertaler doelbewus gebruik maak van 'n idioom wat net so goed of selfs beter is as die idioom in die brontaal) (2003:209). Volgens hom vind die strategie waar idioome ontwyk word ("evasion") in die volgende gevalle plaas:

1. *Die vertaler word ontmoedig om van 'n idioom gebruik te maak in die doeltaal.* Die redes hiervoor kan wees (Ghazala 2003:209-216):
 - Die vertaler is nie bevoeg om die idioom korrek te vertaal nie.
 - Daar bestaan nie 'n vertaalekwivalent in die doeltaal nie.
 - Die idioom se vertaalekwivalent in die doeltaal het 'n taboewaarde.
2. *Die vertaler kies om die idioom nie met 'n idioom te vertaal nie omdat die vertaler voel dat die boodskap in die doeltaal beter oorgedra kan word sonder die gebruik van 'n idioom.* Dit kan wees a.g.v. die vertaler se argument dat die doeltaallesers nie die idioom sal verstaan nie, of omdat die vertaler dink dat die idioom nie vertaalbaar is nie. Alhoewel dit sin maak om die idioom weg te laat indien die doeltaallesers dit nie sal verstaan nie, is dit belangrik dat die vertaler nie die idioom sal

weglaat omdat hy of sy dink dat dit onvertaalbaar is nie, maar dat die vertaler sal seker maak of dit vertaalbaar is, al dan nie.

In die gevalle waar die vertaler van "invasion" gebruik maak, is dit die vertaler se hoofdoel om te verseker dat die teks se idiomatisiteit behoue bly. Juis daarom vind Ghazala die gebruik van "invasion" die gepaste kreatiewe metode vir die vertaling van idiome. Wanneer 'n vertaler van "invasion" gebruik maak, kan die graad van aanvaarbaarheid, kreatiwiteit en vertaalbaarheid verskil, en daarom bestaan daar volgens Ghazala drie verskillende tipes "invasion" (2003:217-225).

1. *Ekwivalente idiomatisiteit*

Die eerste ding wat vertalers moet doen wanneer hulle idiome moet vertaal, is om te probeer om 'n idiomatiese ekwivalent in die doeltaal te vind. Dit is verrassend om te sien dat alhoewel daar dikwels groot kulturele, sosiale, godsdienstige en politieke verskille is tussen 2 tale (byvoorbeeld Engels en Arabies), daar wel vir baie idiome geskikte (en dikwels baie eenderse) ekwivalente in die doeltaal bestaan. Enkele voorbeelde in Engels en Afrikaans is die volgende:

"An eye for an eye and a tooth for a tooth" ⇒ "Oog om oog en tand om tand".

"To play with fire" ⇒ "Met vuur speel".

"To take the bread out of someone's mouth" ⇒ "Die brood uit iemand se mond neem".

"A little bird told me" ⇒ "Ek het 'n voëltjie hoor fluit".

Die kans is dus goed dat wanneer 'n vertaler gekonfronteer word met 'n idioom in die brontaal, daar 'n idioom met eenderse betekenis en vorm sal bestaan in die doeltaal.

2. *Gedwonge idiomatisiteit*

Hierdie vertaalmetode is 'n poging deur die vertaler om 'n idioom in die brontaal te vertaal met 'n idioom in die doeltaal in gevalle waar daar nie in die doeltaal 'n ekwivalent met eenderse betekenis en vorm bestaan nie. Hierdie metode het egter dikwels geforseerde, kunsmatige ekwivalensie

tot gevolg. Alhoewel Ghazala die gebruik van gedwonge idiomatisiteit beskou as "a reference to the translator's determination and courageous attempt to strike an idiomatic translation of some kind in die TL" (2003:220), sou ek gedwonge idiomatisiteit liefs vermy.

3. *Mislukte idiomatisiteit*

Die laaste tipe idiomatisiteit, naamlik mislukte idiomatisiteit, verwys volgens Ghazala na gevalle waar die vertalers die idioom in die brontaal direk vertaal het na die doeltaal sonder om die kulturele en ander verskille tussen die bron- en doeltaal in ag te neem. Die rede vir die voorkoms van sogenaamde mislukte idiomatisiteit is volgens Ghazala as gevolg van die groot invloed wat Engels as wêreldtaal op verskeie ander tale (ook Afrikaans) het, sowel as die afwesigheid van 'n alternatiewe idioom in die doeltaal. 'n Voorbeeld hiervan in Afrikaans is die volgende Engelse idioom wat dikwels direk vertaal word:

"Be caught with one's pants down" ⇔ "Om met jou broek om jou enkels betrap te word".

Dit blyk dus duidelik dat daar verskeie maniere bestaan waarop idioome vertaal (of nie vertaal) kan word. Daar is ook 'n hele aantal vertaalmetodes waarvan vertalers gebruik kan maak. Hier is enkele metodes wat deur Baker aanbeveel word in haar handboek vir vertalers (1992:71-78):

1. *Die gebruik van 'n idioom met eenderse betekenis en vorm*

Hierdie metode behels die gebruik van 'n idioom in die doeltaal wat min of meer dieselfde betekenis het as die idioom in die brontaal en wat boonop ook uit dieselfde leksikale items bestaan. Alhoewel hierdie metode dalk klink na die ideale oplossing vir die vertaler se probleem, is dit nie noodwendig altyd die geval nie. Die styl, register en retoriese effek van die idioom moet altyd ook in gedagte gehou word (Baker 1992:73), want dit gebeur selde dat die idioom in die bron- en doeltaal absoluut ekwivalent is. 'n Mens kan nie aanvaar dat aangesien twee idioome se vorm ooreenstem hulle betekenis ook noodwendig sal ooreenstem nie, want

alhoewel daar gevalle is waar dit wel plaasvind, bestaan daar ook gevalle waar die betekenis van die onderskeie idioome heeltemal verskillend is.

'n Goeie voorbeeld van 'n geval waar die idioom in die brontaal vertaal kan word met 'n idioom in die doeltaal wat dieselfde betekenis en vorm het, is die Engelse idioom "have a frog in your throat" wat in Afrikaans vertaal kan word met die idioom "'n padda in jou keel hê". Hier stem die idioome se betekenis sowel as vorm ooreen en die twee idioome kan gesien word as absolute ekwivalente.

'n Voorbeeld van so 'n geval wat nie werk nie, is die idioome wat reeds vroeër ook genoem is, naamlik "om iemand te peper" ('n pak slae te gee) en "to pepper someone" (om iemand te bestook met vrae). Alhoewel hierdie idioome eenders is in vorm, verskil die betekenis en wys dit net weereens dat 'n mens nie kan aanvaar dat indien twee idioome ooreenstem in vorm, hulle as vertaalekwivalente vir mekaar gebruik kan word nie.

2. Die gebruik van 'n idioom met eenderse betekenis, maar wat verskil in vorm

Dit is dikwels moontlik om 'n idioom of vaste uitdrukking in die doeltaal te vind waarvan die betekenis ooreenstem met die idioom in die brontaal, maar wat bestaan uit ander leksikale items (Baker 1992:74). 'n Voorbeeld hiervan is die idioom "he has lost his marbles" of "he hasn't got all his marbles" waarvoor die Afrikaanse ekwivalent "hy het nie al sy varkies in die hok nie" gebruik kan word om dit mee te vertaal. Alhoewel hierdie twee idioome nie ooreenstem in vorm nie, is hul betekenis, sowel as register eenders.

3. Die gebruik van 'n parafrase

Die gebruik van 'n parafrase is verreweg die algemeenste manier om idioome te vertaal in gevalle waar daar nie 'n geskikte idioom in die doeltaal gevind kan word nie of waar die gebruik van 'n betrokke idioom onvanpas sal wees, weens byvoorbeeld stilistiese of registerverskille tussen die bron- en doeltaal (Baker 1992:74). In die geval van 'n parafrase kan die vertaler die idioom omskryf en word die boodskap effektief uitgedruk binne

die betrokke teks en konteks sonder dat daar van 'n idioom gebruik gemaak hoef te word.

4. *Weglating*

Net soos in die geval van enkelwoorde kan idioome soms geheel en al weggelaat word uit die doelteks. Dit kan gebeur as daar byvoorbeeld nie 'n gepaste idioom in die doeltaal bestaan nie, die betekenis nie suksesvol geparafraseer kan word nie of weens stilistiese redes (Baker 1992:77), veral ook indien weglating nie 'n belangrike impak op die res van die teks gaan hê nie.


5. *Kompensasie*

Binne hierdie metode word 'n idioom op sekere plekke in die bronteks weggelaat of nie soveel klem daarop laat val nie en daar word dan eerder op 'n ander plek in die doelteks idioome ingevoeg. Hierdie metode werk volgens Baker ook goed as 'n vertaler wil kompenseer vir verlies aan betekenis, emosionele trefkrag of stilistiese effek wat moontlik nie effektief binne die doelteks oorgedra word nie (1992:78). 'n Voorbeeld van kompensasie is die vertaling van die *Asterix*-strokie in Engels. Die vertalers kon nie al die woordspeling en idioome wat in die brontaal voorkom effektief vertaal in die doeltaal nie en het gevolglik daarvoor gekompenseer deur Engelse idioome en woordspelings in te voeg in die doelteks waarvan die impak, eerder as die boodskap ekwivalent was aan dié van die brontaal (Baker 1992:78).

3.4 Ten slotte

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande gedeelte dat die vertaling van idioome beslis nie 'n maklike taak is nie. Juis daarom is dit belangrik dat die samestellers van tweetalige woordeboeke bewus sal wees van die probleme waarmee vertalers worstel tydens die vertaling van idioome en daadwerklike pogings sal aanwend om idioome op so 'n wyse te bewerk in tweetalige woordeboeke dat dit vertalers sal help om die idioome suksesvol te kan vertaal binne 'n betrokke doelteks en konteks.

In die volgende gedeelte sal gekyk word na die huidige bewerking van idiome in veral PAEW en GW en sal daar gekyk word op watter maniere leksikograwe die bewerking van idiome kan verbeter om dit meer gebruikersvriendelik te maak.



Hoofstuk 4


DIE BEWERKING VAN IDIOME IN TWEETALIGE WOORDEBOEKE

4.1 Inleiding

"There is little doubt that dictionaries can be made to better serve their users, among whom translators constitute a very important group ..."

Roberts en Martin-Rutledge s.j.

Alhoewel dit onmoontlik sal wees om 'n woordeboek saam te stel wat aan al 'n vertaler se behoeftes voldoen en help om al hulle vertaalprobleme op te los (Roberts & Martin-Rutledge s.j.), is dit belangrik dat leksikograwe tydens die beplanning en samestelling van tweetalige woordeboeke bewus sal wees van en aandag sal gee aan die probleme wat tans deur woordeboekgebruikers ondervind word.



Een van die groot tekortkominge in baie tweetalige woordeboeke, is die bewerking van idiome. Die bewerkings wat gebruikers in woordeboeke aantref, is dikwels onvoldoende (Gouws 2005:51) en veroorsaak menigmale meer verwarring as wat dit help. In 'n studie gedoen deur Roberts (sien Roberts & Martin-Rutledge s.j.) waartydens 'n groep van 24 deelnemers (bestaande uit vertalers, terminoloë, vertaalstudente en dosente in vertaling en terminologie) deelgeneem het, het die deelnemers aangedui dat hulle dikwels of soms van tweetalige woordeboeke gebruik maak om idiome op te soek. Hulle gaan verder deur te noem dat idiomatiese uitdrukkings moeilik is om op te spoor in tweetalige woordeboeke (Roberts & Martin-Rutledge s.j.).

Ook wat betref Afrikaans-Engelse tweetalige woordeboeke, ervaar gebruikers dikwels probleme met idiome wat veroorsaak dat die vertaling van idiome dikwels 'n moeilike en tydrowende proses is, bloot weens die gebrekkige

bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke. In die volgende gedeelte sal daar gekyk word na verskillende probleme waarmee vertalers en ander woordeboekgebruikers gekonfronteer word met betrekking tot die bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke.

4.2 Aanbieding

"Dictionaries are a valuable source of information about multiwords. Unfortunately, only few multiwords are explicitly marked as such in dictionaries: most of them are presented without being distinguished from free combinations of words."

~ Bentivogli & Pianta s.j.

Die aanbieding van meerwoordige items (wat idioome insluit) in tweetalige woordeboeke is een van die redes waarom hierdie woordeboeke vertalers nie genoegsaam help tydens die vertaling van idioome nie. Die algemene tendens in Afrikaans-Engelse en ander tweetalige woordeboeke, is dat idioome nie aangebied word as onafhanklike leksikale items nie. Idioome word nie in GW of in PAEW aangebied as deel van die makrostruktuur (met ander woorde as lemmas in die sentrale lys of in 'n aparte lys) nie, maar wel as deel van die mikrostruktuur (met ander woorde as deel van die bewerking van 'n betrokke lemma) (Sien ook Roberts & Martin-Rutledge s.j.). Lemmas kan gesien word as primêre bewerkingseenhede en die aanbieding van idioome sou baie meer geslaagd wees as dit nie net aangebied word as deel van die mikrostruktuur van die artikel nie, maar eerder as sekondêre bewerkingseenhede met minstens sublemmastatus. Deur die aanbieding van idioome in tweetalige woordeboeke sodanig te verbeter, sal die vertaler se soektog na 'n betrokke idioom baie vergemaklik word.

GW sowel as PAEW maak gebruik van 'n tradisionele leksikografiese prosedure wat behels dat idioome gewoonlik aangebied word en deel vorm van die bewerking van een of meer van die woorde wat in die idioom voorkom (meestal by die naamwoorde of werkwoorde) (Gouws 2005:51).

'n Voorbeeld hiervan is die Engelse idioom "go to great lengths" wat in beide GW en PAEW aangetref word as deel van die bewerking van "length" soos in die volgende twee artikels gesien kan word:

length, lengte; duur; afstand; grootte; entjie (tou), stuk; *go to ANY ~s*, niks ontsien nie; *AT ~*, eindelik; uitvoerig, voluit; *at ARMS' ~*, op armlengte; *FULL ~*, lankuit, lewensgroot; **GO to great (all) ~s**, alles in jou vermoë doen; *GO to the ~ of asserting that*, so ver gaan om te beweer; *at GREAT(ER) ~*, uitvoerig(er); *KEEP someone at arm's ~*, iem. op 'n afstand hou; *at SOME ~*, taamlik uitvoerig; *a ~ of STRING*, 'n stuk tou; *THROUGHOUT the ~ and breadth of the district*, deur die hele distrik; *some ~ of TIME*, 'n taamlike tyd; *his WHOLE ~*, in sy volle lengte; *WIN by a ~*, met 'n lengte wen.

Artikel 1: "length" (uit GW)

length *n.* lengte; afstand; duur; grootte; ent, stuk; *at arm's ~* op armslengte; *keep s.o. at arm's ~* iem. op 'n afstand hou; *at ~* eindelik, einde ten laaste, ten einde laaste; naderhand; ten slotte; breedvoerig, uitvoerig, in besonderhede; *throughout the ~ and breadth of the country* die hele land deur, oor die hele land heen; *for the ~ of one's days* jou lewe lank; *at full ~* uitgestrek, in volle lengte; *go to any ~* niks ontsien nie, alles moontlik (*of* al die moontlike *of* alles in jou vermoë) doen; vir niks stuit nie; **go to great ~** groot moeite doen; *go to the ~ of ...* so ver/vêr gaan om te ...; *keep/maintain a good ~*, (kr.) die bal op 'n goeie lengte plant; *at great ~* lank en breed (fig.); *five/etc. metres in ~* vyf/ens. meter lank (*of* in die lengte); *measure one's ~ with the ground*, (*skerts.*) op die grond neerslaan, lankuit val; *a ~ of rope* 'n stuk tou; *at some ~* taamlik breedvoerig; *a speech of some ~* 'n taamlik lang/uitgerekte toespraak; *a stay of some ~* 'n taamlik langdurige verblyf; *some ~ of time* geruime tyd ...

Artikel 2: "length" (uit PAEW)

Hierdie tipe bewerking is nie ideaal nie. Soos reeds genoem in 3.1, is 'n idioom 'n uitdrukking waarvan die betekenis nie afgelei kan word van die

betekenis van die dele daarvan nie. Die feit dat 'n betrokke idioom nie lemmastatus verkry nie, maar ingesluit word in die bewerking van 'n lemma, impliseer dat daar 'n tipe semantiese verhouding bestaan tussen die lemma en die idioom (Gouws 1996:69). Tog is dit nie altyd die geval nie. As voorbeeld kan 'n mens gaan kyk na die idioom "spill the beans" wat in GW sowel as PAEW aangetref word as deel van die bewerking van "bean". Die vertaalekwivalente wat in die twee onderskeie woordeboeke verskaf word vir "bean" is as volg:


PAEW: boon(tjie); (*i.d. mv.*) bone, boontjies; (*Am. infml.*) kop.

GW: boontjie; (*pl.*) boontjies; pitte (geld).

Alhoewel die idioom "spill the beans" bewerk word onder die lemmateken "bean", toon die betekenis van die idioom, naamlik "om 'n geheim te verklap" geen ooreenkomste met enige van die betekenisonderskeidings van die leksikale item wat deur die lemmateken "bean" verteenwoordig word nie. Die Afrikaanse vertaalekwivalente wat vir die idioom verskaf word, naamlik "met die hele mandjie patats vorendag kom" (GW en PAEW) en "die aap uit die mou laat" (PAEW) toon ook geen semantiese verhouding met enige van die vertaalekwivalente van die lemma "bean" nie. Beide die brontaal- en doeltaalvorms van die idioom se semantiese posisie binne die artikel van die lemma "bean" is dus onvanpas en dit kan aan woordeboekgebruikers baie probleme verskaf in hul soektog na 'n vertaalekwivalent van 'n betrokke idioom omdat die gebruikers nie noodwendig gaan weet waar in die woordeboek om na die idioom te gaan soek nie en omdat die idioom nie semanties pas by die lemma waaronder dit bewerk word nie.

'n Verdere probleem met die bewerking van idiome soos wat dit tans aangetref word in GW en PAEW, is dat die idiome aangetref word as deel van die bewerking van die lemma, tussen die ander voorbeeldsinne en kollokasies, maar sonder dat daar vir die woordeboekgebruiker aangedui word in watter gevalle hy of sy te make het met 'n koteksinskrywing, byvoorbeeld 'n voorbeeldsin of 'n kollokasie en in watter van die gevalle daar sprake is van idiome.

As 'n mens gaan kyk na die volgende twee bewerkings van die lemma "bacon" in GW en PAEW kan 'n mens sien hoe die idioom "bring home the bacon" behandel word as deel van beide artikels, maar hoe daar nie in een van die artikels enigsins aangedui word watter van die voorbeeldmateriaal nie-letterlik of idiomaties gebruik word nie. Dit is belangrik dat daar 'n onderskeid getref sal word tussen idioome en voorbeeldmateriaal en dat idioome nie as voorbeeldmateriaal aangebied en bewerk sal word nie, maar eerder lemma- of sublemmastatus sal verkry. Indien idioome bloot as voorbeeldmateriaal bewerk word en daar nie aangedui word in watter gevalle die gebruiker te make het met 'n idioom al dan nie, is daar geen manier om die idioome van ander letterlike voorbeeldsinne te onderskei nie en bemoeilik dit die vertaler se taak om eerstens die idioom op te spoor in die betrokke artikel, en tweedens om te weet in watter gevalle die voorbeeldsin 'n letterlike betekenis het en in watter gevalle die betekenis idiomaties is. Dit is daarom belangrik dat die leksikograaf nie daarop sal staatmaak dat die woordeboekgebruiker intuïtief sal weet in watter gevalle die woordkombinasies die letterlike gebruik van die lemma as koteksinskrywings demonstreer en in watter gevalle dit 'n idiomatiese waarde het nie. Dit moet pertinent vir die gebruiker aangedui word.



bacon, spek, varkspek; spekvleis, *bring HOME the ~*, die paal haal; die draai kry; *SAVE one's ~*, daar heelhuids van afkom; *STREAKY ~*, streepspekvleis; ~ **beetle**, spektor; ~**er**, spekvark; ~ **rind**, swoer(d); ~ **roll**, spekrolletjie; ~**y**, spekagtig.

Artikel 3: "bacon" (uit GW)

bacon vark(spek), spekvleis; rookspek, ontbytspek; *bring home the ~*, (*infml.*) die broodwinner wees; ~ *and eggs* eiers met spek; *save one's ~* die situasie (*of jou bas*) red, heelhuids daarvan afkom. ~ **beetle** spektor. ~ **rind** swoerd. ~ **roll** spekrolletjie, spekvleisrol.

Artikel 4: "bacon" (uit PAEW)

Alhoewel daar in beide artikels voorbeelde is van die letterlike gebruik van "bacon" ("streaky bacon" (GW) en "bacon and eggs" (PAEW)) word daar nie onderskei watter van die inskrywings idiome is en watter nie. Dit is belangrik dat leksikograwe daardie onderskeid sal tref sodat die woordeboekgebruikers kan weet in watter gevalle hulle te make het met idiome en watter van die meerwoordige inskrywings slegs kollokasies of voorbeeldsinne is waar die lemma 'n letterlike gebruik het.

'n Gebrek aan ruimte is dikwels een van die hoofredes waarom idiome bewerk word as deel van die bewerking van 'n lemmateken, selfs al hou die betekenis van die idioom geensins verband met die betekenis van die leksikale item nie. Alhoewel die aanbieding van idiome as deel van die bewerking van 'n ander lemmateken (soos wat idiome tans in GW en PAEW bewerk word) glad nie die ideaal is vir woordeboekgebruikers nie, moet 'n mens in ag neem dat die ruimte in 'n woordeboek beperk is en dat leksikograwe dikwels van hierdie bewerking gebruik maak omdat daar soveel data in 'n relatief beperkte ruimte ingepas moet word. Juis daarom is die kans skraal dat leksikograwe in die nabye toekoms sal wegbeweeg van hierdie tipe bewerking van idiome. Om dié rede is dit belangrik dat leksikograwe hierdie minder gewenste werkswyse so goed moontlik moet benut. Indien 'n leksikograaf geen ander uitweg het nie en besluit om 'n idioom se aanbieding en bewerking te koppel aan die artikel van 'n lemma wat ooreenstem met 'n woord uit daardie idioom, is dit nodig dat die leksikograaf nie die idioom of idiome en die koteksinskrywings van die lemma bymekaar sal plaas sonder enige aanduiding van watter gevalle voorbeelde van watter tipe inskrywing is nie. Dit is daarom nodig dat idiome as sublemmas volwaardige bewerkingseenhede moet wees en dat die leksikograaf deur middel van nie-lemmatiese adressering (byvoorbeeld aanvullende inligting) of met behulp van 'n verbeterde toegangstruktuur (deur byvoorbeeld 'n struktuurmerker aan te bring) die idiome aan die gebruikers sal uitwys. Deur gebruik te maak van byvoorbeeld 'n struktuurmerker soos **UITDR.** (wat in die HAT gebruik word) of **IDM.** om die teksblok waarin idiome aangebied word te merk, maak die leksikograaf dit vir die woordeboekgebruikers moontlik om vinniger die idiome in die artikeltrajek raak te sien en 'n vertaalekwivalent op te spoor, omdat die idioom in 'n aparte

soeksone val en dus nie tussen die voorbeeldsinne en kollokasies aangetref word nie. In hoofstuk 5 sal daar verdere voorstelle gemaak word vir die moontlike verbetering van die aanbieding en bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke.

4.3 Vertaalekwivalente

Die plek in die woordeboek waar idiome aangebied word, is beslis nie die enigste probleem ten opsigte van die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke nie. Die vertaalekwivalente wat verskaf word en die bewerking daarvan is dikwels 'n nog groter probleem vir vertalers. In die meeste gevalle in GW en PAEW word daar by die bewerking van idiome aan die gebruiker 'n lys vertaalekwivalente verskaf met min of geen inligting rakende die doeltaalkonteks waarbinne die idiome gebruik behoort te word nie.

In die volgende gedeelte sal gekyk word na verskeie probleme met betrekking tot die vertaalekwivalente wat verskaf word vir idiome in tweetalige woordeboeke.



4.3.1 Ekwivalensie

"The main aim of the [bilingual] dictionary should not only be the establishment of semantic equivalence between source and target language. Instead a lexicographer has to endeavour to reach communicative equivalence."

~ Gouws 1996a:16

Volgens Manning is die tweetalige woordeboek die vertaler se basiese hulpmiddel en dien dit as die brug wat intertalige oordrag moontlik maak (In Gauton 2002:1). Alhoewel die meeste Suid-Afrikaanse tweetalige woordeboeke daarin slaag om die gebruiker te help om semantiese ekwivalensie te bereik (waar daar een of meer vertaalekwivalente verskaf word vir 'n betrokke woord), met ander woorde, om die gebruiker te help om een of meer vertaalekwivalente te vind vir die betrokke woord of uitdrukking

waarna hy of sy soek, is daar min Suid-Afrikaanse tweetalige woordeboeke wat gebruikers voldoende help om ook kommunikatiewe ekwivalensie te bereik.

Wanneer 'n mens 'n tweetalige woordeboek raadpleeg, is dit meestal om 'n vertaalekwivalent te vind om 'n spesifieke woord, uitdrukking of idioom in die brontaal mee te vervang in die doeltaal. In teenstelling met wat baie mense dink, kan 'n spesifieke vertaalekwivalent in 'n tweetalige woordeboek nie sommer arbitrêr beskou word as die betekenis van die leksikale item nie. 'n Vertaalekwivalent is 'n doeltaalitem wat gebruik kan word om die brontaalitem te vervang binne 'n spesifieke situasie, afhangende van spesifieke kontekstuele en kotekstuele beperkings (Gouws 2002). In gevalle waar die woordeboek egter nie aan die gebruiker enige konteks- of koteksleiding verskaf sodat hy of sy kan weet in watter konteks en situasie om die betrokke vertaalekwivalent te gebruik nie, is dit vir die gebruiker dikwels baie moeilik om binne die doelteks kommunikatiewe ekwivalensie te bereik.

Volgens Gouws bestaan daar wel 'n verhouding van ekwivalensie tussen die lemma (of in hierdie geval die idioom) en die onderskeie vertaalekwivalente wat aangebied word in die betrokke woordeboekartikel (die lys vertaalekwivalente staan bekend as die vertaalekwivalentparadigma) (1996a:16). Hy noem ook dat leksikograwe moet probeer om vertaalekwivalensie te bereik, wat impliseer dat daar 'n semantiese koördinasie tussen die lemma en sy vertaalekwivalentparadigma moet bestaan. Dit is volgens Gouws ook belangrik dat vertaalekwivalente aangevul behoort te word met bykomende inligting en voorbeeldmateriaal wat die tipiese gebruikskonteks illustreer (1996a:17). Die probleem is dat sommige leksikograwe hulle pogings om vertaalekwivalensie te bereik, beperk tot slegs die lys van 'n aantal doeltaalitems. Alhoewel hierdie items wel die semantiese waarde van die lemma verteenwoordig en semantiese ekwivalensie skep, word daar aan die gebruiker geen hulp gebied om die korrekte ekwivalent vir die spesifieke konteks te kies nie. Soos Martin met reg sê:

"Sometimes the uncritical heaping up of near-synonyms is simply an evasion of responsibility on the part of the dictionary-maker:

unable (or too little informed) to make up his own mind, he shifts the burden of choice to the user of the dictionary."

~ Martin 1962:156

Net soos in gevalle waar vertalers van tweetalige woordeboeke gebruik maak op soek na 'n vertaalekwivalent vir 'n enkelwoord, is die bereiking van kommunikatiewe ekwivalensie (waar 'n vertaalekwivalent binne die korrekte konteks aangedui word waarbinne dit gebruik behoort te word) hul hoofdoel wanneer hulle soek na 'n vertaalekwivalent vir 'n betrokke idioom. Dit is daarom belangrik dat leksikograwe ook sal aandag gee aan die vertaalekwivalentparadigma in die geval van idiome en dat vertaalekwivalente van idiome aangevul behoort te word met voorbeeldmateriaal en addisionele inligting om die gebruiker te help om vinnig en maklik die korrekte vertaalekwivalent op te spoor. Deur gebruik te maak van aanvullende inligting soos konteks- en koteksleiding, kan daar verseker word dat die lemma (of in hierdie geval die idioom) en die vertaalekwivalent in 'n verhouding van kommunikatiewe ekwivalensie tot mekaar staan. Semantiese en kommunikatiewe ekwivalensie in woordeboeke lei in die praktyk dikwels ook tot dit waarna Newmark verwys as semantiese vertalings en kommunikatiewe vertalings (1982:39). Hy beskryf hierdie twee tipes vertalings soos volg:

"... Communicative translation attempts to produce on its readers an effect as close as possible to that obtained on the readers of the original. Semantic translation attempts to render, as closely as the semantic and syntactic structures of the second language allow, the exact contextual meaning of the original ..."

~ Newmark 1982:39

Dit is wenslik dat die vertalers van kommunikatiewe vertalings eerder as van semantiese vertalings gebruik sal maak, veral ten opsigte van die vertaling van idiome en juis daarom is dit belangrik dat leksikograwe die lemma en die onderskeie vertaalekwivalente in 'n verhouding van kommunikatiewe ekwivalensie met mekaar sal laat staan, om vertalers te help om 'n kommunikatiewe vertaling as eindproduk te kry.

Soos reeds genoem in 2.4 bestaan daar verskillende tipes ekwivalensie binne die leksikografie. Dit is daarom ook belangrik dat leksikograwe nie alle vertaalekwivalente eenders sal bewerk nie, maar die woordeboekgebruikers attent sal maak op die verskillende tipes ekwivalensie en ook aan hulle sal uitwys watter tipe ekwivalentverhouding in watter gevalle geld. Sodoende kan die leksikograwe die woordeboekgebruikers help om die korrekte vertaalekwivalent vir 'n betrokke idioom binne 'n spesifieke teks en konteks te vind.

Die belangrikste tipes ekwivalensie wat onder vertaalekwivalente aangetref word, is absolute ekwivalensie, gedeeltelike ekwivalensie (wat divergensie insluit) en zero-ekwivalensie (wat surrogaatekwivalensie insluit). Vervolgens sal elk van hierdie tipes ekwivalensie bespreek word ten opsigte van die vertaling van idiome.

4.3.2 Absolute ekwivalensie

Absolute ekwivalensie kom voor wanneer die vertaalekwivalent(e) wat verskaf word in die doeltaal die woord of frase in die brontaal binne alle kontekste en omstandighede kan vervang. Idiome en hul vertaalekwivalente word dikwels in tweetalige woordeboeke aangegee as absolute ekwivalente. 'n Voorbeeld van 'n idioom waar die brontaalidioom en die doeltaalidioom absolute ekwivalente en dus kongruent aan mekaar is, is die Engelse idioom "apple of someone's eye" (sien artikel 5 en 6).

... ~ *of the EYE*, oogappel ...

Artikel 5: "apple" (uit GW)

... *the ~ of s.o.'s eye* iem. se oogappel ...

Artikel 6: "apple" (uit PAEW)

Hierdie idioom is 'n voorbeeld van waar daar 'n een-tot-een-verhouding tussen die bron- en doeltaal bestaan (dit wat Kade beskryf as volledige ekwivalensie (sien 2.2). Daar bestaan dus sowel semantiese as

kommunikatiewe ekwivalensie tussen die bron- en doeltaal. In gevalle soos bogenoemde waar daar absolute ekwivalensie bestaan tussen die brontaalidoom en die doeltaalidoom, bestaan daar ook dikwels 'n verhouding van ekwivalente idiomatisiteit tussen die twee idiome (sien 3.3). Sodanige idiome kan dus gewoonlik maklik en probleemloos vertaal word.

Tog gebeur dit ook dikwels dat 'n vertaalekwivalent vir 'n idiom aangegee word as 'n absolute ekwivalent, maar dat dit nie die geval is nie en dat die doeltaalidoom nie absoluut ekwivalent is aan die brontaalidoom nie. In sodanige gevalle is dit nodig dat die leksikograaf die gebruiker attent sal maak op die feit dat die twee idiome nie absoluut ekwivalent is nie. Dit is daarom nodig dat die vertaalekwivalent as 'n gedeeltelike ekwivalent bewerk sal word en nie as 'n absolute ekwivalent nie (sien 4.3.3 vir groter besonderhede oor die hantering van gedeeltelike ekwivalente).

Buiten die gevalle waar daar slegs een vertaalekwivalent vir 'n betrokke idiom is, bestaan daar 'n groot persentasie idiome waar daar nie 'n een-tot-een-verhouding tussen die bron- en doeltaal bestaan nie. In gevalle waar daar 'n een-tot-meer-as-een-verhouding tussen die bron- en doeltaal bestaan, het vertalers te make met gedeeltelike ekwivalensie en divergensie en dit is juis hierdie tipe bewerkings wat dikwels baie problematies is vir vertalers.

4.3.3 Gedeeltelike ekwivalensie en divergensie

Idiome het dikwels meer as een vertaalekwivalent, maar daar word selde aan woordeboekgebruikers enige leiding verskaf ten opsigte van watter ekwivalent om te kies binne 'n bepaalde konteks. Dikwels word die onderskeie ekwivalente aangedui as absolute ekwivalente en alhoewel 'n mens wel gevalle kry waar een of meer vertaalekwivalente absoluut kan wees, gebeur dit meer dikwels dat die vertaalekwivalente slegs gedeeltelik ekwivalent is of dat daar 'n verhouding van divergensie tussen die lemma (of idiom) en die vertaalekwivalente bestaan.

Een van die belangrike aspekte van die bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke waaraan leksikografiese aandag moet gee, is die hantering van divergensie. Divergensie kom voor in artikels waar daar 'n een-tot-meer-as-een-verhouding tussen die bron- en doeltaal is, en waar die leksikograaf spesiale aandag moet gee aan die hantering van die vertaalekwivalentparadigma. In artikels waar daar 'n verhouding van divergensie voorkom, is dit eerstens belangrik dat die leksikograaf tussen leksikale en semantiese divergensie sal onderskei. Volgens Gouws geld leksikale divergensie in gevalle waar 'n lemma meer as een vertaalekwivalent het, maar waar die vertaalekwivalente in die doeltaal absolute sinonieme of gedeeltelike sinonieme is soos in artikel 7.

... *spill the ~s*, (*infml.*) die aap uit die mou laat, met die (hele) mandjie patats uitkom ...

Artikel 7: "bean" (uit PAEW)

In die geval van leksikale divergensie word die onderskeie vertaalekwivalente in hierdie woordeboeke van mekaar geskei met behulp van kommas (,). Dit is egter belangrik dat die leksikograaf sal aandui indien die sinonieme slegs gedeeltelik sinoniem is. In gevalle van absolute sinonimie kan die vertaler die vertaalekwivalent op dieselfde manier hanteer as wat met die hantering van kongruensie (gevalle waar daar slegs een vertaalekwivalent vir die lemma bestaan en die brontaal- en doeltaalitems absolute ekwivalente is) in die woordeboek plaasvind. Indien daar vir die gebruiker geen konteks- of koteksleiding gegee word nie, kan hy of sy uitgaan van die veronderstelling dat die onderskeie vertaalekwivalente almal dieselfde semantiese waarde het (soos in artikel 7 hierbo). In gevalle van gedeeltelike sinonimie is dit belangrik dat die leksikograaf die gebruiker daarop attent sal maak dat die gedeeltelike sinonieme dien as vertalings van die brontaalvorm, maar dat hulle nie in die doeltaal mekaar binne alle kontekste kan vervang nie. Dit is daarom noodsaaklik dat die leksikograaf konteks- of koteksleiding by die onderskeie vertaalekwivalente sal voeg, sodat die gebruiker sal weet wat die tipiese konteks is waarbinne watter vertaalekwivalent normaalweg voorkom en waar

die algemene semantiese waarde van die vertaalekwivalent geaktiveer word (Gouws 2002).

Indien die vertaler te make kry met 'n idioom waar daar in die doeltaal 'n verhouding van divergensie bestaan en nie een van die vertaalekwivalente wat verskaf word die brontaalidioom binne die betrokke konteks kan vervang nie, moet die vertaler liefste nie een van die doeltaalidiome gebruik net ter wille van die feit dat dit 'n idioom is wat as vertaalekwivalent van die brontaalidioom aangebied word nie, maar eerder die idioom weglaat of parafraseer. Die vertaler kan altyd elders in die doeltteks daarvoor kompenseer deur 'n ander idioom in te voeg (Sien die gedeeltes oor weglating, parafrase en kompensasië in 3.4).

Semantiese divergensie kom voor wanneer 'n lemma meer as een vertaalekwivalent het omdat die betrokke brontaalvorm polisemies is en in gevalle van semantiese divergensie word die verskillende polisemiese waardes in GW en PAEW geskei met behulp van komma's (;). Volgens Gouws is polisemiese lemmas (en dus ook idiome) vanuit 'n semantiese oogpunt een van die vertalende leksikograaf se grootste probleme (1989:168). As 'n mens gaan kyk na die volgende artikel uit GW sien 'n mens dat daar in die artikel semantiese divergensie voorkom. Terwyl die eerste vertaalekwivalent ("dophou") volgens die HAT as volg gedefinieer word "In die oog hou; let op – dikwels met onvriendelike bybedoeling", word die tweede vertaalekwivalent ("'n oog hou oor") in Prinsloo as volg gedefinieer: "bewaak, sorg vir" (2004:252).

... *KEEP an ~ (up)on*, dophou; 'n oog hou oor ...

Artikel 8: "eye" (uit GW)

Die probleem is dat daar nie aan die gebruiker gesê word wat die semantiese verskille tussen die verskillende vertaalekwivalente is nie en dat daar ook nie onderskei word watter van die vertaalekwivalente idiome is en watter nie idiome is nie. Indien 'n vertaler nie bewus is van die semantiese verskille

tussen die onderskeie vertaalekwivalente nie, kan dit maklik gebeur dat hy of sy die verkeerde ekwivalent binne die betrokke doeltteks en -konteks kies. Volgens Gouws mag geen leksikograaf aanneem dat die woordeboekgebruikers intuïtief sal weet watter vertaalekwivalent om binne watter konteks te kies nie. In gevalle soos hierdie is dit belangrik dat die leksikograaf die gebruiker sal help om die regte vertaalekwivalent vir die regte konteks te kies. Die beste manier waarop die leksikograaf kommunikatiewe ekwivalensie kan waarborg, is deur addisionele inskrywings in te voeg om die gebruiker te help sodat hy of sy sal kan aflei watter vertaalekwivalent die korrekte een is wat hy of sy wil gebruik. In artikel 9 kan daar gesien word hoe die invoeging van konteksleiding deur gebruik te maak van glosse dit vir die gebruiker baie makliker maak om te weet watter vertaalekwivalent om te kies vir 'n bepaalde konteks.

... *throw in the ~*, (*boks*) die handdoek ingooi; (*fig.*) tou opgooi ...

Artikel 9: "towel" (uit PAEW)

Dit gebeur ook dikwels dat daar binne een artikel beide leksikale en semantiese divergensie voorkom. In sodanige gevalle van polidivergensie is dit weereens baie belangrik dat die leksikograaf genoeg konteks- en koteksleiding sal verskaf en duidelik sal onderskei tussen die sinonieme, gedeeltelike sinonieme en poliseme sodat dit steeds vir die gebruiker duidelik sal wees watter vertaalekwivalent binne watter konteks gebruik moet word om sodoende kommunikatiewe ekwivalensie te kan bewerkstellig.

Artikel 10 is 'n voorbeeld van 'n geval van polidivergensie waar daar vir die gebruiker geen leiding verskaf word nie en daar dus geen is manier waarop hy of sy kan weet watter vertaalekwivalent om binne watter konteks te kies nie. Vir 'n vertaler wat die idioom "break down" moet vertaal, kan die gebrek aan konteks- en koteksleiding dit vir hom of haar baie moeilik maak om die korrekte vertaalekwivalent te identifiseer en in die doeltteks te gebruik.

... ~ *DOWN*, inmeekaarsak, beswyk; in trane uitbars; bly steek; teëspoed kry; onklaar raak; ontleed ...

Artikel 10: "break" (uit GW)

By die voorkoms van vertaalekwivalente waar daar 'n verhouding van divergensie bestaan (hetsy leksikale divergensie, semantiese divergensie of polidivergensie) is dit dus uiters belangrik dat leksikograwe van aanvullende notas en glosse gebruik sal maak om aan die gebruiker die nodige konteksleiding te verskaf. Veral vertalers werk dikwels onder geweldige tyddruk en aanvullende notas en glosse sal hulle terselfdertyd ook help om makliker en vinniger die gepaste ekwivalent op te spoor en sal die soektog na 'n gepaste ekwivalent verkort en sodoende help om die tyddruk effens te verlig.

4.3.4 Zero-ekwivalensie en surrogaatekwivalensie

Dit gebeur ook dat daar idiome in die brontaal bestaan waarvoor daar nie vertaalekwivalente in die doeltaal bestaan nie en sodanige gevalle is voorbeelde van wat genoem word zero-ekwivalensie. In gevalle van zero-ekwivalensie is dit belangrik dat die idiome nie net weggelaat sal word uit die woordeboek nie, maar ook bewerk sal word. Alhoewel dit nie vir die vertaler moontlik gaan wees om in 'n geval van zero-ekwivalensie die idioom in die brontaal met 'n idioom in die doeltaal te vertaal nie, is dit belangrik dat die vertaler steeds die idioom in die tweetalige woordeboek sal kan vind, tesame met die nodige bewerking daarvan. Dit is belangrik dat die leksikograaf dit nie aan die vertaler se intuïsie sal oorlaat om af te lei dat aangesien die brontaalidioom nie 'n geskikte doeltaalidioom het nie, die idioom daarom nie in die woordeboek aangetref word nie. Dit is gewoonlik juis die idiome waarvoor daar nie 'n doeltaalvorm bestaan nie wat vir vertalers die moeilikste is om suksesvol te vertaal (of op 'n ander manier te bewerk). Dit is dus belangrik dat die leksikograaf die vertaler daarop sal attent maak dat daar nie 'n geskikte doeltaalvorm vir die idioom bestaan nie en voorts ook die alternatiewe maniere waarop die idioom in die doeltaal oorgedra kan word, aan die vertaler sal uitwys.

Die beste en maklikste manier om sodanige idiome te bewerk is deur gebruik te maak van surrogaatekwivalensie. Surrogaatekwivalensie behels dat daar vir die brontaalitem (in hierdie geval 'n idioom) 'n surrogaatvertaalekwivalent verskaf word. Aangesien die surrogaatekwivalent juis benodig word as gevolg van die afwesigheid van 'n beter vertaalekwivalent, is 'n surrogaatekwivalent dikwels 'n omskrywing van die betrokke woord of idioom soos gesien kan word in artikel 11. Dit is belangrik dat daar vir die gebruiker aangedui word wanneer die doeltaalvorm 'n idioom is en wanneer nie, met ander woorde, as die doeltaalvorm nie 'n idioom is nie, kan die leksikograaf byvoorbeeld 'n asterisk gebruik om die doeltaalvorm te merk en die woordeboekgebruiker daarvan bewus te maak dat die betrokke vertaalekwivalent nie 'n idioom is nie.

... *GO to great (all) ~s*, alles in jou vermoë doen ...

Artikel 11: "length" (uit GW)

In die geval van idiome gebeur dit ook dikwels dat alhoewel daar nie 'n ekwivalente idioom in die doeltaal bestaan nie, daar wel 'n enkelwoord is om die idioom mee te vervang in die doeltaal, soos gesien kan word in die volgende artikel. Ook hier is dit belangrik dat die gebruiker bewus sal wees dat die vertaalekwivalent nie 'n enkelwoordidioom is nie, maar slegs 'n enkelwoord (sien artikel 12).

... ~ *of mind* gemoedsrus, gerustheid ...

Artikel 12: "peace" (uit PAEW)

'n Belangrike aspek wat leksikograwe dus in gedagte moet hou tydens die samestelling van tweetalige woordeboeke is dat wanneer hulle te make het met 'n idioom in die brontaal waarvoor daar nie 'n idioom in die doeltaal bestaan nie, die idioom steeds bewerk moet word. Die feit dat daar nie 'n idioom in die doeltaal bestaan nie, beteken beslis nie dat woordeboekgebruikers en veral vertalers nie in die praktyk gekonfronteer gaan word met situasies waar die betrokke idioom vertaal moet word nie. Dit

is dus juis van belang dat die leksikograaf die vertalers se behoeftes in ag sal neem en nie die idioom sal weglaat nie, maar sal omskryf en bewerk en minstens 'n surrogaatekwivalent daarvoor sal verskaf.

4.3.5 Register- en ander verskille

In die meeste Suid-Afrikaanse tweetalige woordeboeke word idiome relatief selde van etikette, glosse of konteks- en koteksleiding voorsien. Die woordeboekgebruiker sal meestal slegs 'n idioom en 'n lys vertaalekwivalente aantref. Tog, net soos sommige enkelwoorde, word sekere idiome ook net binne sekere kontekste en sekere registers gebruik. Dit is belangrik dat die leksikograaf die woordeboekgebruiker ook sal help in die bereiking van kommunikatiewe ekwivalensie deur genoegsame leiding te verskaf ten opsigte van wat 'n betrokke idioom se register is en ook binne watter tipe teks en konteks dit gebruik behoort te word. Die gebruik van etikette, glosse en konteks- en koteksleiding maak ekwivalentdiskriminasie makliker vir die woordeboekgebruiker en help hom of haar om te weet watter doeltaalitem om te kies vir die betrokke situasie.


Alhoewel daar registeretikette in beide PAEW en GW aangetref word, is dit meestal net die brontaalitem se register wat aangedui word. Die doeltaalitem word meestal ongeëtiketteer gelaat. Tog is dit belangrik dat leksikograwe in 'n poging om woordeboekgebruikers te help om kommunikatiewe ekwivalensie te bereik ook sal aandag gee aan registerekwivalensie. Dit beteken dat die leksikograaf daarop moet let om vertaalekwivalente van dieselfde register te verskaf, of om indien die register van die brontaalitem en doeltaalitem verskil, van etikette gebruik te maak om dit pertinent onder die woordeboekgebruiker se aandag te bring.

... *bring home the ~ (infml.)* die broodwinner wees ...

Artikel 13: "bacon" (uit PAEW)

In artikel 13 maak die leksikograaf gebruik van die etiket "(infml.)" om aan te dui dat die register van die brontaalidioom informeel is. Daar word egter glad

nie aangedui of die register van die doeltaalvorm dieselfde is nie. Dit is belangrik dat die leksikograaf beide die brontaal- en doeltaalitems sal bewerk om die gebruiker in te lig rakende register en nie net die brontaalitems te bewerk en te aanvaar dat die woordeboekgebruiker self sal weet wat die register van die doeltaalitems is nie. Die rede waarom dit ook veral vir vertalers belangrik is dat registerverskille tussen die bron- en doeltaal aangedui word, is omdat dit allerlei implikasies vir die vertaler inhou. Indien daar van die vertaler verwag word om die styl van die bronteks te behou, is dit belangrik dat hy of sy sal weet dat die brontaalidoom en die doeltaalidoom se register en styl dieselfde is. Indien daar nie 'n doeltaalidoom is waarvan die register en styl ooreenstem met dié van die brontaalidoom nie, moet dit pertinent aan die woordeboekgebruiker uitgewys word. Weereens kan die leksikograaf nie daarop staatmaak dat die woordeboekgebruiker intuïtief sal weet dat die register van die bron- en doeltaalidoom van mekaar verskil nie. In hoofstuk 5 sal daar aandag gegee word aan hoe leksikograwe te werk kan gaan om vertalers en ander woordeboekgebruikers te help in gevalle waar daar wel registerverskille tussen die bron- en doeltaalidome bestaan en hoe leksikograwe vertalers kan help om in sulke gevalle 'n korrekte vertaalekwivalent vir die betrokke idoom te kies.



4.4 Onvasthede by idiome

Alhoewel daar talle idiome is wat totaal vas en bevrore is en waarby daar niks weggeneem, gewysig of bygevoeg kan word nie, is die oorgrote meerderheid idiome in die Germaanse, Romaanse en Niger-Kongo-tale op sekere wyses veranderbaar, smeebaar en "onvas" (Combrink 1989:57). In die volgende gedeelte sal gekyk word na bepaalde wyses waarop idiome onvas kan wees, sowel as die huidige hantering daarvan in GW en PAEW.

4.4.1 Opsionele bykomstige taalbousels

Volgens Combrink is party idiome onvas in dié opsig dat ekstra taalbousels in die idoom ingelas kan word, maar nie noodwendig ingelas hoef te word nie

(1989:57). Moontlike inlasstukke sluit in: opsionele bykomstige woordgroepe, woorde en woorddele.

'n Tweetalige woordeboek behoort, volgens Combrink, die algemeen gangbare, bykomstige opsionele woorde in idiome aan te gee, maar moet hulle konsekwent merk as bykomstig opsioneel (1989:58). Die algemeenste manier om bykomstige opsionele woorde, woordgroepe of woorddele te merk, is deur hulle tussen hakies te plaas (sien artikel 14).

Die probleem wat dikwels in tweetalige woordeboeke aangetref word wat betref die aanbieding van idiome met bykomstige opsionele taalbousels, is die feit dat hulle dikwels óf weggelaat word óf verkeerdelik aangedui word asof hulle 'n wesentliche deel van die betrokke idioom is. In beide artikel 14 en 15 word die bewerking van die idioom "spill the beans" soos aangetref in GW en PAEW aangedui. By die Afrikaanse vertaalekwivalent "met die (hele) mandjie patats vorendag kom" word die woord "hele" in PAEW tussen hakies aangedui as 'n opsionele taalbousel, alhoewel dit nie so aangedui word in GW nie. 'n Vertaler wat dus van GW gebruik maak om die betrokke idioom te vertaal, sal dus nie weet dat die woord "hele" nie 'n wesentliche deel van die idioom is nie, maar 'n opsionele taalbousel wat wel weggelaat kan word.

... *spill the ~s*, ... met die (hele) mandjie patats uitkom ...

Artikel 14: "bean" (uit PAEW)

... *SPELL the ~s*, met die hele mandjie patats vorendag kom ...

Artikel 15: "bean" (uit GW)

Vir die vertaler om die idioom korrek te kan vertaal, is dit noodsaaklik dat opsionele bykomstige taalbousels pertinent aangedui sal word. Verder is dit belangrik dat die leksikograaf ook aandag sal skenk aan die aanbieding van opsionele bykomstige negatiewe woorde (sien 4.4.2). Selfs belangriker nog is dat opsionele bykomstige taalbousels onderskei sal word van alternatiewe bykomstige taalbousels sodat woordeboekgebruikers nie die twee met

mekaar sal verwar nie. Terwyl 'n opsionele bykomstige taalbousel slegs soos die naam sê opsioneel is, is 'n alternatiewe bykomstige taalbousel dikwels nie opsioneel nie en moet een van 'n verskeidenheid alternatiewe deur die vertaler gekies word om aan die idioom die korrekte betekenis, geslag of toon te gee. In 4.4.3 word daar in groter besonderhede aandag gegee aan alternatiewe bykomstige taalbousels.

4.4.2 Opsionele bykomstige negatiewe woorde

Combrink noem dat die negatiewe woorde 'n tipe ekstra is waaraan die leksikograaf spesiale aandag behoort te skenk by die aangawe van idiome in tweetalige woordeboeke (1989:59). Daar bestaan idiome soos byvoorbeeld die idioom "nothing to write home about" (sien artikel 16 en 17) wat oorspronklik slegs in die negatief voorgekom het (alhoewel dit deesdae al hoe meer ook in die positief gebruik word), maar daar bestaan ook verskeie idiome wat in sowel die positief as negatief gebruik kan word en wat met behulp van woorde soos *geen*, *g'n*, *nie*, *niemand*, *niks* en *nooit* negatief gemaak kan word.

... *nothing to ~ **home** about* niks waffers/watwonders (*of* om oor te kraai) nie
...

Artikel 16: "write" (uit PAEW)

... *nothing to ~ **HOME** about*, niks besonders nie ...

Artikel 17: "write" (uit GW)

As 'n bepaalde idioom in die positief én die negatief voorkom (met ander woorde as 'n bepaalde idioom bykomstig opsioneel die inlas van 'n negatiewerder toelaat) kan dit volgens Combrink verwarrend wees as slegs die negatief aangedui word en dit dan nie as bykomstig opsioneel gemerk word nie (1989:60). Die beste leiding wat 'n tweetalige woordeboek aan sy of haar gebruikers kan gee in verband met idiome, is deur die basiese idioomvorm as sodanig aan te dui en dat bykomstige opsionele elemente ook aangedui word (1989:60). Die rede waarom dit belangrik is dat die idioom in

sy basiese vorm aangegee sal word in woordeboeke is dat as die idioom slegs in die negatief aangegee word, gebruikers verkeerdelik die gevolgtrekking kan maak dat die idioom slégs in die negatief gebruik mag word. In die onderstaande artikel (artikel 18) uit GW word die volgende idioom slegs in die negatief gebruik. Tog, as 'n mens dieselfde idioom in PAEW (artikel 19) en in TFW (artikel 20) gaan opsoek, vind 'n mens dat die idioom in beide die positief sowel as die negatief aangegee word. Sodoende kan die woordeboekgebruiker duidelik sien dat dit nie slegs in die negatief gebruik word nie en word onnodige verwarring aan die kant van die gebruiker uitgeskakel.

... *it is no ~ of YOURS*, dit gaan jou nie aan nie; dit traak jou nie ...

Artikel 18: "concern" (uit GW)

... *it is no ~ of his/hers* dit is nie sy/haar saak nie, dit gaan hom/haar nie aan nie; *s.t. is of no ~ to s.o.* iets is vir iemand van geen belang nie; *s.t. is of ~ to s.o.* iets is vir iemand van belang ...

Artikel 19: "concern" (uit PAEW)

... *it is no concern of HIS* dit is nie SY saak nie, dit gaan HOM nie aan nie; *s.t. is of no concern to s.o.* iets is vir iem. van geen belang nie; *s.t. is of concern to s.o.* iets is vir iem. van belang ...

Artikel 20: "concern" (uit TFW)

'n Leksikograaf kan nie by al die idiome wat in die woordeboek voorkom die positief sowel as die negatief aandui nie omdat dit geweldig baie plek gaan opneem. Daarom noem Combrink dat die negatiewe variant (naas die basiese positief) slegs aangegee hoef te word as die negatief een of meer vertalings het wat nie uit die positiewe aangawe afgelei kan word nie (1989:60).

Ook met betrekking tot die aangawe van die negatiefvorm van 'n idioom is dit belangrik dat die leksikograaf nie daarop sal staatmaak dat die gebruiker

noodwendig sal weet dat as die idioom in die negatief aangedui word dit in die positief ook gebruik sal kan word nie. Dit is belangrik dat inligting oor wanneer 'n idioom in die positief sowel as die negatief gebruik kan word en wanneer 'n idioom slegs in die negatief gebruik kan word, pertinent aan gebruikers uitgewys sal word. Juis om hierdie rede ag Combrink dit so belangrik dat die idioom altyd in die basiese idioomvorm aangegee sal word (1989:60).

4.4.3 Alternatiewe bykomstige taalbousels

Volgens Combrink is daar by idiome ook onvasthede wat hy "alternatiewe woorde en woordgroepe" noem (1989:62). Hierdie alternatiewe bousels noem hy is nóg opsioneel nóg bykomstig. Anders as by opsionele bykomstige taalbousels waar die bousels (soos die naam sê) opsioneel is, gaan dit nie in hierdie geval oor die vraag of die gebruiker die bousel wil gebruik al dan nie, maar dit gaan oor 'n keuse tussen twee of meer verpligte bousels.

In PAEW word alternatiewe bykomstige taalbousels in die brontaal, sowel as in die doeltaal aangedui met behulp van óf hakies en die woord "or" of "of" óf 'n skuinsstreep (/) om die alternatiewe aan die gebruiker uit te wys en dit terselfdertyd te onderskei van die opsionele bykomstige taalbousels wat ook tussen hakies aangedui word (sien artikel 21 en 22).

... *have an* ~ **on** *s.t.* 'n ogie (*of* die oog) op iets hê; iets in die oog hê ...

Artikel 21: "eye" (uit PAEW)

... ~ **the way** die weg baan/berei ...

Artikel 22: "pave" (uit PAEW)

Hierdie verskillende aanbiedings van die alternatiewe bousels kan gebruikers geweldig verwar omdat die gebruiker nie noodwendig sal beseef dat daar in beide gevalle alternatiewe bousels aangebied word nie. Hierdie inkonsekwente aanbieding is selfs nog meer verwarrend as beide vorme van

aanbieding in een artikel aangetref word (sien artikel 23), veral aangesien daar boonop nie net alternatiewe bousels in die artikel aangetref word nie, maar ook 'n verskeidenheid opsionele bousels. Dit is belangrik dat die leksikograaf die data op so 'n wyse sal aanbied dat die gebruiker (of vertaler) maklik sal kan aflei wat presies dit is wat die leksikograaf probeer weergee en hoe die vertaler die inligting wat aangebied word in die betrokke artikel in sy of haar teks kan of moet gebruik.

... *keep an ~ (or a sharp/watchful ~) on s.o./s.t., (infml.)* 'n (noulettende/streng) ogie/oog oor iem./iets hou; iem./iets (fyn/goed/noukeurig) dophou, die/'n oog (*of 'n [fyn] ogie*) op iem./iets hou, iem./iets (goed/noukeurig) in die oog hou ...

Artikel 23: "eye" (uit PAEW)

Die aanbieding van alternatiewe taalbousels in GW is ook nie juis geslaagd nie, omdat die aanbieding van opsionele taalbousels (artikel 24) en alternatiewe taalbousels (artikel 25) op presies dieselfde manier aangebied word en die gebruiker geen manier het om te weet in watter geval dit 'n opsionele taalbousel is en wanneer dit 'n alternatiewe taalbousel is nie.



...*GO to great (all) ~s*, alles in jou vermoë doen ...

Artikel 24: "length" (uit GW)

... *make (both) ~s MEET*, die tering na die nering sit; uitkom (regkom) met wat jy het ...

Artikel 25: "end" (uit GW)

Nog 'n probleem wat ontstaan by die aanbieding van alternatiewe taalbousels is wanneer die woordeboek nie die verskillende alternatiewe in die artikel aanbied nie, maar slegs een van die alternatiewe aanbied en dit dan boonop laat lyk asof die alternatief nie net 'n alternatief is nie, maar 'n wesenlike deel van die betrokke idioom.

'n Voorbeeld van so 'n geval waar die alternatiewe taalbousels nie pertinent aangedui word nie, is die idioom "to see something in a certain light". In die geval van hierdie idioom kan die woord "certain" vervang word met een van 'n verskeidenheid byvoeglike naamwoorde, byvoorbeeld "to see something in a *good* light", "to see something in a *bad* light" of "to see something in a *different* light". Tog bly die basiese idioom in die doeltaal deurgaans dieselfde, naamlik "om iets in 'n goeie/slegte/ander lig te beskou". In GW word hierdie idioom nêrens gelys nie en die bewerking daarvan in PAEW (artikel 26) is ook nie veel beter nie.

... see s.t. in a *different* ~ iets in 'n ander lig beskou ...

Artikel 26: "light" (uit PAEW)

Dié wyse van aangawe soos dit aangetref word in PAEW laat dit ten onregte lyk asof "different" 'n wesenlike deel van die betrokke idioom is, terwyl dit juis nie is nie. 'n Vertaler wat byvoorbeeld die idioom "to see something in a bad light" moet vertaal en PAEW gaan raadpleeg gaan nie noodwendig weet dat hierdie idioom op dieselfde wyse vertaal kan word as die idioom "to see something in a different light" wat in PAEW aangetref word nie. Juis daarom is dit belangrik dat ten minste al die algemeenste alternatiewe vir die gebruiker uitgewys sal word en dat die alternatiewe bousels slegs aangedui sal word as alternatiewe en nie as wesenlike dele van die idioom nie.

4.5 Ten slotte

Dit is duidelik dat daar baie ruimte vir verbetering is ten opsigte van die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke. In die volgende hoofstuk sal gepoog word om 'n model daar te stel ten einde leksikograwe te help om die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke sodanig te verbeter dat dit gebruikersvriendeliker en 'n groter hulp vir vertalers sal wees.


Hoofstuk 5

'N MOONTLIKE MODEL VIR DIE BEWERKING VAN IDIOME IN TWEETALIGE WOORDEBOEKE

"In every language, human beings use idioms. In every language, those idioms share a common property. Decompose any idiom into its constituent words, look at the meaning of those words, and there is no way to reconstruct the idiom. In other words, the word-for-word interpretation of any idiom makes no sense whatsoever. Unless you have a dictionary specifically for translating English-language idioms, give up any hope of translating them."

~ Weiss 2004

Soos reeds gesien in die vorige hoofstukke hou die vertaling van idioome talle probleme in vir vertalers en dra die huidige bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke geensins daartoe by om vertalers te help om die vertaaltaak te vergemaklik nie.



Alhoewel die ideale oplossing vir die vertaler se probleem 'n volledige lys ten volle bewerkte idioome as buitetekst, of andersins die insluiting van idioome as volwaardige hooflemmas in die vertikale ordening van die sentrale lys sal wees, is daar om praktiese redes, maar ook vanuit die leksikografieteorie talle beperkings en randvoorwaardes wat in gedagte gehou moet word.

'n Lys idioome as 'n buitetekst is 'n handige manier om idioome aan te bied en te bewerk, maar dis dikwels problematies. Die alfabetiese lysing van idioome kan 'n baie ingewikkelde saak wees, omdat dit moeilik is om te bepaal hoe die idioom gelys moet word en die woordorde van die idioom dikwels ook afhang van die teks en konteks waarbinne dit gebruik word. Dit alles maak dit vir die leksikograaf moeilik om die idioome op 'n suksesvolle en gebruikersvriendelike

wyse binne 'n buiteteks aan te bied en te bewerk. Gevolglik moet daar gesoek word na alternatiewe aanbiedings- en bewerkingsmoontlikhede.

In die volgende gedeelte word daar gekyk na 'n moontlike model vir die verbeterde bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke om te verseker dat dit gebruikersvriendeliker is vir vertalers.

5.1 Aanbieding

Soos reeds genoem in die vorige hoofstuk is die onvoldoende manier van aanbieding van idiome in tweetalige woordeboeke een van die redes waarom hierdie woordeboeke vertalers nie genoegsaam help tydens die vertaling van idiome nie.


Tans word idiome en die vertaalekwivalente daarvan in tweetalige woordeboeke aangebied as deel van die semantiese kommentaar van die lemmas waaronder hulle aangetref word en hulle word gewoonlik tussen die voorbeeldmateriaal gevind. Alhoewel die idioom op sigself 'n leksikale item is wat eintlik lemmastatus behoort te hê, maak dit in huidige woordeboeke slegs deel uit van die mikrostruktuur. Hierdie werkswyse ontken nie net die leksikale-itemstatus van idiome nie, maar impliseer dikwels ook 'n semantiese verband tussen 'n idioom en die voorafgaande hooflemma. Tog is daar talle ander maniere waarop die idiome binne die sentrale teks aangebied kan word wat nie net die bewerking gebruikersvriendeliker sal maak nie, maar vertalers ook sal help om vinnig en maklik by die korrekte idioom en 'n gepaste vertaalekwivalent uit te kom.

Een van die eerste veranderinge wat leksikograwe kan aanbring om die bewerking van idiome te verbeter, is deur idiome te verhef tot makrostrukturele bewerkingseenhede.

'n Onderskeid kan getref word tussen 'n makrostruktuur met 'n vertikale ordening van lemmas en een met 'n vertikale en 'n horisontale ordening (Gouws & Prinsloo 2005a:95).

Tradisioneel word slegs vertikaal geordende lemmas as hooflemmas gesien, terwyl horisontaal geordende lemmas gewoonlik lemmas is met slegs sublemmastatus.

Een van die hoofredes waarom leksikograwe van horisontale ordening gebruik maak, is in 'n poging om plek te bespaar. Daar kan ook van verdere teksverdigting en plekbesparing gebruik gemaak word, deur die lemmas se gemeenskaplike aanvangselement weg te laat en te vervang met 'n plekbesparingsmerker soos byvoorbeeld 'n tilde (~). In artikel 27 kan gesien word hoe die horisontale ordening van lemmas by "bacon" en "bacterial" verder verdig word met behulp van die tilde. In gevalle waar leksikograwe by die horisontale ordening van teksverdigting gebruik maak, kan die gebruiker slegs die lemma bereik via die vertikaal geordende hooflemma. Dis is dus 'n omslagtige proses om by die korrekte vertaalekwivalent van 'n lemma soos byvoorbeeld "bacon rind" uit te kom (sien artikel 27).



back´yard, agterplaas; ~ **mechanic**, tuiswerktuigkundige, werfwerktuigkundige.

bac´on, spek, varkspek; spekvleis, *bring HOME the ~*, die paal haal; die draai kry; *SAVE one´s ~*, daar heelhuids van afkom; *STREAKY ~*, streepspekvleis; ~ **beetle**, spektor; ~**er**, spekvark; ~ **rind**, swoer(d); ~ **roll**, spekrolletjie; ~**y**, spekagtig.

Baco´nian, (-s), Baconvolgeling.

bacter´ial, bakteries; ~ **blight**, vlamsiekte (druive); ~ **disease**, bakteriesiekte; ~ **wilt**, bakteriese verwelksiekte, moko.

Artikel 27: "backyard", "bacon", "Baconian" en "bacterial" (uit GW)

Sodanige lemmas wat deur 'n plekbesparingsmerker en 'n lemmadeel verteenwoordig word en wat slegs bereik kan word via die voorafgaande voluitgeskrewe hooflemma en/of via 'n lemmadeel in 'n nis- of neseksteerne ingangsisie, staan as sublemmas bekend.

In gevalle waar die horisontaal geordende lemmas nie verdig is nie, maar volledig uitgeskryf word soos in die volgende artikel uit VAW, is die

voorafgaande vertikaal geordende lemma nie die enigste manier om by die horisontaal geordende lemmas uit te kom nie, en dit is vir die woordeboekgebruiker heelwat makliker om by die betrokke horisontaal geordende lemma uit te kom. In gevalle waar die horisontaal geordende lemmas volledig uitgeskryf word en 'n streng alfabetiese ordening handhaaf, funksioneer hulle dus nie as sublemmas nie, maar as volwaardige hooflemmas.

asyn. Suur vloeistof deur gisting verkry, bestaande uit water en asynsuur;
asynagtig; asynbottel; asyneksrak; asynerig; asynflessie; asynlug;
asynmakery; asynmoer; asynsmaak; asynsout; asynstandertjie;
asynsuur; asynvaatjie.

Artikel 28: "asyn" (uit VAW)

Die lys van idioome as vertikale hooflemmas is problematies, omdat dit moeilik is om te bepaal waar in die sentrale alfabetiese lys die idioome gelys moet word. Tog is dit belangrik dat die idioome nie slegs deel sal uitmaak van die woordeboek se mikrostruktuur en saam met die voorbeeldmateriaal aangebied sal word nie, maar dat dit vollediger bewerk sal word. Deur idioome in te sluit in die woordeboek as horisontaal geordende lemmas, word die probleem uitgeskakel wat sou ontstaan as die idioome vertikaal georden sou word, maar dit is steeds vir die woordeboekgebruiker maklik om die idioom waarvoor 'n vertaalekwivalent gesoek word, op te spoor. Sodoende kan die idioom voorsien word van 'n bewerking en is die vertikaal geordende lemma nie die enigste manier om by die idioom uit te kom nie. Die aanbieding van idioome in tweetalige woordeboeke sal dus as volg daar uitsien.

bacon, spek, varkspek; spekvleis, **bring HOME the bacon**, die paal haal; die draai kry; **SAVE one's bacon**, daar heelhuids van afkom; **STREAKY** ~, streepspekvleis; ~ **beetle**, spektor; ~**er**, spekvark; ~ **rind**, swoer(d); ~ **roll**, spekrolletjie; ~**y**, spekagtig.

Artikel 29: "bacon" (aangepas uit GW)¹

bacon vark(spek), spekvleis; rookspek, ontbytspek; **bring home the bacon**, (*infml.*) die broodwinner wees; ~ *and eggs* eiers met spek; **save one's bacon** die situasie (*of jou bas*) red, heelhuids daarvan afkom. ~ **beetle** spektor. ~ **rind** swoerd. ~ **roll** spekrolletjie, spekvleisrol.

Artikel 30: "bacon" (aangepas uit PAEW)

Leksikograwe kan verder gaan en die aanbieding van idiome in tweetalige woordeboeke verder verbeter deur van 'n nuwe tipe neslemmatisering gebruik te maak. Neslemmatisering kom voor wanneer die leksikograaf afwyk van 'n streng alfabetiese ordening en al die lemmas binne een nes plaas, eerder as om van nislemmatisering gebruik te maak en die lemmas volgens 'n streng alfabetiese ordening te rangskik.

In die geval van nislemmatisering word die vertikale sowel as horisontale lemmas en hoof- sowel as sublemmas streng alfabeties georden en word daar nie afgewyk van die ordening nie. Die lemmas binne die nis toon ook 'n interne alfabetiese ordening wat die volgende vertikaal geordende lemma voorafgaan. Nislemmatisering sien as volg daaruit:

¹ In hierdie artikel, sowel as die aangepaste artikels wat volg, is slegs die aspek wat daar in die voorafgaande gedeelte bespreek is, aangepas. 'n Volledig verbeterde artikel word aan die einde van die hoofstuk aangetref.

glow, (n) gloed, vuur; rooi kleur; (v) gloei, blaak, brand; ~ *with*, gloei van; ~ **bracelet**, hangkaatser.

glow'er, aanstaar, dreigend (boos) aankyk; ~**ing**, aanstaring.

glow: ~**ing**, gloeiend, vurig, blakend; ~**lamp**, gloeilamp; ~**worm**, glimwurm, ligwurm.

Artikel 31: "glow" (uit GW)

In die geval van neslemmatisering sien dieselfde lemma as volg daaruit:

glow *n.* gloed; vuur; rooi kleur; skynsel; blosende kleur; *be in a ~, (fig.)* gloei, gloeiend wees. **glow** *ww.* gloei; brand; smeul; skyn; straal; →**GLOWING** *adj.*; ~ *with* ... brand/gloei van ...; *keep om ~ing* nagloei. ~ **lamp** gloeilamp. ~ **worm** glimwurm(pie), ligkewer; →**FIREFLY**.
glower ...

Artikel 32: "glow" (uit PAEW)

By die lemmas waar daar van neslemmatisering gebruik gemaak word, vorm daar dus as 't ware teksblokke met die verskillende tipes inligting in, maar vorm dit steeds 'n geheel, of 'n nes. Indien leksikografe die aanbieding van idiome in tweetalige woordeboeke verder wil verbeter nadat daar aan die idiome sublemmastatus gegee is, kan daar van neslemmatisering gebruik gemaak word om teksblokke binne die artikeltrajek te vorm. Teksblokke behels dat soortgelyke datatipes saam gegroepeer word. Hierdie soeksones kan byvoorbeeld binne die artikel die volgende insluit: blokke vir elk van die vertaalekwivalente tesame met hul semantiese subkommentare met genoegsame konteksleiding en/of voorbeeldmateriaal en 'n blok vir kollokasies. Binne die artikeltrajek kan dit 'n blok vir sublemmas insluit. Afsonderlike teksblokke vir idiome kan dan ook geheg word aan die artikel van die hooflemma. Deur van hierdie teksblokke gebruik te maak in die bewerking van idiome, word verseker dat die idiome nie tussen die ander voorbeeldmateriaal aangebied word nie, maar maklik is om raak te sien en te gebruik omdat die idiome nou 'n prominente posisie kry as

makrostruktuuritems. Deur gebruik te maak van 'n kitstoegangstruktuur kan die teksblok met idioome ook verder aan die gebruiker uitgelig word met behulp van struktuurmerkers soos byvoorbeeld **IDM.** of **UITDR.** Indien daar van teksblokke gebruik gemaak sou word in die volgende artikels, sou dit as volg daar uitsien.

bacon, spek, varkspek; spekvleis, streepspekvleis; *STREAKY* ~; ~ **beetle**, spektor; ~**er**, spekvark; ~ **rind**, swoer(d); ~ **roll**, spekrolletjie; ~**y**, spekagtig.
IDM.: *bring HOME the ~*, die paal haal; die draai kry; *SAVE one's ~*, daar heelhuids van afkom.

Artikel 33: "bacon" (aangepas uit GW)

bacon vark(spek), spekvleis; rookspek, ontbytspek; ~ *and eggs* eiers met spek; ~ **beetle** spektor. ~ **rind** swoerd. ~ **roll** spekrolletjie, spekvleisrol.
IDM.: *bring home the bacon*, (*infrm.*) die broodwinner wees; *save one's bacon* die situasie (*of jou bas*) red, heelhuids daarvan afkom.

Artikel 34: "bacon" (aangepas uit PAEW)

Indien al die voorgestelde verbeterings ten opsigte van die aanbieding van idioome nou saamgevoeg sou word, sou die nuwe verbeterde artikel vir die lemma "bacon" as volg daar uitsien.

bacon, spek, varkspek; spekvleis, streepspekvleis.
STREAKY ~.
~ **beetle**, spektor; ~**er**, spekvark; ~ **rind**, swoer(d); ~ **roll**, spekrolletjie; ~**y**, spekagtig.
IDM.: *bring HOME the bacon*, die paal haal; die draai kry; *SAVE one's bacon*, daar heelhuids van afkom.

Artikel 35: "bacon" (aangepas uit GW)


Deur afsonderlike teksblokke te skep vir die koteksinskrifings en die sublemmas, kan die mikrostruktuur van die artikel en daarmee saam ook die aanbieding van idioome genoegsaam verbeter word sodat die

woordeboekgebruiker maklik kan sien in watter geval die teks 'n sublemma, kollokasie, voorbeeldsin of idioom is. Weens die feit dat die idiome ook aangebied word as horisontaal geordende sublemmas binne 'n aparte teksblok, help dit vertalers om vinnig en maklik die idioom waarna hulle soek op te spoor. Dit alles sal daartoe bydra om vertalers se soektog na 'n idioom in die doeltaal om 'n brontaalidioom mee te vertaal aansienlik vergemaklik.

5.2 Vertaalekwivalente

Soos genoem in die vorige hoofstuk is die aanbieding van idiome in tweetalige woordeboeke beslis nie die enigste probleem nie en is die vertaalekwivalente wat verskaf word, sowel as die bewerking daarvan dikwels 'n selfs groter probleem vir vertalers wanneer dit kom by die korrekte vertaling van idiome.

In die volgende gedeelte sal gekyk word na verskeie moontlike oplossings met betrekking tot die probleem van idiome, hul vertaalekwivalente en hul bewerkings in tweetalige woordeboeke.



5.2.1 Ekwivalensie

Soos genoem in die vorige hoofstuk (sien 4.3.1) raadpleeg gebruikers meestal tweetalige woordeboeke op soek na 'n vertaalekwivalent om 'n spesifieke woord, uitdrukking of idioom in die brontaal in die doeltaal mee te vervang. Vertalers raadpleeg dus nie net woordeboeke om hulle te help met teksresepsie nie, maar wel om hulle te help met teksbegrip en teksproduksie. Tog is gevind dat daar aan gebruikers weinig konteks- en koteksleiding verskaf word sodat hulle kan weet watter vertaalekwivalent om binne watter konteks of situasie te gebruik en dat hierdie tekort aan konteks- en koteksleiding dit vir gebruikers baie moeilik maak om kommunikatiewe ekwivalensie te bereik.

Wanneer vertalers van tweetalige woordeboeke gebruik maak tydens die vertaling van idiome, is dit omdat hulle op soek is na 'n korrekte vertaalekwivalent vir 'n betrokke idioom. Dit is daarom belangrik dat leksikograwe nie net sal aandag gee aan die verskaffing van vertaalekwivalente nie, maar ook die verskaffing van genoegsame konteks- en kontekstleiding om die vertaler te help om vinnig en maklik die korrekte vertaalekwivalent op te spoor en om dit reg te gebruik. Erkenning van idiome as sublemmas behoort ook tot 'n volwaardige bewerking te lei. Hierdie konteks- en kontekstleiding kan aangebied word in die vorm van voorbeeldmateriaal en addisionele inligting (byvoorbeeld glosse).

In gevalle waar daar 'n verhouding van absolute ekwivalensie bestaan tussen die brontaalidioom en die doeltaalidioom, bestaan daar dus sowel semantiese as kommunikatiewe ekwivalensie tussen die bron- en doeltaal en die idioom kan gewoonlik maklik en probleemloos vertaal word (sien 4.3.2). Dit is egter die gevalle waar daar nie 'n verhouding van absolute ekwivalensie en kongruensie bestaan nie, waar vertalers probleme ondervind tydens die vertaling van idiome. In die volgende gedeelte sal gekyk word na die wyse waarop hierdie probleem hanteer kan word en hoe die bewerking van die vertaalekwivalent verbeter kan word om vertalers genoegsaam te help om die korrekte vertaalekwivalent vir 'n betrokke idioom binne 'n betrokke konteks te kan opspoor.

5.2.2 Divergensie

Dit gebeur dikwels dat daar vir 'n brontaalidioom meer as een vertaalekwivalent in die doeltaal bestaan, maar dat die onderskeie vertaalekwivalente slegs gedeeltelike sinonieme is of selfs verskillende polisemiese waardes van die brontaalidioom verteenwoordig. In hierdie gevalle is dit veral belangrik dat die leksikograaf die vertaler genoegsaam sal help, om te verseker dat die korrekte vertaalekwivalent binne die korrekte konteks gebruik sal word.

In die geval van leksikale divergensie waar daar 'n verhouding van gedeeltelike ekwivalensie tussen die onderskeie vertaalekwivalente bestaan, is dit eerstens belangrik dat daar vir die woordeboekgebruiker aangedui sal word dat die vertaalekwivalent(e) nie absoluut ekwivalent is aan mekaar nie, maar slegs gedeeltelik ekwivalent. Indien die bron- en doeltaalidiome slegs gedeeltelik ekwivalent is as gevolg van byvoorbeeld registerverskille, is dit nodig dat die leksikograaf nie net die verskille aan die gebruiker sal uitwys nie, maar ook die nodige konteks- en/of koteksleiding sal verskaf sodat die gebruiker sal weet watter vertaalekwivalent om binne watter konteks te gebruik, al dan nie. In artikel 36 kan gesien word hoe 'n gebrek aan konteks- en koteksleiding dit vir die gebruiker baie moeilik maak om te weet watter vertaalekwivalent om binne watter konteks te kies.

... *s.o. is in ~ for s.t.* iem. kom vir iets in aanmerking, iem. het 'n kans op iets
...

Artikel 36: "line" (uit PAEW)

Dit is veral belangrik dat leksikograwe genoegsame leiding aan woordeboekgebruikers sal bied in die geval van semantiese divergensie (met ander woorde in gevalle waar die brontaalidoom polisemies is). Soos gesien kan word in artikel 37, word poliseme in GW en PAEW tans slegs aangedui met behulp van 'n kommapunt en daar word aan die woordeboekgebruiker min of geen addisionele inligting gebied om te help om die korrekte vertaalekwivalent vir die betrokke teks of konteks te kies nie.

... *KEEP an ~ (up)on*, dophou; 'n oog hou oor ...

Artikel 37: "eye" (uit GW)

... *WASH one's ~s of something*; die hande in onskuld was; niks met iets te doen wil hê nie ...

Artikel 38: "hand" (uit GW)

Artikel 37 en 38 is voorbeelde van artikels waar daar semantiese divergensie voorkom. Nie net word daar nie aan die gebruiker uitgewys wat die betekenisverskille tussen die onderskeie vertaalekwivalente is nie, maar die gebruiker weet boonop ook nie watter vertaalekwivalent om binne watter tipe teks en/of konteks te gebruik nie. Daar word ook nie vir die gebruiker aangedui dat slegs een van die vertaalekwivalente 'n idioom is en die ander slegs 'n betekenisverklaring is nie. Dit is dus belangrik dat die leksikograaf aan die woordeboekgebruiker die nodige konteks- en kontektsleiding sal verskaf en die gebruiker sal attent maak op die verskillende betekenisonderskeidinge. Dit kan gedoen word met behulp van glosse of voorbeeldmateriaal. Deur glosse met aanvullende inligting in te voeg soos in artikel 39 en 40, word die bewerking gebruikersvriendeliker gemaak. Die leksikograaf moet egter konsekwent te werk gaan by die invoeging van glosse en hy/sy kan dit nie net lukraak invoeg nie. Dit is belangrik dat alle vertaalekwivalente waarvan die konteks of betekenis onduidelikheid kan veroorsaak van glosse voorsien sal word. Slegs in gevalle waar daar geen onduidelikheid bestaan ten opsigte van die betekenis of konteks nie, kan die glos of kontektsleiding weggelaat word (byvoorbeeld by die tweede vertaalekwivalent in artikel 40). Vanuit 'n vertalersoogpunt is die invoeging van hierdie addisionele inligting veral belangrik omdat vertalers gewoonlik onder tyddruk werk en dus so vinnig moontlik by die korrekte vertaalekwivalent moet uitkom. Deur die glosse in te voeg word die vertalers se soektog beperk tot net een woordeboek en hoef hulle nie nog ander bronne ook te raadpleeg om vas te stel binne watter teks en konteks die onderskeie vertaalekwivalente gebruik moet word nie.

Aangesien vertalers en ander woordeboekgebruikers gewoonlik heel eerste gaan soek na 'n doeltaalidioom om die brontaalidioom mee te vertaal, is dit dus belangrik dat die onderskeie vertaalekwivalente ook sodanig gelys sal word, met ander woorde deur eers die vertaalekwivalente te lys wat wel idiome is en daarna dié te lys wat slegs enkelwoorde of omskrywings is (sien artikel 39 en 40).

... *WASH one's ~s of something*; die hande in onskuld was (nie verantwoordelikheid aanvaar nie); niks met iets te doen wil hê nie ...

Artikel 39: "hand" (aangepas uit GW)

... *KEEP an ~ (up)on*, 'n oog hou oor (sorg vir); dophou (dikwels met 'n onvriendelike bybedoeling) ...

Artikel 40: "eye" (aangepas uit GW)

Ook in gevalle waar daar polidivergensie in die artikel voorkom, is dit belangrik dat daar genoegsame leiding aan die gebruiker verskaf sal word sodat hy of sy vinnig en maklik die korrekte vertaalekwivalent kan identifiseer. In artikel 41 kan gesien word hoe die bewerking van die idioom "break down" verbeter kan word met behulp van konteksleiding en hoeveel makliker dit is om die korrekte vertaalekwivalent op te spoor in hierdie aangepaste artikel.

... ~ *DOWN*, inmeekaarsak, beswyk (neerval of sterf); in tranes uitbars (huil); bly steek (bly staan); teëspoed kry (voertuigprobleme); onklaar raak (breek of gaan staan); ontleed (in dele skei of analiseer) ...

Artikel 41: "break" (aangepas GW)

5.2.3 Zero-ekwivalensie en surrogaatekwivalensie

Net soos by enige enkelwoorde, bestaan daar ook by idiome gevalle van zero-ekwivalensie, met ander woorde waar daar geen vertaalekwivalente in die doeltaal bestaan nie. Soos genoem in 4.3.4 is dit steeds belangrik dat leksikograwe sulke idiome in die woordeboek sal opneem en dan van 'n betekenisomskrywing of 'n surrogaatekwivalent sal voorsien.

Omdat die woordeboekgebruiker uitgaan van die veronderstelling dat indien die brontaalitem 'n idioom is, die doeltaalidioom ook 'n idioom sal wees, is dit baie belangrik dat die leksikograaf dit pertinent aan die woordeboekgebruiker sal uitwys, indien 'n idioom van 'n surrogaatekwivalent voorsien word (met ander woorde as die vertaalekwivalent nie 'n idioom is nie) sodat die gebruiker

sal weet dat die betrokke vertaalekwivalent slegs 'n betekenisomskrywing of 'n enkelwoord is wat dieselfde betekenis dra as die brontaalidoom. Dit kan gedoen word deur surrogaatekwivalente te voorsien van 'n eenvoudige struktuurmerker soos byvoorbeeld 'n asterisk (*) of iets soortgelyks (⌘, ⊕ of ■) soos gesien kan word in artikel 42 en 43.

... *GO to great (all) ~s, *alles in jou vermoë doen ...*

Artikel 42: "length" (aangepas uit GW)

... ~ *of mind* ⌘ gemoedsrus, ⌘ gerustheid ...

Artikel 43: "peace" (aangepas uit PAEW)

5.2.4 Vals vriende (faux amis)

Nog 'n moontlike slagkat waarvan leksikograwe die woordeboekgebruikers bewus moet maak, is die geval van vals vriende (ook bekend as faux amis). Vals vriende is wanneer dit lyk asof daar 'n ekwivalentverhouding bestaan tussen twee woorde (of idiome) op grond van sekere ooreenkomste, terwyl die twee woorde (of idiome) inderwaarheid nie ekwivalent is aan mekaar nie (Sien ook Gouws et al.: 2004:797-806 vir meer inligting oor vals vriende). Hayward en Moulin beskryf vals vriende as volg:

"Confusion arises because word A (which belongs to the foreign language ...) looks or sounds exactly or nearly like word B, which belongs to the ... mother tongue. The user then establishes an unwarranted interlingual equivalence on the basis of this total or partial similarity"

~ Hayward en Moulin in Gouws 1989:179

Een so 'n voorbeeld van vals vriende is die idiome waarna reeds verwys is in 3.2, naamlik "to pepper someone" en "om iemand te peper". Die betekenis van die Engelse idioom "to pepper someone" beteken om iemand met vrae te bestook, terwyl "om iemand te peper" beteken om iemand te slaan (Prinsloo 2004:274). Dit is belangrik dat die leksikograaf die gebruiker daarop attent sal maak dat "to pepper someone" nie vertaal kan word met "om iemand te

peper" nie (sien artikel 44). Dit kan byvoorbeeld gedoen word met behulp van 'n glos of addisionele nota na die idioom.

... ~ *s.o./s.t. with ... iem./iets met ... bestook (vrae ens.) [nie iemand peper met ... nie] ...*

Artikel 44: "pepper" (aangepas uit PAEW)

Dieselfde geld ook vir die idioom "make out with someone" en die uitdrukking "met iemand uitmaak". Terwyl die Engelse idioom beteken om met iemand te vry, beteken die Afrikaanse uitdrukking dat mens 'n verhouding beëindig. Alhoewel die twee uitdrukkings dus eenders lyk, is hulle betekenis baie verskillend en dit is weereens belangrik dat die leksikograaf die woordeboekgebruikers daarvan bewus sal maak (sien artikel 45).

... ~ *out with s.o., (Am., infml.) 'n vryery met iemand hê [Let wel: Hierdie idioom kan nie vertaal word as met iemand uitmaak nie] ...*

Artikel 45: "make" (uit PAEW)

Sodoende kan die leksikograaf die vertaler help om te voorkom dat idioome verkeerd vertaal word as gevolg van vals vriende wat in die doeltaal voorkom.

5.2.5 Regstreekse vertalings (leenvertalings)

Nog iets waarop leksikograwe moet let by die bewerking van idioome in tweetalige woordeboeke is om woordeboekgebruikers (en vertalers) daarvan bewus te maak dat alhoewel sommige idioome dikwels in die spreektaal regstreeks vertaal word, die regstreekse vertaling (ook genoem 'n leenvertaling of calque) nie altyd die korrekte een is nie. Voorbeelde van sulke gevalle is die Engelse idioome "born with a silver spoon in one's mouth" en "blood is thicker than water". Hierdie idioome word dikwels direk vertaal as "met die silwer lepel in die mond gebore wees" en "bloed is dikker as water", terwyl hulle korrekte Afrikaanse vertalings is "met 'n goue lepel (in die mond) gebore wees" en "bloed kruip waar dit nie kan loop nie".

Weereens, net soos in die geval van vals vriende, kan leksikograwe van glosse of notas gebruik maak om die woordeboekgebruiker (en veral die vertaler) attent te maak op die feit dat hierdie idiome dikwels verkeerd vertaal word (sien artikel 46 en 47).

... *born with a SILVER ~ in one's mouth*, met 'n goue lepel gebore wees
[Nie 'n *silwer* lepel nie]; 'n gelukskind wees ...

Artikel 46: "spoon" (aangepas uit GW)

... ~ *is thicker than water* bloed kruip waar dit nie kan loop nie [Nie *bloed is dikker as water* nie.] ...

Artikel 47: "blood: (aangepas uit PAEW)

5.2.6 Register

Die register van idiome en die vertaalekwivalente daarvan is ook iets wat leksikograwe duidelik aan die woordeboekgebruikers moet uitwys. Dit gebeur dikwels dat die brontaalidoom binne een register val, terwyl die doeltaalidoom se registers nie almal dieselfde is as dié van die brontaalidoom nie. In sulke gevalle is dit belangrik dat die leksikograwe van etikette gebruik sal maak om die verskillende registers aan te dui, anders kan dit maklik gebeur dat 'n vertaalekwivalent vir 'n idioom gekies word waarvan die register nie ooreenstem met dié van die brontaalidoom nie.

Woordeboekgebruikers gaan gewoonlik van die veronderstelling uit dat indien die register van 'n woord of idioom nie aangedui is nie, die woord of idioom se register neutraal is. Tog is dit nie altyd die geval nie.

In PAEW word die register van die idioom "spill the beans" aangedui by die idioom se bewerking onder die lemma "bean" (artikel 48), maar daar is geen aanduiding van register by dieselfde idioom se bewerking onder "spill" (artikel 49) nie. Daar word ook nie vir die woordeboekgebruiker aangedui wat die register van die vertaalekwivalente is en of hulle register dieselfde is as dié van die brontaalidoom nie.

... *spill the ~s*, (*infml.*) die aap uit die mou laat, met die (hele) mandjie patats uitkom ...

Artikel 48: "bean" (uit PAEW)

... ~ *the beans*, die aap uit die mou laat ...

Artikel 49: "spill" (uit PAEW)

Dit is belangrik dat die aanduiding van register nie net konsekwent sal geskied nie, maar ook dat alle gevalle waar die register van die idiome nie neutraal is nie, aan die woordeboekgebruiker uitgewys sal word met behulp van etikette, glosse of konteks- of koteksleiding.

Soos reeds genoem in 4.3.6 is dit meestal net die brontaalitems wat in GW en PAEW gemerk word, terwyl doeltaalitems oor die algemeen ongeëtiketeer gelaat word. In 'n poging om woordeboekgebruikers te help om nie net kommunikatiewe ekwivalensie te bereik nie, maar ook registerekwivalensie, is dit egter belangrik dat die register van die doeltaalitems ook vir die woordeboekgebruiker aangedui sal word. Veral vanuit 'n vertalersoogpunt is dit belangrik dat register aangedui sal word. Indien daar van die vertaler verwag word om die doelteks formeler of informeler as die bronteks te skryf, is dit byvoorbeeld nodig om te weet watter idiome binne die betrokke tekste en/of kontekste aanvaarbaar sal wees. Dieselfde geld ook vir gevalle waar die register van die bronteks juis behoue moet bly in die doelteks – ook daar is dit belangrik dat daar vir die vertaler aangedui sal word binne watter register die onderskeie vertaalekwivalente gebruik kan word. In artikel 50 kan gesien word hoe die invoeging van registeretikette soos "infml." dit vir vertalers en ander woordeboekgebruikers makliker maak om te kan onderskei watter doeltaalidiome se register nie ooreenstem met dié van die brontaalidroom nie.

... *be at someone's ~ and CALL*, tot iem. se diens wees; iem. se Klaas wees (*infml.*); altyd vir iem. klaar moet staan ...

Artikel 50: "beck" (aangepas uit GW)

5.3 Taalbousels

Die laaste aspek waaraan leksikograwe kan aandag gee in die bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke, is die bewerking van die verskillende tipes taalbousels (opsionele bykomstige taalbousels, opsionele bykomstige negatiewe woorde en alternatiewe bykomstige taalbousels). Dit is belangrik dat leksikograwe 'n stelsel sal hê waarvolgens elk van hierdie onderskeie tipes taalbousels bewerk sal word.

In die geval van opsionele bykomstige taalbousels (sien 4.4.1), soos byvoorbeeld "hele" en "both" in die voorbeelde hieronder (artikel 51 en 52), werk die gebruik van hakies goed. Dit is belangrik dat leksikograwe alle opsionele bykomstige taalbousels pertinent sal merk sodat woordeboekgebruikers dit nie sal aansien vir wesenlike dele van die idioom nie. Deur die opsionele taalbousels tussen hakies te plaas, kan vertalers wat die betrokke idiome moet vertaal duidelik sien watter dele van die idiome wesenlike dele en watter dele opsionele taalbousels is.

spill the ~s, ... met die (hele) mandjie patats uitkom ...

Artikel 51: "bean" (uit PAEW)

... *make (both) ~s MEET*, die tering na die nering sit ...

Artikel 52: "end" (uit GW)

Opsionele bykomstige negatiewe woorde (sien 4.4.2) is nog 'n tipe ekstra waaraan die leksikograaf spesiale aandag behoort te skenk by die aangawe van idiome in tweetalige woordeboeke (Combrink 1989:59). Volgens Combrink is die beste leiding wat 'n tweetalige woordeboek aan sy gebruikers kan gee in dié verband, deur die basiese idioomvorm aan te dui en die bykomstige opsionele element as sodanig aan te dui (1989:60). Dit is daarom belangrik dat woordeboeke net die idioom in sy negatief sal aangee in gevalle waar die idioom slegs in die negatief gebruik kan word of waar die negatief een of meer vertalings het wat nie uit die positiewe aangawe afgelei kan word nie (Combrink 1989:60). Die aangawe van die negatiewe vorm in die

onderstaande artikel is dus onnodig en kan weggelaat word aangesien die woordeboekgebruiker maklik genoeg die negatief vanuit die positiewe aangawe kan aflei.

... *it is no* ~ *of his/hers* dit is nie sy/haar saak nie, dit gaan hom/haar nie aan nie; *s.t. is of no* ~ *to s.o.* iets is vir iemand van geen belang nie; *s.t. is of* ~ *to s.o.* iets is vir iemand van belang ...

Artikel 53: "concern" (uit PAEW)

Die laaste groep bousels waaraan leksikograwe spesiale aandag moet skenk, is die alternatiewe bykomstige taalbousels (sien 4.4.3). Tans word alternatiewe bykomstige taalbousels wel vir die woordeboekgebruiker aangedui, maar die stelsel is baie inkonsekwent – in sommige gevalle word dit aangedui tussen hakies, in ander gevalle met 'n skuinsstreep en in nog gevalle word die alternatiewe van mekaar geskei met die woorde "of" of "or". Hierdie verskillende aanbiedings kan baie verwarrend wees vir gebruikers omdat hulle nie noodwendig gaan beseef dat dit deurgaans dieselfde tipe bousel is wat bewerk word nie. Dit is daarom belangrik dat die leksikograaf die data op so 'n wyse sal aanbied dat die gebruiker (of vertaler) maklik sal kan aflei wat presies dit is wat die leksikograaf probeer weergee en hoe die vertaler die inligting wat aangebied word in die betrokke artikel in sy of haar teks kan of moet gebruik. Dit is dus nodig dat leksikograwe 'n stelsel sal kry vir die bewerking van alternatiewe taalbousels en dat dit konsekwent toegepas sal word dwarsdeur die hele woordeboek. Aangesien die hakies aanbeveel is vir gebruik by opsionele taalbousels, sou dit wenslik wees indien leksikograwe moontlik hier van die skuinsstreep sal gebruik maak om die verskillende alternatiewe aan te dui (die gebruik van "of" of "or" neem te veel plek op). Die verbeterde bewerkings sal dus as volg daar uitsien:

... *have an* ~ *on* *s.t.* 'n oë/die oog op iets hê ...

Artikel 54: "eye" (aangepas uit PAEW)

... *GO to great/all* ~*s.*, alles in jou vermoë doen ...

Artikel 55: "length" (aangepas uit GW)

'n Laaste aspek van alternatiewe taalbousels waaraan leksikograwe moet aandag gee, is om te verseker dat die alternatiewe bousels altyd pertinent aangedui word. Anders as by die idioom "to see something in a certain light" waar dit in PAEW so aangegee word dat dit lyk asof die woord "different" 'n wesentliche deel van die idioom is (artikel 56), terwyl dit eintlik slegs een van verskeie alternatiewe is wat in die idioom gebruik kan word nie.

... *see s.t. in a **different*** ~ iets in 'n ander lig beskou ...

Artikel 56: "light" (uit PAEW)

Die aanbieding van hierdie (sowel as ander soortgelyke) idiome kan dus heelwat verbeter word as daar nie net slegs een van die moontlikhede genoem word nie en as die alternatiewe boonop aangedui word as slegs alternatiewe en nie wesentliche dele nie. Die verbeterde bewerking van hierdie idioom sal dus as volg lyk:

... *see s.t. in a **different/bad/good*** ~ iets in 'n ander/slegte/goeie lig beskou ...

Artikel 57: "light" (aangepas uit PAEW)

Sodoende word die idioom se alternatiewe taalbousels gelys en word die bewerking van die idioom wesentlik verbeter. 'n Vertaler wat nou gekonfronteer word met die idioom "to see something in a bad light" en dit vervolgens moet vertaal, sal nou maklik kan aflei wat die korrekte vertaalekwivalent vir die betrokke idioom is.

5.4 Ten slotte

In die onderstaande artikels kan gesien word hoe die bewerking van idiome verbeter kan word deur gebruik te maak van die voorstelle wat in hierdie hoofstuk gemaak is. Artikel 58 is die oorspronklike artikel soos dit aangetref word in GW en artikel 59 is die verbeterde artikel met pyle en annotasies om die verskillende verbeterings uit te wys.

ball², (n) koeël (geweer); bal, bol; kluit; oogappel; muis (van duim); *ADDRESS the ~*, korrelvat (*gholf*); *~ of the FOOT*, kussinkie (muis) v.d. voet; *HAVE the ~ at one's feet*, die spel in hande hê; op die punt staan om te slaag; *KEEP the ~ rolling*, die spel (die saak) aan die gang hou; *NEW ~*, (*cr.*), nuwe bal; *NO ~*, (*cr.*), foutbal; *be ON the ~*, wakker, byderhand (gereed) wees; *PROVISIONAL ~*, (*golf*), voorlopige bal; *PUT the ~ in the other court*, die verantwoordelikheid op jou teenstander skuif; *SET (START) the ~ rolling*, aan die gang sit, die baan open, die bal aan die rol sit, iets op tou sit, die eerste stoot gee, 'n klip aan die rol sit; *~ and SOCKET*, bolskarnier; *the ~ is WITH you*, dis jou beurt; (v) tot 'n bal vorm; bal.

Artikel 58: "ball²" (Uit GW)

ball², (n) koeël (geweer); bal, bol; kluit; oogappel; muis (van duim); *ADDRESS the ball*, korrelvat (*gholf*); *ball of the FOOT*, kussinkie (muis) v.d. voet; *NEW ball*, (*cr.*), nuwe bal; *NO ball*, (*cr.*), foutbal; *PROVISIONAL ball*, (*golf*), voorlopige bal; *ball and SOCKET*, bolskarnier.

IDM. *HAVE the ball at one's feet*, die spel in hande hê; op die punt staan om te slaag*; *KEEP the ball rolling*, die saak aan die gang hou, die spel aan die gang hou (*let.*); *be ON the ball* (*inf.*), op jou kop wees (*infml.*), (op en) wakker (*infml.*), byderhand/gereed wees*; *PUT the ball in the other court*, die verantwoordelikheid op jou teenstander skuif; *SET/START the ball rolling*, aan die gang sit, die baan open, die bal aan die rol sit, iets op tou sit, die eerste stoot gee, 'n klip aan die rol sit; *the ball is WITH you*, dis jou beurt; (v) tot 'n bal vorm; bal.

Die kitstoegangstruktuur word verbeter deur idioome in 'n aparte teksblok aan te bied en te merk met 'n struktuurmerker.

in Gevalle waar daar slegs surrogaatekwivalente verskaf is, maar daar tog geskikte DT-idiome bestaan, is die idioome ingesluit. DT-idiome is eerste gelys, en surrogaatekwivalente daarna.

Registerekategorie is verskaf in die BT sowel as die DT.

Alternatiewe taalbousels van mekaar geskei m.b.v. skuinsstrepe.

Kollokasies en idioome van mekaar geskei.

'n Onderskeid word getref tussen letterlike en nie-letterlike idioome.

Opsionele taalbousels aangedui tussen hakies.

Surrogaatekwivalente aangedui met 'n asterisk.


Idioome bewerk as sublemmas en gemeenskaplike element volledig uitgeskryf en nie deur 'n tilde vervang nie.

Artikel 59: "ball²" (Aangepas uit GW)

Soos gesien kan word bestaan daar heelwat moontlikhede en maniere waarop die huidige bewerking in tweetalige woordeboeke aangepas kan word om gebruikersvriendeliker te wees en boonop vertalers te help om vinniger en makliker by die korrekte vertaalekwivalent vir 'n betrokke idioom binne 'n spesifieke teks of konteks uit te kom.

Dit is egter belangrik dat leksikograwe ook sal aandag gee aan die voortekste-afdeling van die woordeboek en dat daar aan woordeboekgebruikers 'n omvattende en bruikbare toeligtingstekst verskaf sal word wat verduidelik presies hoe die lemmas, sublemmas en ook idiome, in die woordeboek bewerk word en waarvoor die onderskeie struktuurmerkers, hakies, skuinsstreepe, ens. staan.

Sodoende kan leksikograwe daarin slaag om vertalers en ander woordeboekgebruikers te help om idiome met groter sukses te vertaal.



Hoofstuk 6

SLOT

"Every other author may aspire to praise; the lexicographer can only hope to escape reproach ..."

~ Samuel Johnson in McAdam & Milne 1963:3

6.1 Samevatting

Die vertaling van idioome is iets wat selfs nog meer problematies is as die vertaling van los woorde of sinne en is iets waarmee alle vertalers van tyd tot tyd gekonfronteer word en probleme ondervind.

Vertalers sal altyd afhanklik wees van woordeboeke as hulpbron by die resepsie, oordrag en produksie van tekste (Crafford 2005:80). Tog maak die swak aanbieding en bewerking van veral idioome in tweetalige woordeboeke dit vir vertalers dikwels baie moeilik om idioome korrek te vertaal. Die moderne leksikografie word deesdae gedomineer deur 'n gebruikersgeoriënteerde benadering (Gouws & Prinsloo 2005:25). Die hipotese wat aan die begin van hierdie studie gemaak is, blyk dus waar te wees en dit is duidelik dat tweetalige woordeboeke nie 'n voldoende hulpmiddel is vir professionele vertalers wat gekonfronteer word met die vertaling van idioome nie.

Idioome is gewoonlik veral problematies omdat dit vaste uitdrukkinge is waarvan die betekenis nie net afgelei kan word vanuit die betekenis van die idioom se onderskeie samestellende dele nie (Wikipedia 2005). Die idioom moet dus as 'n volledige bewerkingsseenheid behandel word in die woordeboek om vertalers te kan help om die boodskap van die idioom in die brontaal korrek te kan oordra na die doeltaal. Dit is voorts ook belangrik dat leksikograwe sal aandag gee aan die bewerking van idioome ten opsigte van ekwivalensie en register. Deur hierdie verbeterings aan te bring, sal leksikograwe daarin slaag om tweetalige woordeboeke te laat voldoen aan die vereistes wat professionele vertalers aan woordeboeke stel wat betref die

vertaling van idiome en sorg dat tweetalige woordeboeke 'n beter hulpmiddel word vir vertalers.

Dit is nodig dat leksikograwe bewus sal wees van die behoeftes wat vertalers het rakende tweetalige woordeboeke en ook hierdie behoeftes in ag sal neem tydens die samestelling van die woordeboeke. In hoofstuk 5 is 'n aantal tentatiewe voorstelle gemaak vir 'n model vir dié verbeterde bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke. Indien dit vir leksikograwe belangrik is dat tweetalige woordeboeke aan gebruikersbehoefte (en spesifiek die van vertalers) wil voldoen, sal dit wenslik wees om meer aandag te skenk aan die bewerking van idiome in sodanige woordeboeke.

6.2 Voorstelle vir verdere navorsing

Suid-Afrika is 'n leier op die gebied van tweetalige leksikografie en baie navorsing is reeds in dié land gedoen oor tweetalige woordeboeke in Engels en Afrikaans (Crafford 2005:82), maar soos Crafford ook terselfdertyd noem, bestaan daar nog nie 'n woordeboek wat spesifiek en eksplisiet op die behoeftes van professionele vertalers in Engels en Afrikaans gerig is nie (2005:82). Die voorstelle wat in hoofstuk 5 gemaak is rakende die verbeterde bewerking van idiome, is verkennend van aard en daar word aanbeveel dat die saak verdere aandag onder navorsers geniet.


Daar word eerstens aanbeveel dat leksikograwe ordentlik sal onderskei tussen idiome, vaste uitdrukkings en voorbeeldsinne en die onderskeie kategorieë ook as sodanig sal bewerk in tweetalige woordeboeke.

Tweedens word aanbeveel dat die voorgestelde model vir die verbeterde bewerking van idiome in tweetalige woordeboeke wat aangetref word in hoofstuk 5 met behulp van verdere navorsing verbeter en uitgebrei word ten einde uiteindelik in 'n tweetalige woordeboeke geïmplementeer te kan word.

Laastens word aanbeveel dat die model aan vertalers voorgelê word vir beoordeling en terugvoering. Aangesien vertalers daagliks gekonfronteer

word met idioome en die probleme rondom die vertaling daarvan, sal hulle ook waardevolle bydraes kan lewer ten einde te verseker dat die eindproduk wat uiteindelik in tweetalige woordeboeke aangetref word werklik aan die gebruikers se behoeftes voldoen en as hulpmiddel dien vir vertalers.

Daar word ook aanbeveel dat soortgelyke navorsing gedoen word rondom die verbeterde aanbieding van kollokasies en ander vaste uitdrukkings in tweetalige woordeboeke, ten einde vertalers en ander gebruikers ook op daardie gebied te help.



BRONNELYS

Woordeboeke geraadpleeg

- DE VILLIERS, M. EN GOUWS, R.H. 1988. *Idiomewoordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- EKSTEEN, L.C. 1997¹⁴. *Groot woordeboek*. Kaapstad: Pharos.
- FREEMAN, W. 1973. *A concise dictionary of English idioms*. Londen: Hodder and Stoughton.
- JOUBERT, P.A. 1997. *Tweetalige frasewoordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- KIRKPATRICK, E.M. EN SCHWARZ, C.M. 1982. *Chambers idioms*. Edinburgh: Chambers.
- LABUSCHAGNE, F.J. EN EKSTEEN, L.C. 1992⁸. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Pretoria: JL van Schaik.
- ODENDAL, F.F. EN GOUWS, R.H. 2000⁴. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.
- Pharos Afrikaans-Engels woordeboek*. 2005. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- SCHOONEES, P.C. ET AL. 1972. *Die Afrikaanse woordeboek, Deel 4: H-I*. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Bronne geraadpleeg vir idiomefrekwensielys

- Cape Times*. 2005. 20 April.
- Fairlady*. 2005. Junie.
- Fairlady*. 2005. Mei.
- You Magazine*. 2005. 12 Mei.
- You Magazine*. 2005. 21 April.
- You Magazine*. 2005. 28 April.

Ander bronne

- AL-KASIMI, A.M. 1977. *Linguistics and bilingual dictionaries*. Leiden: E.J. Brill.

- ARNOLD, D.J.** 1995. *Multiword units: idioms and collocations*. [Intyds].
Beskikbaar www.essex.ac.uk/linguistics/clmt/MTbook/HTML/node55.html
(24 Februarie 2005)
- BAKER, M.** 1992. *In other words: A coursebook on translation*. Londen:
Routledge.
- BENSON, M.** 1985. Collocations and idioms. In: Ilson, R. (red.) *Dictionaries, lexicography and language learning*. Oxford: Pergamon Press: 61-68.
- BENTIVOGLI, L. EN PIANTA, E.** s.j. *Detecting hidden multiwords in bilingual dictionaries*. [Intyds]. Beskikbaar
<http://tcc.itc.it/people/pianta/publications/euralex-collocations02.pdf>
(24 Februarie 2005).
- BOTHA, R.P., KROES, G. EN WINCKLER, C.H.** 1994. *Afrikaanse idiome en ander vaste uitdrukkings*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- BOTHA, T.J.R.** 1989. *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark: Serva Uitgewers.
- CARSTENS, A.** 1990. Die komposisionale beginsel en die grammatika van Afrikaans. Doktorale Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.
- CHESTERMANN, A.** 1998. Reviews: Hans J. Vermeer. A Skopos Theory of Translation. In: *Target* 10(1): 155-159.
- COMBRINK, J.G.H.** 1989. Wesenlike elemente, ekstras en vulsels in die aangawe van idiome in tweetalige woordeboeke. In: Botha, T.J.R. (red.) *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark: Serva Uitgewers: 55-77.
- COMPLETE TRANSLATION.** 2005. *Slang and idioms*. [Intyds]. Beskikbaar
www.completetranslation.com/idioms.htm (24 Februarie 2005).
- COWIE, A.P.** 1981. The treatment of collocations and idioms in learners' dictionaries. In: *Applied linguistics* 2: 223-235.
- CRAFFORD, M.F.** 2005. Vertalers en hul bronne: die behoefte aan 'n vertaalwoordeboek met Engels en Afrikaans as behandelde taalpaar. MPhil-tesis. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- CRUSE, D.A.** 1986. *Lexical semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- FEINAUER, A.E.** 2004. Klasbespreking. 16 Maart, Stellenbosch.
- FERNANDO, C.** 1996. *Idioms and idiomaticity*. Oxford: Oxford University Press


- FERNANDO, C. EN FLAVELL, R.** 1981. *On idiom – critical views and perspectives*. Exeter: Universiteit van Exeter.
- FRASER, J.** 1999. *Translation theory and practice – seminars*. [Intyds].
Beskikbaar: www.europa.int/comm/translation/theory/ (22 April 2004).
- GAUTON, R.** 2002. Bilingual Zulu dictionaries and the translation of culture. Referaat aangebied Afrilex-Kongres. Grahamstad.
- GHAZALA, H.** 2003. Idiomaticity between evasion and invasion in translation. In: *Babel* 49(3): 203-228.
- GOUWS, R.H.** 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.
- GOUWS, R.H.** 1992. Kommunikatiewe ekwivalensie in vertalende woordeboeke – 'n probleem vir die vertaler. In: *South African journal of linguistics* 10(1): 37-42.
- GOUWS, R.H.** 1996. Idioms and collocations in bilingual dictionaries and their Afrikaans translation equivalents. In: *Lexicographica* 12: 54-88.
- GOUWS, R.H.** 1996a Bilingual dictionaries and communicative equivalence for a multilingual society. In: *Lexikos* 6: 14-31.
- GOUWS, R.H.** 2000. *Fokus op leksikografie*. Stellenbosch: Content Solutions Online.
- GOUWS, R.H.** 2002. Afrikaans 348. Leksikografie: Ekwivalentverhoudinge in vertalende woordeboeke. Ongepubliseerde klasnotas.
- GOUWS, R.H.** 2005. Issues regarding the comment on semantics in bilingual dictionaries dealing with closely related languages. In: *Germanistische Linguistik* 179 – *Konstrative Lexikologie und zweisprachige Lexicographie*. Hildesheim: Georg Olms Verlag: 39-56.
- GOUWS, R.H.** 2005a. Left-expanded article structures in Bantu with special reference to IsiZulu and Sepedi. In: *International Journal of Lexicography* 18(1): 25-46.
- GOUWS, R.H. EN PRINSLOO, D.J.** 2005. Left-expanded article structures in Bantu with special reference to isiZulu and Sepedi. In: *International journal of lexicography* 18(1): 25-46.
- GOUWS, R.H. EN PRINSLOO, D.J.** 2005a. *Principles and practice of South African lexicography*. Stellenbosch: African Sun Media.

- GOUWS, R.H., PRINSLOO, D.J. EN DE SCHRYVER, G.M.** 2004. Friends will be Friends – True of False. Lexicographic approaches to the treatment of false friends. In: *Proceedings of the eleventh EURALEX congress*. Lorient: Université de Bretagne-Sud: 797-806.
- HALVERSON, S.** 1997. The concept of equivalence in Translation Studies: much ado about something. In: *Target 9(2)*: 207-233.
- HARVEY, K.** 1998. Compensation and the brief in a non-literary translation: theoretical implications and pedagogical applications. In: *Target 10(2)*: 267-289.
- HATIM, B.** 2001. *Teaching and researching translation*. Londen: Longman.
- HATIM, B. EN MASON, I.** 1990. *Discourse and the translator*. New York: Longman.
- HERMANS, T.** 1994. Disciplinary objectives: the shifting grounds of translation studies. In Nistal, P.F. en Gozalo J.M.B. (Reds.). 1994. *Perspectivas de la traducción Inglés/Español. Tercer curso superior de traducción*. Valladolid: Instituto de Gencas de la Educació, Universidad de Valladdid: 9-25.
- HJØRNAGER PEDERSEN, V.** 1997. Description and criticism: some approaches to the English translations of Hans Christian Andersen. In: Trosberg, A. (Red.) *Text Typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins: 99-113.
- HUMBLÉ, P.** 2001. *Dictionaries and language learning*. Frankfurt am Main: Haag & Herden.
- IPSEN, G.** 1997. Introduction to linguistics. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.uni-kassel.de/fb8/misc/lfb/html/text/6-3frame.html> (27 September 2005).
- JEFFREY, C.** 2005. Re: *idioms*. E-pos aan R.H. Gouws [Intyds], 18 April. Beskikbaar E-pos: rhg@sun.ac.za (6 Mei 2005).
- LEONARDI, V.** 2000. Equivalence in translation: between myth and reality. In: *Translation journal 4(4)*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://accurapid.com/journal/14equil.htm> (6 Augustus 2001).
- LOUW, P.A. EN GOUWS, R.H.** 1996. Lemmatiese en nielemmatiese adressering in Afrikaanse vertalende woordeboeke. In: *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde 14(3)*: 92-100.

- MARTIN, S.E.** 1962. Selection and presentation of ready equivalents in a translation dictionary. Householder, F.W. en Saporta, S. (reds.) *Problems in lexicography*. Bloomington: Indiana University Press: 153-159.
- MCADAM, E.L. EN MILNE, G.** 1963. *Johnson's Dictionary: A modern selection*. Londen: Papermac.
- MCARTHUR, T.** 1986. *Worlds of reference*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MUNDAY, J.** 2001. *Introducing translation studies: theories and applications*. Londen: Routledge.
- NAUDÉ, J.A.** 2000. The Schocken Bible as source-orientated translation: description and implications. In: *Acta theologica 20(1)*: 1-33.
- NEUBERT, A.** 1985. *Text and translation*. (Übersetzungswissenschaftliche Beiträge 8). Leipzig: Enzyklopädie.
- NEUBERT, A. EN SHREVE, G.M.** 1992. *Translation as text*. Kent: The Kent State University Press.
- NEWMARK, P.** 1982. *Approaches to translation*. Oxford: Pergamon Press.
- NEWMARK, P.** 1991. *About translation*. Clevedon: Multilingual Matters.
- NEWMARK, P.** 1998. *More paragraphs on translation*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.
- NIDA, E.A.** 1964. *Toward a science of translating*. Leiden: E.J. Brill.
- NORD, C.** 1991. *Text analysis in translation*. Amsterdam: Rodopi.
- NORD, C.** 1997a. A functional typology of translations. In Trosberg, A. (red.) *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins:
- NORD, C.** 1997b. *Translating as a purposeful activity – functionalist approaches explained*. Manchester: St Jerome.
- NORD, C.** 2001. Loyalty revisited. Bible translation as a case in point. In: *The translator 7(2)*: 185-202.
- PICARD, J.H.** 1988. *Vertalers en vertalings*. Pretoria: Serva-Uitgewers.
- PINCHUCK, I.** 1977. *Scientific and technical translation*. Londen: Andre Deutsch Ltd.
- PRINSLOO, A.F.** 2004. *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.

- ROBERTS, R. EN MARTIN-RUTLEDGE, V.** s.j. *Dictionary use strategies for translators*. [Intyds]. Beskikbaar: www.dico.uottawa.ca/articles-en.htm (30 Mei 2005).
- SCHÄFFNER, C.** 1997. Translation studies. In: Östman, J.O. et al. (reds.) *Handbook of pragmatics*. Amsterdam and Philadelphia: John Benjamins:1-14.
- SCHMID, A.** 1989. Wörterbücher als Hilfe zur Übersetzung von Phraseologismen. In: Snell-Hornby, M. (red.) *Translation and lexicography*. Missouri: Paintbrush: 121-127.
- SHUTTLEWORTH, M. EN COWIE, M.** 1997. *Dictionary of translation studies*. Manchester: St. Jerome Publishing.
- SNELL-HORNBY, M.** 1992. Word against text: lexical semantics and translation theory. In: Thelen, M. en Lewandowska-Tomazczyk (reds.). *Translation meaning part 2*. Maastricht: Rijkhogeschool Faculty of Translation and Interpreting: 97-104.
- SORVA, E.** 2002. Equivalence in Translation of Nursery Rhymes: Observations on Translations by four Finnish Writers. *Studies at the interface of translation and culture*. [Intyds]. Beskikbaar: www.eng.helsinki.fi/main/sitcu/papers/elina.htm (12 April 2005).
- SVENSÉN, B.** 1993. *Practical lexicography: principles and methods of dictionary-making*. Oxford: Oxford University Press.
- TARP, S.** 2000. Theoretical challenges to practical specialised lexicography. In *Lexikos 10*: 189-208.
- TARP, S.** 2004. Basic problems of learner's lexicography. In *Lexikos 14*: 222-252.
- TROSBORG, A.** 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- TROSBORG, A.** 2000. Discourse analysis as part of translator training. In: *Current issues in language and society* 7(3). [Intyds]. Beskikbaar: www.channelviewpublications.net/cils/007/0185/cils0070185.pdf (12 April 2005).
- ULRYCH, M. EN BOSINELLI, R.M.B.** 1999. The State of the Art in Translation Studies. An Overview. In: *Textus. English studies in Italy XII(2)*: 219-241.

- VERMEER, H.J.** 1998. Starting to unask what translatology is about. In: *Target 10(1)*: 41-68.
- WALKER, A.K., KRUGER, A. EN ANDREWS, I.C.** 1995. Translation as transformation: A process of linguistic and cultural adaptation. In: *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde. Supplement 26*: 99-115.
- WEISS, J.** 2004. *The tricky business of translation: Idiom's delight*. [Intyds].
Beskikbaar: www.devel.lyx.org/translation_hints.php3 (24 Februarie 2005).
- WIKIPEDIA.** 2005. *Idiom*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://en.wikipedia.org/wiki/idioms> (3 Oktober 2005).
- WILSS, W.** 1982. *The science of translation*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.




BYLAE 1: FREKWENSIELYS VAN IDIOME

Hierdie idiomelys is saamgestel uit algemeen gebruikte idiomene wat in die tydskrifte *You Magazine* en *Fair Lady* en in die dagblad *The Cape Times* aangetref is. Vir die samestelling van die frekwensielys is 1 kopie van *The Cape Times*, 2 kopieë van *Fair Lady* en 3 kopieë van *You Magazine* tussen April en Junie 2005 geraadpleeg. Die idiomene wat in die tydskrifte en koerant aangetref is, is opgeteken in die onderstaande lys en die aantal kere wat die betrokke idiomene aangetref is, is aangegee as die frekwensie. Die meeste van die voorbeelde wat in hoofstuk 4 en 5 gebruik word, kom uit hierdie frekwensielys (die artikelnummers waar hulle aangetref kan word, word in kolom 4 aangedui).

Nr	Idiom	Frekwensie	Artikelnummer
1	have/keep an eye on something	9	8, 21, 23, 37, 40, 54
2	go to great lengths	4	1, 2, 11, 24, 43, 55
3	the key to something	3	
4	spill the beans	3	7, 14, 15, 48, 49, 51
5	rub shoulders with someone	3	
6	put something behind you	3	
7	pick up the pieces of something	3	
8	pave the way for something/someone	3	22
9	make ends meet	3	25, 52
10	have peace of mind	3	12, 43
11	bring home the bacon	3	3, 4, 13, 27, 29, 30, 33, 34, 35
12	something/nothing to write home about	3	16, 17
13	turn back the clock	2	
14	throw in the towel	2	9
15	something is under fire	2	
16	something goes down the drain	2	
17	something catches the eye	2	
18	spread your wings	2	
19	someone breaks down	2	10, 41
20	something/someone is out of this world	2	
21	someone is a die-hard	2	
22	set foot	2	
23	see something in a certain light	2	26, 56, 57
24	put something through its paces	2	
25	lose sight of something	2	
26	in the eyes of someone	2	
27	get a kick out of something	2	
28	do your homework	2	
29	brush up on something	2	
30	break up	2	
31	break someone's heart	2	

32	be the apple of someone's eye	2	5, 6
33	be in step with something	2	
34	be in line for something	2	36
35	be head over heels	2	
36	be at someone's beck and call	2	50
37	be a gold-digger	2	
38	be a breadwinner	2	
39	a slap in the face	2	
40	wipe your slate clean	1	
41	wing your way to...	1	
42	win someone's heart	1	
43	what are the odds	1	
44	wash your hands of someone	1	38, 39
45	walk out on someone	1	
46	under the skin	1	
47	turn on your heel	1	
48	try your luck at something	1	
49	track someone down	1	
50	toe the line	1	
51	tip the scales	1	
52	thumb your nose at something	1	
53	throw caution to the wind	1	
54	that something into account	1	
55	talk about everything under the sun	1	
56	take turns	1	
57	sweep the board	1	
58	strike a chord with someone	1	
59	strike a blow	1	
60	stir up something	1	
61	stick your neck out	1	
62	stick to your guns	1	
63	step out of line	1	
64	steer clear of something	1	
65	steal the show	1	
66	start the ball rolling	1	58, 59
67	stand your ground	1	
68	stand the test of time	1	
69	stake your claim to something	1	
70	stab someone in the back	1	
71	someone's bottom drops out	1	
72	something/someone is at its lowest ebb	1	
73	something goes haywire	1	
74	something is out of bounds	1	
75	something is worth its weight in gold	1	
76	something spurs someone on	1	
77	something is weighed down heavily	1	
78	something is under way	1	
79	something is hard to swallow	1	
80	something is for the record	1	
81	something is for the best	1	
82	something is at stake	1	
83	something/someone is a sight for sore eyes	1	

84	something is a burden	1	
85	something is a blot in someone's copybook	1	
86	something has room for improvement	1	
87	something happens with a bang	1	
88	something gets out of hand	1	
89	something dies down	1	
90	something comes out of the blue	1	
91	something centres on something	1	
91	something boils down to something	1	
93	someone's flesh and blood	1	
94	someone's blood boils	1	
95	someone's best bet	1	
96	someone plays up	1	
97	someone is on the run	1	
98	something is half-baked	1	
99	somoene is branded	1	
100	something is a hat-trick	1	
101	someone has a heart	1	
102	someone burns out	1	
103	slumber in the bowels of something	1	
104	sitting pretty	1	
105	sit on the fence	1	
106	show your true colours	1	
107	shop around for something	1	
108	shell someone out	1	
109	shed light on something	1	
110	shake off something	1	
111	set your sights on something	1	
112	set the record straight	1	
113	see through something	1	
114	see eye to eye	1	
115	say something in a nutshell	1	
116	save the day	1	
117	run out of steam	1	
118	run out of something	1	
119	rule something out	1	
120	rough something out	1	
121	red tape	1	
122	put something to the test	1	
123	put something in your pocket	1	
124	put somoene to shame	1	
125	put a noose around someone's neck	1	
126	pur your money where your mouth is	1	
127	pull wool over someone's eyes	1	
128	pull the strings	1	
129	pull out all the stops	1	
130	pride yourself on something	1	
131	play your cards close to your chest	1	
132	play ball with something	1	
133	paths cross again	1	
134	open the door the something	1	
135	on the other hand	1	



136	on all sides	1	
137	not put a foot wrong	1	
138	never say die	1	
139	make your mark	1	
140	make waves	1	
141	make peace with something	1	
142	make a name for oneself	1	
143	lose track of something	1	
144	look after your own interests	1	
145	lock, stock and barrel	1	
146	live up to something	1	
147	line someone's pockets	1	
148	let your hair down	1	
149	let off steam	1	
150	let down your guard	1	
151	leave something/someone behind	1	
152	leave a bad taste in the mouth	1	
153	lead someone a merry dance	1	
154	knock something on the head	1	
155	keep your options open	1	
156	keep track of someone/something	1	
157	keep the peace	1	
158	keep something bottled inside	1	
159	keep someone in the dark	1	
160	jump the gun	1	
161	in the long run	1	
162	hold someone on a pedestal	1	
163	hide something under a bushel	1	
164	have your hands full	1	
165	have your cake and eat it	1	
166	have the ear of someone	1	
167	have the best start in life	1	
168	have something for starters	1	
169	have no strings attached	1	
170	have no question about something	1	
171	have free rein	1	
172	have an air of something	1	
173	have aches and pains	1	
174	have a soft spot for something	1	
175	have a skeleton in the closet	1	
176	have a sharp/forked tongue	1	
177	have a roof over your head	1	
178	have a fresh start	1	
179	have a close brush with death	1	
180	go overboard with something	1	
181	go into something with open eyes	1	
182	go from strength to strength	1	
183	give someone gooseflesh	1	
184	give someone a brush-off	1	
185	give someone a break	1	
186	get your just deserts	1	
187	get the better of someone	1	

188	get something off your chest	1	
189	get someone over a barrel	1	
190	get in hot water	1	
191	get a load of something	1	
192	get a bum deal	1	
193	from the top of someone's head	1	
194	from the bottom of someone's heart	1	
195	find your feet	1	
196	feel the pinch of something	1	
197	fall short of something	1	
198	fall for something/someone	1	
199	face up to something	1	
200	early days	1	
201	don't count your chickens before they've hatched	1	
202	do wonders with something	1	
203	do something half-heartedly	1	
204	dig in your heels	1	
205	cross swords with someone	1	
206	crack down on something	1	
207	come to terms with something	1	
208	come of age	1	
209	come full circle	1	
210	chop and change something	1	
211	call the shots	1	
212	burn your fingers	1	
213	bump up a price	1	
214	bring something out in the open	1	
215	break the news to someone	1	
216	break the bank	1	
217	break off a relationship	1	
218	blind yourself to something	1	
219	blend in with	1	
220	below the belt	1	
221	beauty is in the eye of the beholder	1	
222	beat someone to it	1	
223	be tough as nails	1	
224	be tongue-in-cheek	1	
225	be the life of something	1	
226	be subjected to something	1	
227	be sick and tired of something	1	
228	be prey to something	1	
229	be on the brink of something	1	
230	be like chalk and cheese	1	
231	be level-headed	1	
232	be in tune with something	1	
233	be in the thick of something	1	
234	be in the same boat	1	
235	be down to earth	1	
236	be cap in hand about something	1	
237	be bursting at the seams	1	
238	be brimming with something	1	
239	be bowled over by someone/something	1	

240	be at the threshold of something	1	
241	be at the helm of something	1	
242	be all ears	1	
243	be a stick in the mud	1	
244	be a bit bonkers	1	
245	at the drop of a hat	1	
246	at the crack of dawn	1	
247	all roads lead to Rome	1	
248	air a view	1	
249	a quick buck	1	
250	a penny for someone's thoughts	1	
251	(beauty) is skin deep	1	

